

Opvoedersekuriteit en sportafrigting by skole:

'n Onderwysregtelike perspektief

Thomas B. Doubell

20391447

Verhandeling voorgelê vir die graad

Magister Educationis in Onderwysreg

aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit.

Studieleier: Prof J.P. Rossouw

Medestudieleier: Mnr K. Karstens

Potchefstroom
2012

HULDIGING

Ek dra graag hierdie studie op aan

Carel Petrus Johannes Strydom

30-01-1998 ~ 18-10-2011

Hy was 'n seun wat my geleer het dat 'n mens elke dag van jou lewe voluit moet leef. Dit is seuns soos hy wat die onderwys die moeite werd maak.

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende persone:

- My vrou, Sanet, vir al haar ondersteuning en aanmoediging deur al die tye. Dit is wat my in baie tye gedra het. My twee kinders, Henro en Mia, wat nooit omgee het om hulle pa te deel nie. Ek is baie lief vir julle.
- My ouers, Tommy en Annetjie Doubell en Rehan en René Mitton, vir al julle ondersteuning aan my tydens my studie.
- My studieleiers, prof J.P. Rossouw en mnr Kassie Karstens. Ek sal die sessies wat ons gehad het nooit vergeet nie. U bekwame leiding tydens my studie het my baie gehelp en daarvoor bedank ek u graag.
- Jurie Geldenhuys en my kollegas wat altyd so baie omgee en my deurentyd ondersteun het.
- Heleen Saaiman wat my gehelp het met die taalversorging. Jou professionele ondersteuning en wyse van werk was van onskatbare waarde.
- Anneke Coetzee vir die noukeurige nagaan van die bronnelys.
- Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir die befondsing van hierdie studie deur 'n beurshouer-gekoppelde toekenning binne die navorsingsprojek *Opvoedersekuriteit en opvoederregte*.
- Al my kollegas in die onderwys wat deelgeneem het aan die studie. Julle insette was vir my insiggewend.
- Die Hemelse Vader wat my die krag gegee het om dit te kan doen.

OPSOMMING

Sport by skole is 'n verlengstuk tot die opvoeding van die kind, en in die meeste goed funksionerende openbare skole vind sportafrigting wel plaas. Sekere kommerwekkende gebeure rakende die onderwysers se regs aanspreeklikheid tydens die afrigting van sport het hierdie studie genoodsaak. Die klem van hierdie studie fokus op die sekuriteit en veiligheid van 'n opvoeder, veral tydens die afrigting van sport. In die studie is daar na opvoeders verwys in hulle rolle as sportafrigters, wedstrydbeamptes en administrateurs by skole.

Hierdie navorsing val binne die vakgebied Onderwysreg en die opvoeders se sekuriteit en veiligheid word onder andere vanuit 'n gemeenregtelike perspektief bespreek. Om die studie geldig te maak, is al die rolspelers wat by sportafrigting by die skole betrokke is, by die studie ingesluit.

Die Grondwet, onderwyswetgewing, beroepsveiligheid en -gesondheidswetgewing, tersaaklike regspraak en die gemene reg is as regs determinante ontleed. Daar is veral in die bespreking van die gemene reg gefokus op deliktuele aanspreeklikheid as regs determinant.

In die studie is 'n kwalitatiewe ondersoek na opvoeders se persepsies gedoen. Daar is gefokus op deelnemers in die onderwys in 'n spesifieke geografiese area is, en die hele spektrum van rolspelers is betrek. Een prominente bevinding van die studie is dat opvoeders gretig is om meer inligting oor die regs aspekte rakende sportafrigting te bekom. Dit is vir die meeste deelnemers 'n onbekende veld en hulle is van mening dat indien hulle meer ingelig is, dit 'n groot bydrae sal lewer tot hulle eie veiligheid en sekuriteit, sowel as dié van leerders.

Die sentrale tema van die studie is die sekuriteit en veiligheid van die opvoeders. Die deelnemers is daarvan oortuig dat daar in die opleiding van afrigters groter klem geplaas moet word op die uitbou van regs kennis. Opvoeders het 'n passie vir die afrigting van sport en die klem is op die ontwikkeling van die leerder.

Sleutelbegrippe:

Veiligheid, sekuriteit, onderwysreg, opvoeders, sportafrigting, menswaardigheid, leerders, beheerliggaam, gemene reg, deliktuele aanspreeklikheid, handeling, onregmatigheid, skuld, skade, kousaliteit, nalatigheid.

SUMMARY

Sport in schools is an extension to the education of the child, and in most well functioning public schools coaching does takes place. Some troubling incidents concerning educators' legal accountability during sport coaching necessitated this research. The focus of this study is on the safety and security of educators, especially during sport coaching. This study pays attention to educators in their positions as sport coaches, match officials and administrators at schools.

This research falls within the field of Education Law and the educators' security and safety are discussed from, amongst others, a common law perspective. To enhance the validity of the study, all the role players involved in school sport coaching are included.

The Constitution, education legislation, occupational and health legislation, relevant case law and common law as legal determinants have been analysed. In the discussion of the common law the focus was on delictual liability as legal determinant.


The study was a qualitative investigation of educators' perceptions. It was focused on participants in education in a specific geographic area, and the entire spectrum of stakeholders are involved. One prominent finding of the study is that educators are eager to learn more about the legal aspects of sports coaching. For most participants it is an unknown field and they think that if they are better informed, it can make a major contribution to their own safety and security, as well as those of learners.

The central theme of the study the security and safety of teachers. The participants are convinced that in the training of coaches greater emphasis should placed on the development of legal knowledge. Educators have a passion for coaching sports and the emphasis is on developing the learner.

Key Concepts

Safety, security, education law, educators, sports coaching, human dignity, learners, governing body, common law, delictual liability, act, wrongfulness, fault, damage, causation, negligence.

PLEGTIGE VERKLARING: STUDENT EN STUDIELEIER



PLEGTIGE VERKLARING

Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek **Thomas B. Doubell** die ondergetekende dat die skripsie/verhandeling/ proefskrif getiteld,

Opvoedersekuriteit en sportafrigting by skole: 'n onderwysregtelike perspektief

wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, ter voldoening / gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die M.Ed.-graad, hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student: Doubell Universiteitsnommer **20391447**

Geteken te Potchefstroom hierdie 17 dag van November 2011

Verklaar voor my hierdie 17 dag van November 2011.

Kommissaris van Ede: M. Z. Mathibane



LET WEL: Indien 'n student se skripsie/verhandeling/proefskrif na die sperdatum vir indiening ingedien is, is die tydperk vir eksaminering beperk. Geen waarborg kan daarom gegee word dat (sou die eksaminatorsverslae positief wees) die graad by die eerskomende gradeplegtigheid toegeken sal word nie. Dit mag ook beteken dat die student vir die volgende akademiese jaar moet herregistreer.

Plegtige verklaring deur studieleier/promotor/navorsingsdirekteur/dekaan

Hiermee verklaar ondergetekende:

- 1.1 dat die genoemde student 'n goedgekeurde module vir die betrokke kwalifikasie bygewoon het en die werk van die module uitgevoer het of werk gedoen het wat deur die Senaat goedgekeur is;
- 1.2 dat die student aan die **minimum duur** van studie voldoen soos voorgeskryf in die jaarboek;
- 1.3 dat hy/sy derhalwe gemagtig word om sy/haar skripsie/verhandeling/proefskrif in te handig;
- 1.4 dat die registrasie/wysiging van titel goedgekeur is;
- 1.5 dat die aanwysing/wysiging van eksaminatore goedgekeur is en
- 1.6 ander voorskrifte soos vervat in die Handleiding vir Nagraadse Studie nagekom is.

Handtekening studieleier/promotor: [Signature] Datum: 14 November 2011

Handtekening Navorsingsdirekteur: [Signature] Datum: _____

Handtekening Dekaan: _____ Datum: _____

VERKLARING: TAALVERSORGER

Heleen Saaiman

tans Remediërende Onderwyseres te Kroonheuwel Primêre Skool, Kroonstad

Tersiêre Opleiding

BA Kommunikasiekunde, UOVS, 1980

Hoër Onderwysdiploma Nagraads, UNISA, 1989

Diploma in Spesialiseringsonderwys: Remediëring, UNISA, 1996

International Computer Driving Licence Certificate (ICDL), Flavius Mareka, 2004

Gevorderde Onderwysertifikaat in Rekenaartegnologie Geïntegreerde Onderwys (RTGO), Noordwes-Universiteit, 2006

Ondervinding

Vertaler/Redigeerder, SA Weermag, 1981-1982

Proefleser, UNISA, 1982-1983

Vryskut Redigeerder, UNISA, 1983-1989

Vryskut Redigeerder, Daan Retief Uitgewers, 1983-1989

Vryskut Redigeerder, HAUM De Jager, 1983-1989

Proefleser, UNISA, 1990-1997

Persoonlike Besonderhede

ID: 6004080079086

Posbus 7035

Kroonpark

9502

Tel: 056-2127489 (h)

056-2125702 (w)

082 804 7616

E-posadres: hjccsaaiman@gmail.com

Ek verklaar hiermee dat die volgende navorsingsverslag deur my gekontroleer is gedurende 2011:

Kandidaat: T.B. Doubell

Universiteitsnommer: 20391447

Kwalifikasie: MEd (Onderwysreg)

Opvoedersekuriteit en sportafrigting by skole: 'n Onderwysregtelike perspektief

HJCC Saaiman (Mev)

Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520
Tel: 018 299-4852
Web: <http://www.nwu.ac.za>

ETHICS APPROVAL OF PROJECT

This is to certify that the next project was approved by the NWU Ethics Committee:

Project title:

Opvoedersekuriteit vir die sportafrigter in skole: 'n Onderwysregtelike perspektief

Student/Project leader : Mnr. TB DOUBELL & Prof. JP ROSSOUW

Ethics number: NWU-00081-11-A2

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

Expiry date: 2016/06/22

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance. The formal ethics approval certificate will follow shortly.

Yours sincerely

HM Halgryn



NWU Research Ethics Secretariat NWU

INHOUDSOPGAWE

HULDIGING	i
DANKBETUIGINGS	ii
OPSOMMING	iii
SUMMARY	iv
PLEGTIGE VERKLARING: STUDENT EN STUDIELEIER	v
VERKLARING: TAALVERSORGER	vi
TABELLE	xiv
FIGURE	xiv
1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELWITTE EN NAVORSINGSONTWERP	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Konseptuele raamwerk	5
1.2.1 'n Daad/Handeling	6
1.2.2 Onregmatigheid	6
1.2.3 Skade	7
1.2.4 Kousaliteit	8
1.2.5 Skuld	8
1.3 Probleemstelling	9
1.4 Doelstellings	10
1.5 Navorsingsontwerp en -metodologie	10
1.5.1 Literatuurstudie	10
1.5.2 Empiriese ondersoek	10

1.5.2.1	Kwalitatiewe navorsing.....	12
1.5.2.2	Kwantitatiewe navorsing	12
1.5.2.3	Vergelyking tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing	13
1.5.3	Populasie en keuse van respondente	14
1.5.4	Data-insameling	14
1.5.5	Toestemming van die Departement van Onderwys	15
1.5.6	Vertroulikheid en etiek.....	15
1.6	Hoofstukindeling	16
2	HOOFTUK 2: ONDERWYSREGTELIKE DETERMINANTE VIR SEKURITEIT VAN DIE ONDERWYSER-AFRIGTER	18
2.1	Inleiding.....	18
2.2	Wetgewing	20
2.2.1	Grondwet	20
2.2.1.1	Artikel 9: Gelykheid	21
2.2.1.2	Artikel 10: Menswaardigheid	22
2.2.1.3	Artikel 12: Vryheid en sekerheid van die persoon.....	24
2.2.1.4	Artikel 28: Kinders	26
2.2.1.5	Artikel 29: Onderwys	30
2.2.2	Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.....	31
2.2.2.1	Die verantwoordelikheid en funksies van die beheerliggaam	32
2.2.2.2	Aanspreeklikheid van die Staat	34
2.2.3	Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998	37
2.2.4	Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000	39
2.2.5	Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993.....	41
2.2.6	Samevatting	42
2.3	Gemene reg.....	42
2.3.1	Deliktuele aanspreeklikheid as regs determinant.....	44
2.3.1.1	Inleiding	44

2.3.1.2	Handeling.....	45
2.3.1.3	Onregmatigheid	46
2.3.1.4	Skade.....	52
2.3.1.5	Kousaliteit	54
2.3.1.6	Skuld.....	56
2.4	Samevatting	59
3	HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP	62
3.1	Inleiding.....	62
3.2	Navorsingsontwerp	63
3.2.1	Kwalitatiewe navorsingsontwerpe	64
3.2.2	Die navorsingsontwerp vir hierdie studie.....	64
3.2.3	Paradigma.....	65
3.3	Navorser as instrument	66
3.4	Identifisering van deelnemers	67
3.5	Navorsingsmetodologie.....	70
3.5.1	Prosedures vir toestemming	70
3.5.2	Onderhoude	70
3.5.2.1	Onderhoude met deelnemers.....	72
3.5.2.2	Prosedures vir onderhoude	72
3.6	Data-analise	73
3.7	Betroubaarheid	77
3.8	Etiek en anonimiteit.....	79
3.9	Samevatting	80
4	HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE	81
4.1	Inleiding.....	81

4.2	Samestelling van kategorieë	82
4.3	Regsaanspreeklikheid.....	85
4.3.1	Die Grondwet	86
4.3.1.1	Veiligheid	86
4.3.1.2	Menswaardigheid.....	88
4.3.1.3	Die impak van kinderregte.....	89
4.3.2	Onderwyswetgewing	91
4.3.2.1	Veiligheidsregulasies	91
4.3.2.2	Gedragkode	92
4.3.3	Deliktuele aanspreeklikheid	92
4.3.3.1	Handeling.....	93
4.3.3.2	Onregmatigheid	93
4.3.3.3	Skade.....	94
4.3.3.4	Skuld.....	95
4.4	Sportspesifieke elemente	97
4.4.1	Opleiding.....	97
4.4.1.1	Kursusse.....	97
4.4.1.2	Inisiële opleiding	99
4.4.2	Kennis	100
4.4.2.1	Sportvaardighede / tegnieke	101
4.4.2.2	Ondervinding.....	102
4.5	Samevatting	103
5	HOOFSTUK 5: BEVINDINGS EN AANBEVELINGS	105
5.1	Inleiding.....	105
5.2	Hoofstukverdeling en doelwitte	106
5.3	Bevindings	108
5.3.1	Die Grondwet	108
5.3.1.1	Veiligheid	108

5.3.1.2	Menswaardigheid.....	109
5.3.1.3	Die impak van kinderregte.....	110
5.3.2	Onderwyswetgewing	111
5.3.2.1	Veiligheidsregulasies	111
5.3.2.2	Gedragkode	112
5.3.3	Deliktuele aanspreeklikheid	113
5.3.3.1	Handeling.....	113
5.3.3.2	Onregmatigheid	113
5.3.3.3	Skade.....	114
5.3.3.4	Skuld.....	115
5.3.4	Opleiding.....	116
5.3.5	Kennis.....	117
5.4	Aanbevelings	118
5.4.1	Die Grondwet	118
5.4.2	Onderwyswetgewing	119
5.4.3	Deliktuele aanspreeklikheid	120
5.4.4	Opleiding.....	122
5.4.5	Kennis.....	123
5.4.6	Aanbevelings rakende die deurlopende tema	123
5.5	Aanbevelings vir verdere navorsing.....	124
5.6	Slotsom	125
6	BIBLIOGRAFIE.....	127
7	LYS VAN HOFSAKE	134
	Addendum A: Onderhoudskedule.....	137
	Addendum B: Letter to the Department of Education	140
	Addendum C: Brief aan die Skoolhoof	142
	Addendum D: Ingeligte toestemmingsbrief.....	143

Addendum E: Voorbeeld van transkripsie-analise	144
Addendum F: Voorbeeld van gedragskode vir sport.....	146
Addendum G: Toestemming van die Departement van Onderwys vir Navorsing	149

TABELLE

Tabel 1.1: Vergelyking tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing.....	13
Tabel 2.1: Gemeenregtelike beginsels.....	43
Tabel 2.2: Skole wat lyfstraf toepas	49
Tabel 3.1: Deelnemers aan die navorsing volgens verskillende kategorieë.....	68
Tabel 3.2: Sportsoorte afgerig deur deelnemers.....	68
Tabel 4.1 Groepe, kategorieë en temas.....	85

FIGURE

Figuur 3.1: Strategieë vir die insameling van data	76
Figuur 4.1 Die data-analiseproses.....	84

OPVOEDERSEKURITEIT EN SPORTAFRIGTING BY SKOLE: 'n ONDERWYSREGTELIKE PERSPEKTIEF

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOELWITTE EN NAVORSINGSONTWERP

1.1 Inleiding

Suid-Afrikaanse opvoeders beoefen tans hulle beroep onder uitdagende omstandighede, aangesien die onderwysstelsel in sy geheel onder groot druk verkeer. Die *Global Competitiveness Report 2008-2009* van die *World Economic Forum* (WEF, 2009) dui daarop dat, wat die kwaliteit van die onderskeie onderwysstelsels betref, Suid-Afrika die 110de posisie onder die 134 lande op die ranglys vul. Dit is 'n duidelike aanduiding van die swak toestand van die land se onderwysstelsel.

Te midde van hoë verwagtings ten opsigte van die akademiese vordering van leerders, is die aanspreeklikheid van die onderwysers rakende die veiligheid van die kinders, onder andere binne sportverband, ook deurlopend onder die vergrootglas. Hofsake soos *Lubbe v Jacobs* (2003) JOL 11496 (T) en *Louw and another v Lid van die Uitvoerende Raad, Vrystaat, Onderwys en Kultuur en ander* (2004) JOL 12856 (O) dui daarop dat die veiligheidsmaatreëls van onderwyser-afrigters deeglik ondersoek word in gevalle van beserings by leerders. Dit is 'n vraag of daardie onderwysers wat daaglik as afrigters van 'n verskeidenheid sportsoorte optree, oor die nodige regs kennis beskik ten opsigte van aanspreeklikheid in gevalle van beserings en ander vorms van skade. Singh (2006:186) maak daarvan melding dat aanspreeklikheid verband moet hou met die omstandighede waarbinne dit plaasvind. Die aanspreeklikheid verander nooit nie, maar wel die omstandighede waarbinne dit plaasvind. Dit is hierdie

omstandighede waarbinne aanspreeklikheid gedefinieer moet word. Skoolsportafrigters moet hulle binne spesifieke sportsoorte vergewis van hulle regs aanspreeklikheid.

Duisende kinders word daaglik in skole in sport afgerig en hulle kry die blootstelling om op verskillende vlakke deel te neem. Rossouw (2006:31) beklemtoon dat daar in elke skool 'n gevoel van veiligheid en beskerming geskep moet word. Hy stel dit verder dat die regte van kinders in Suid-Afrika al sterker beklemtoon word en dat die wêreld van sport in die proses baie verander het, aangesien ouers en die gemeenskap meer ingestel is op menseregte. Sekere gemeenregtelike beginsels is nou in die Grondwet (SA, 1996a) verskans en as gevolg van hierdie kodifikasie is mense meer bewus gemaak van hulle regte. Smith (2002:1) maak melding van die hofsake rondom sportverwante aangeleenthede wat oor die afgelope jare toegeneem het deur die volgende stelling:

Scratch the surface now and you are likely to see a more complex range of legal issues relating to committees, management and sponsorship, as well as issues of liability for injuries sustained because of defective playing grounds and facilities, assault, discrimination and so on.

Daar word jaarliks groot hoeveelhede geld aan sportaktiwiteite in skole spandeer, waarvan sekere aktiwiteite nie altyd verband hou met die ontwikkeling van die sportafrigter nie. Burger en Goslin (2005:11) maak veral melding van die feit dat sport van 'n amateurvlak na 'n professionele vlak beweeg. Hierdie verandering bring mee dat daar aandag gegee moet word aan die bestuur van sport op alle vlakke, wat opleiding van afrigters insluit. By die opleiding van sportafrigters moet klem gelê word op die nodige regs kennis wat kan dien om die sportafrigter teen regs aanspreeklikheid te beskerm. 'n Studie wat in Brittanje gedoen is (Brainmac

Sport Coach, 2008) beklemtoon die ontwikkeling van sportafrigters ten opsigte van die regsplig van die sportafrigter, veral as dit kom by die ondersteuning van afrigters en om die nodige advies te gee rondom sportaangeleenthede. Die risiko vir aanspreeklikheid verhoog drasties wanneer afrigters bo hulle vermoë, ervarings en kwalifikasies probeer afrig (Rossouw, 2006:93).

Met betrekking tot die opleiding en kwalifikasie van sportafrigters is die *in loco parentis*-posisie van die onderwyser van besondere betekenis, waarvolgens die onderwyser in die plek van die ouer moet optree in belang van die kind se veiligheid, onderworpe aan sekere beperkings. Die afrigter is onderworpe aan die wetgewing, hoewel hy of sy moontlik nie altyd van die implikasies bewus is nie. Oosthuizen en Rossouw (2008:107) stel dit baie duidelik dat die ouer nie vervang word nie; die onderwyser-afrigter word slegs tydelik in die plek van die ouers gestel (Rossouw, 2006:91). Hoewel die ouer die primêre opvoeder van die kind is, spandeer die afrigter sommige dae tydens sportafrigting baie meer tyd saam met die kind as die ouers. Die afrigter moet die nodige kennis en vaardighede hê om in belang van die kind op te tree, moet die kind se veiligheid altyd eerste plaas en bly aanspreeklik vir die kind. Russo (2002:56) is van mening dat die ouer vooraf toestemming moet gee dat die kind aan 'n kontak sport mag deelneem. Sodanige toestemming kan as 'n vrywaring dien en dus die betrokke partye beskerm. Hoewel die vrywaring kan geld, moet die onderwyser-afrigter nogtans bevoeg wees om steeds op so 'n manier af te rig dat veiligheid eerste gestel word. Die probleem wat vir die doel van hierdie studie gestel word, is of die afrigters bewus is van die perke wat so 'n vrywaring stel.

Net soos wat die kind veiligheid en sekuriteit moet beleef, moet die nodige klem ook geplaas word op die sportafrigter se eie sekuriteit, 'n fokus wat uit 'n regsoogpunt ook in ag geneem moet word. Die hofsak *MEC for Education, Western Cape Province v Strauss* (2006) beklemtoon juis hierdie stelling waar 'n jong atletiekafrigter as 'n buite-afrigter by die Hoër Meisieskool Paarl aangestel is.

Sy was verantwoordelik vir die afrigting van diskus by die skool. By 'n oefening is sy deur 'n diskus getref, waarna sy 'n hofsaak aanhangig gemaak het, gegrond op artikel 60 (1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, wat soos volg bepaal:

The state is liable for any damage or loss caused as a result of any act or omission in connection with any school activity conducted by a public school and for which such school would have been liable but for the provisions of this section.

Die eis is ingestel nadat die afrigter beseer is. Die klaer het gevoel dat die skool nie genoegsame veiligheidsmaatreëls getref het vir die afrigting van so 'n gevaarlike sportsoort nie. Daar behoort hoë drade rondom 'n diskussirkel gespan te word, wat nie die geval was nie. Die verweerder het egter sy argument gegrond op artikel 20 (10), asook artikel 35 (1) van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130 van 1993 (SA, 1993b) en die opvoeder het die hofsaak verloor.

Die rol van die sportafrigter word verder beklemtoon in die hofsaak van *Lubbe v Jacobs* (2003) JOL 11496 (T) waar die applikant se dogter teen die kop deur 'n hokkiebal tydens 'n mini-hokkiedag getref is. Die applikant het aangevoer dat die onderwyser nie die nodige veiligheidsmaatreëls toegepas het om die kind te beskerm nie. Die afrigter is egter nie aanspreeklik gehou nie, omdat die nodige veiligheidsmaatreëls wel toegepas is en die applikant se dogter nie die veiligheidsmaatreëls nagekom het nie. Die regter het verder aangevoer dat spelers wat 12 of 13 jaar oud is, genoeg kennis van die gevare van die sport het.

In Suid-Afrikaanse skole moet onderwysers in baie gevalle, naas hul afrigtingstaak, ook optree as wedstrydbeamptes. Volgens Loubser (2005, Ch 5-26) is daar spesifieke verantwoordelikhede en aanspreeklikhede wat op die skouers van die wedstrydbeampte rus. Die rigtinggewende hofsaak in Engeland

van *Smoldon v Whitworth* 1997 ELR 249 CA, handel oor 'n seun wat ernstige rugbeserings opgedoen het tydens 'n rugbywedstryd waartydens die skrum op 'n gevaarlike wyse ineengestort het. Die hof het bevind dat die skeidsregter nie die voorgeskrewe manier gebruik het om die skrum te laat sak nie en hy is vir die besering aanspreeklik gehou. Die reëls van alle sportsoorte is belangrik en die skeidsregters en beamptes wat daarmee werk, moet oor 'n deeglike kennis daarvan beskik. 'n Prominente verantwoordelikheid van wedstrydskeidsregters en -beamptes is dus die veiligheid van die spelers. Indien die reëls korrek toegepas word, vrywaar die skeidsregter homself van enige moontlike aanspreeklikheid.

Sportafrigters moet hulself beskerm deur die nodige kennis rondom deliktuele aanspreeklikheid te verwerf. Dit is 'n integrerende deel van bemagtiging en, soos ook vroeër gestel, ontstaan die vraag of hulle wel genoegsame kennis het. In die hofsaak *Mukheibier v Raath & Another* 1999 (3) SA 1065 (SCA) het dit juis daarvoor gegaan of die persoon nalatig was en om dit te bepaal is die "redelike persoon-toets" gebruik. Die sportafrigter moet besef dat die "redelike persoon-toets" op 'n hoër standaard in geval van sportspesifieke skade aan deelnemers toegepas word. Die vraag in die hof is dus: hoe sou die redelike afrigter onder die spesifieke omstandighede opgetree het? Die sportafrigter moet dus die gevare van spesifieke sportverwante situasies beter ken as 'n gewone mens, in die reg soms "die man in die straat" genoem. Die nodige kennis van die sportsoort en die nodige regs kennis is vir die sportafrigter van kardinale belang.

1.2 Konseptuele raamwerk

'n Aantal van die belangrikste begrippe wat in hierdie studie van belang is, verdien 'n kort omskrywing. Hierdie begrippe hou verband met die deliktereg, wat die sentrale posisie in hierdie navorsing inneem.

Neethling en Potgieter (2010:4) gee 'n omskrywing van die deliktereg: " 'n Delik is 'n handeling van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n

ander veroorsaak.” Soos in hierdie definisie aangedui word, is daar in die Suid-Afrikaanse deliktereg vyf fundamentele elemente wat in gedagte gehou moet word, naamlik: handeling, onregmatigheid, skuld, oorsaak en skade. Al vyf elemente moet teenwoordig wees alvorens die gewraakte daad as ’n delik aangemerkt kan word (Neethling & Potgieter, 2010:4).

1.2.1 ’n Daad/Handeling

Oosthuizen *et al.* (2003:88) beskryf die daad of late as ’n menslike handeling of late wat plaasvind uit eie wil, wat kan lei tot aanspreeklikheid. Verder verwys Neethling en Potgieter (2006:27) daarna as ’n willekeurige menslike handeling of late. Dit kan gebeur dat ’n sportafrigter ’n deelnemer dwing om ’n beweging te doen wat hoë tegniese vaardigheid vereis, maar waartoe die deelnemer nie in staat is nie, wat dan tot ’n besering kan lei. Die opdrag van die afrigter wat die skade veroorsaak, word dan as ’n handeling beskou wat as nalatig beskou kan word. Lates deur afrigters hou dikwels verband met hulle gebrekkige toesig of sorg, waar dit weens sekere risiko’s verwag word.

1.2.2 Onregmatigheid

Neethling en Potgieter (2010:35) dui aan dat, om aanspreeklikheid te bewys, nie net ’n handeling aangetoon moet word nie, maar dat die benadeling ook onregmatig moet wees, dit wil sê “op ’n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse veroorsaak word”. Onregmatigheid word tweeledig ondersoek. In die eerste plek moet vasgestel word of die individu se belange, soos erken deur die reg, wel aangetas is. Tweedens moet daar aan die hand van ’n sekere norm vasgestel word of die handeling of late op ’n onredelike wyse geskied het. Die algemene norm of maatstaf waarvolgens dit vasgestel word, is die regsopvatting van die gemeenskap: die *boni mores*. Die *boni mores*-toets is ’n redelikhedsmaatstaf wat op ’n objektiewe manier bepaal of die deelnemer benadeel is in die lig van die al

die feite. Daar moet dus primêr vasgestel word of daar 'n regsplig (om bv. iemand te beskerm) bestaan het, wat dan nie nagekom is nie.

In die geval van onderwysverwante delikte het opvoeders volgens die gemenereg 'n regsplig teenoor alle leerders in hulle sorg. Daar sal in hierdie studie spesifiek gelet word op onderwyser-afrigters se lates, naamlik of die nienakoming van 'n statutêre voorskrif tot aanspreeklikheid kan lei. 'n Bestaan van 'n regsplig hou verband met die subjektiewe reg (Neethling & Potgieter, 2010:54). Of iemand 'n regsplig verbreek het, kan dus uiteindelik bepaal word op grond van die *boni mores* of algemene regsgevoel van die gemeenskap.

1.2.3 Skade

Rossouw (2006:45) is van mening dat daar duidelik tussen twee tipes skade onderskei moet word. Dit is naamlik vermoënskade en persoonlikheidsnadeel. Neethling *et al.* (2006:204) gee die volgende omskrywing van skade:

Skade is die nadelige inwerking op enige vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat die reg as beskermingswaardig ag. Anders gestel, dui skade op die afname in die nuttigheid of kwaliteit van 'n aangetaste vermoëns- of persoonlikheidsbelang wat dien tot bevrediging van die betrokke persoon se regserkende behoeftes.

In hierdie studie, rakende sportafrigting, is die voor die hand liggende skade 'n besering van 'n deelnemer of toeskouer in die sorg van 'n opvoeder. Dit kan ook emosionele skade insluit, wat kan ontstaan in geval van onoordeelkundige of onopvoedkundige benaderings deur afrigters.

1.2.4 Kousaliteit

Rossouw (2006:46) is van mening dat daar 'n aantoonbare oorsaaklike verband tussen die onregmatige daad en die skade wat gely is, moet wees. Volgens Neethling en Potgieter (2010:185) kan daar geen sprake van deliktuele aanspreeklikheid wees, indien dit nie aangetoon kan word dat die optrede van die verweerder die oorsaak van die skade is wat die benadeelde ondervind nie. Die belangrike vraag in hierdie verband is hoe daar bepaal moet word of daar so 'n kousale verband bestaan. Daar moet dus 'n kousaliteitstoets wees. Neethling en Potgieter (2010:188) verwys verder na navorsing deur Van der Merwe en Olivier waar die *conditio sine qua non*-teorie, ook genoem die “but for“-toets, beskryf word:

Hiervolgens is 'n handeling 'n oorsaak van 'n gevolg indien die handeling nie weggedink kan word sonder dat die gevolg tegelyk verdwyn nie. Die handeling moet met ander woorde conditio sine qua non vir die gevolg wees.

1.2.5 Skuld

Loubser (2005:5-12) bevestig dat die aanspreeklikheid vir skade nie net op grond van onregmatige optrede daargestel kan word nie, maar slegs as die elemente van opsetlikheid of nalatigheid ook betrokke is. Enige van hierdie twee elemente moet in die handeling aanwesig wees. Neethling en Potgieter (2010:133) is van mening dat een nie aanwesig kan wees as die ander een bestaan nie. Die twee elemente skakel mekaar dus wedersyds uit. In hierdie studie word van die veronderstelling uitgegaan dat die meerderheid onderwyser-afrigters nie normaalweg met opset 'n leerder sal benadeel nie en die klem rus dus eerder op nalatigheid. Die moontlikheid van opset word egter nie uitgesluit nie.

In die bepaling van nalatigheid neem die redelike persoon-maatstaf, soos vroeër bespreek, die sentrale plek in. Die toets vir nalatigheid word op twee bene gestel: redelike voorsienbaarheid en redelike voorkombaarheid van die skade. Singh (2006:184) verwys na nalatigheid as: *“the failure to use such care as a reasonably prudent and careful person would use under similar circumstances”*.

Die sportafrigter se onkundigheid rondom die juridiese faktore kan vir hom probleme met die uitvoering van sy taak skep. Die afrigter moet oor die nodige regs kennis beskik om homself teen deliktuele aanspreeklikheid te beskerm. Die studie is dus daarop ingestel om onder meer te bepaal in watter mate onderwyser-afrigters opleiding in hierdie verband ontvang het.

Bogenoemde bespreking laat die vraag ontstaan of daar genoegsaam navorsing gedoen is ten opsigte van die regsaspekte van sportafrigting in skole, met spesifieke verwysing na regs aanspreeklikheid. Die onderwyser-afrigter se veiligheid en sekuriteit kan grotendeels beskerm word deur deeglike kennis van onder meer die deliktereg. Hierdie navorsing word gedoen om 'n duidelike beeld te verkry van die parate regs kennis van onderwyser-afrigters, ter verhoging van opvoedersekuriteit en die uiteindelijke algemene veiligheid van sportafrigting in skole. Die effektiwiteit van opleiding van opvoeders as afrigters, wedstrydbeamptes en sportorganiseerders kry spesifieke aandag.

1.3 Probleemstelling

Vanuit die voorafgaande literatuur is dit duidelik dat die volgende vrae verdere navorsing noodsaaklik maak:

- Watter regsdeterminante het 'n invloed op die sekuriteit van onderwyser-afrigters ten opsigte van regs aanspreeklikheid?
- Watter bydrae lewer bestaande afrigtersopleiding tot die parate regs kennis van onderwyser-afrigters en die mate van sekuriteit wat hulle ervaar?

- Watter persepsies bestaan ten opsigte van die regsaspekte wat die optrede en sekuriteit van onderwysers as afrigters, wedstrydbeamptes en organiseerders beïnvloed?

1.4 Doelstellings

Die doel van hierdie navorsing is:

- om vas te stel watter regs-determinante 'n invloed het op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, veral ten opsigte van regs-aanspreeklikheid;
- om te bepaal watter bydrae bestaande afrigtersopleiding lewer tot die parate regskennis van die onderwyser-afrigter en die mate van sekuriteit wat hulle ervaar;
- om aan te toon wat onderwyser-afrigters se persepsies is ten opsigte van regsaspekte wat hulle optrede in hulle onderskeie rolle van afrigter, wedstrydbeampte en organiseerder beïnvloed.

1.5 Navorsingsontwerp en -metodologie

1.5.1 Literatuurstudie

Om die toepaslike navorsing te doen, gaan daar van primêre sowel as sekondêre bronne gebruik gemaak word. Hierdie bronne sluit in: literatuurbronne, hofsake en wette. Die inligting uit hierdie bronne sal bestudeer word en sodoende sal toepaslike gevolgtrekkings gemaak word. Die volgende Afrikaanse trefwoorde gaan gebruik word in die navorsingsproses: *Deliktuele aanspreeklikheid, nalatigheid, skade, skuld, aanspreeklikheid, kousaliteit, regsplig*. Die volgende Engelse trefwoorde gaan in die navorsingsproses gebruik word: *law of delict, tort law, sport law, schools, safety, security, safe environment, negligence in sport, fault, common law, duty of care*.

1.5.2 Empiriese ondersoek

Om die regte keuse tussen die verskillende navorsingsmetodologieë vir die empiriese studie te maak, moet verskillende moontlikhede ontleed word. Henning

(2004:17) is van mening dat daar drie basiese paradigmas by empiriese ondersoeke van belang is wat die navorser kan help om die nodige ingeligte keuse vir hierdie navorsing te doen. Die drie verskillende paradigmas is:

Positivistiese raamwerk

Die raamwerk is daarop gefundeer om die waarheid te vind by wyse van 'n empiriese studie. Emosie en denke word nie saamgevoeg nie.

Kritiese raamwerk

Die kritiese raamwerk is daarop ingestel om raamwerke en strukture van die navorsing tot op die basis af te breek. Die kritiese teorie bestudeer die kennis wat bestaan en kennis word gevorm deur die kritiese navorser se standpunte.

Interpretivistiese raamwerk

Daar word by hierdie paradigma wegbeweeg van die positivistiese siening na die lewenswêreld en omgewing van die deelnemer. Die doel is om die sienings van die deelnemers sistematies te interpreteer en te verstaan. Die interpretivistiese navorser besef dat die ingesamelde data uit die oogpunt van die navorser gesien word en dat hy of sy dus in 'n mate subjektief betrokke is by die interpretasie van die inligting. Die navorser self word dus as 'n navorsingsinstrument beskou.

Na oorweging van bogenoemde paradigmas is daar op die interpretivistiese raamwerk besluit as uitgangspunt vir hierdie studie, aangesien die oogmerk is om die onderwyser-afrigter se lefwêreld beter te begryp. Die navorser wil vasstel en probeer verstaan op watter wyse die afrigters hulle sekuriteit rakende regs-kennis, soos toegepas in hulle daaglikse afrigting, beleef.

1.5.2.1 *Kwalitatiewe navorsing*

Maree (2007:257) is van mening dat die navorser alle nodige data moet versamel en gebruik om 'n komplekse, holistiese prentjie te vorm, waar woorde oor die sienings en informasie van die studie in 'n natuurlike omgewing geanaliseer word. Die navorser moet in die gemeenskap ingaan en van gestruktureerde of ongestruktureerde onderhoude gebruik maak. Metodes van data-versameling is onder andere:

- *Individuele of groepsonderhoude*
- *Observasie*
- *Dokumentasie*
- *Oudiovisuele materiaal soos band- en video-opnames*

Neumann (1994:324) wys daarop dat die navorser wat die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik, die inligting sistematies moet interpreteer ten einde die verwerkte data op 'n sinvolle en verstaanbare wyse te kan weergee. Die data moet dus logies wees en vir die studie toepaslik wees.

1.5.2.2 *Kwantitatiewe navorsing*

Charles en Merttler (in Maree, 2007:255) toon aan dat die navorser in hierdie vorm van studie op syfers staatmaak. Tipiese kwantitatiewe navorsing bestaan uit 'n aantal vrae wat aan verskillende groepe of individue gerig word om hulle sienings en persepsies te toets. Die doel van die kwantitatiewe studie is om vas te stel in watter mate daar ooreenkomste, verskille en verbande tussen die verskillende veranderlikes bestaan. Die navorser stel een of meer hipoteses wat deur verskillende meetinstrumente getoets kan word om die hipotese te toets.

1.5.2.3 Vergelyking tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Ten einde die navorsingsmetode vir hierdie studie op 'n ingeligte wyse te kies, is 'n vergelyking nodig. Leedy en Ormrod (2005:96) stel dit duidelik dat daar verskille en ooreenkomste is tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe studies. Die vergelyking word in Tabel 1.1 uiteengesit.

Tabel 1.1: Vergelyking tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing

	Kwantitatiewe navorsing	Kwalitatiewe navorsing
Wat is die doel van die studie?	Om te verduidelik en te voorspel. Om die toets te bevestig. Om 'n teorie te toets.	Om te beskryf en te verduidelik. Om te ondersoek en te interpreteer. Om teorie te bou.
Wat is die aard van die navorsing?	Gefokus op die bekende veranderlikes. Om riglyne en metodes te ontwikkel. Dit word nie deur die konteks van die studie gebind nie.	Die studie is 'n holistiese siening en daar bestaan onbekende veranderlikes. Die riglyne is buigbaar en metodes word ontwikkel deur die loop van die navorsing. Dit het baie te make met die siening van die navorser.
Hoe word die data ingesamel en hoe lyk hierdie data?	Numeriese data wat die opinie van die meerderheid van die navorsingsgroep weerspieël. Daar is standaard-meetinstrumente.	Die data is gebaseer op literatuur en daar word 'n klein aantal van die totale teikengroep opgeneem as deelnemers in die studie. Die meetinstrumente is semi-

		gestruktureerde onderhoude.
Op watter wyse word die data geanaliseer?	Die data word gebaseer op statistieke. 'n Objektiewe siening word uitgedra in die studie.	Die data word gekoppel aan temas of kategorieë wat uit die data ontwikkel word. Subjektiewe sienings word uitgedra in die studie.
Op watter wyse word die bevindings gekommunikeer?	Die data word deurgegee in die vorm van syfers, statistieke en in 'n formele wetenskaplike styl gerapporteer.	Die data word deurgegee in woorde wat soms die persoonlike siening en styl van die navorser kan weerspieël.

In die lig van die genoemde kenmerke en voordele van die verskillende metodes, en die spesifieke behoeftes van en doelstellings met hierdie navorsing, sal die navorser in hierdie studie van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik maak. Indringende individuele onderhoude kan 'n kardinale rol speel in die vasstelling van moontlike leemtes in die mondering van sportafrigters wat kan lei tot gebrekkige sekuriteit. Die ingesamelde inligting sal verwerk word en 'n gepaste teorie sal gevorm word.

1.5.3 Populasie en keuse van respondente

Die populasie is daardie persone wat direk of indirek by skolesportafrigting in die Noord-Vrystaat betrokke is. In die kwalitatiewe fase gaan die navorser ses skole besoek. Die samestelling van die skole sal bestaan uit drie primêre en drie sekondêre skole. By elke skool sal die hoof, die sportorganiseerder (indien so 'n persoon beskikbaar is) en sportafrigters as deelnemers betrek word.

1.5.4 Data-insameling

Die verskillende respondente sal deur middel van hoofsaaklik individuele, gestruktureerde onderhoude, die geleentheid kry om hulle persepsies te lug.

1.5.5 Toestemming van die Departement van Onderwys

Die onderhoude, soos beplan word, is toestemming van die Vrystaatse Departement van Onderwys (sien Addendum B) verkry, wat per brief gestuur is. Die toestemming is gegee deur die Vrystaatse Departement van Onderwys. (sien Addendum G)

1.5.6 Vertroulikheid en etiek

Obenzinger (2005:25) stel dit dat etiek te make het met die morele waardes van die navorser. Die navorser moet ook daarteen waak om verkeerde persepsies en idees oor te dra en moet 'n regverdigte en ware weergawe van die ingesamelde data gee.

Met bogenoemde in ag geneem, sal alle data en inligting wat gebruik gaan word op 'n streng vertroulike basis hanteer word. Die identiteit van die persone betrokke by hierdie navorsing sal ook te alle tye beskerm word. Die deelnemers sal ten volle ingelig wees oor die implikasies en moontlike risiko's geassosieer met die deelname aan die projek. Daar sal verseker word dat vrywillige deelname plaasvind en dat die inligting en prosesse volledig aan die deelnemers verduidelik word.

Winberg (1997:268) plaas die waarde van die korrekte bevindings van die navorser as die heel belangrikste prioriteit tydens die studie. Die navorser moet daarteen waak om in sy bevindings onakkurate afleidings te maak wat die gemeenskap waarbinne die studie gedoen is, sal benadeel.

Die etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-universiteit het die aansoek vir etiese klaring goedgekeur. Die sertifikaat met die nommer NWU-00081-11-S2 is uitgereik ter bevestiging van die eties korrekte proses wat gevolg is tydens die data-insameling van die empiriese fase.

1.6 Hoofstukindeling

HOOFSTUK 1

Probleemstelling, navorsingsontwerp en doelwitte

In die inleidende hoofstuk is die probleem, die konseptuele raamwerk en die doelwitte van die navorsing gestel. Verskillende navorsingsontwerpe en metodologieë is oorweeg, ontleed en beskryf om sodoende die beste ontwerp vir die doel van hierdie studie te kies.

HOOFSTUK 2

Onderwysregtelike determinante vir sekuriteit van die onderwyser-afrigter

In hierdie hoofstuk is alle toepaslike regsaspekte geanaliseer om sodoende al die regsdeterminante te kan bepaal wat 'n invloed op die onderwyser-afrigter kan hê. Daar is veral klem gelê op die gemeenregtelike perspektief wanneer aanspreeklikheid ter sprake kom en toepaslike regspraak is ook ontleed. Die Grondwet, Suid-Afrikaanse Skolewet, die Wet op Indiensneming van Opvoeders, die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders en die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid is bespreek. Gemene reg vorm ook deel van die hoofstuk waaronder deliktuele aanspreeklikheid as regsdeterminant bespreek is.

HOOFSTUK 3

Navorsingsontwerp en metodologie

In hierdie hoofstuk is op die kwalitatiewe metodologie gefokus. Die verskillende data-insamelingsmetodes wat deur die navorser gebruik is, is beskryf. Die data wat versamel is tydens die onderhoude wat gevoer is, is geanaliseer en gerapporteer.

HOOFSTUK 4

Data-analise

In hierdie hoofstuk het die fokus op die samevatting van die belangrikste bevindings van studie en toepaslike aanbevelings geval wat 'n bydrae kan lewer tot die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, soos gesien vanuit 'n onderwysregtelike perspektief. Daar is vyf kategorieë gevorm waarmee die data geanaliseer is. Die vyf kategorieë is naamlik: die Grondwet, Onderwyswetgewing, deliktuele aanspreeklikheid, opleiding en kennis.

HOOFSTUK 5

Bevindings en aanbevelings

In hierdie hoofstuk is die bevindings asook die aanbevelings geformuleer wat op die vyf kategorieë gebaseer is.

HOOFSTUK 2: ONDERWYSREGTELIKE DETERMINANTE VIR SEKURITEIT VAN DIE ONDERWYSER-AFRIGTER

2.1 Inleiding

Sport en fisieke aktiwiteite is 'n belangrike deel van die daaglikse bestaan van die meeste Suid-Afrikaanse kinders. Singh (2006:182) verwys na die Sports Information and Science Agency, 2000, en dui aan dat ongeveer 3,5 miljoen van die 5,5 miljoen Suid-Afrikaners wat tussen die ouderdom 13 en 18 jaar is, aan sport deelneem. Die deelname kan op 'n kompeterende sowel as op sosiale of informele wyse wees. Hy is verder van mening dat sportaktiwiteite nie net die kinders help om nuwe vaardighede aan te leer nie, maar ook persoonlike gesondheid en fiksheid by hulle ontwikkel.

Die onderwysers wat betrokke is by afrigting moet die leerders beskerm in hulle verskillende omgewings waarbinne hulle beweeg. Rossouw (2006:31) bevestig dit deur die volgende stelling: *“The creation and maintenance of a safe and protected environment for children should be a very prominent objective of every school.”*

Sportaktiwiteite hou normaalweg 'n hoër risiko in as klaskamer-aktiwiteite en dus moet daar deeglike voorsorgmaatreëls getref word. Die onderwyser-afrigter en al die rolspelers moet dus meer gestel wees op die wetlike aspekte (Rossouw, 2006:31). Singh (2005:83) is ook van mening dat sport in die skole 'n lewenslange fisieke, emosionele en sosiale ontwikkelingsagent van die leerder is. Hy voel ook sterk daarvoor dat al die rolspelers, veral die onderwyser-afrigter, bewus moet wees van die wette wat van toepassing is op die opvoeder. Hy is van mening dat die regte leiding en hulpmiddels in plek moet wees om die betrokke persone te help en te ondersteun aangaande toepaslike aspekte van die reg.

Oosthuizen *et al.* (2008:103) wys daarop dat die ouer die leerder gedurende skoolure aan die onderwyser toevertrou. Die leerders moet in 'n veilige omgewing onderrig word, hetsy tydens formele klasonderrig of by buitekurrikulêre aktiwiteite. Die onderwyser-afrigter moet die leerders beskerm teen enige vorm van besering tydens sport-aktiwiteite. Die skool is 'n plek wat baie gevare kan inhou vir die leerder en dit bly die onderwyser-afrigter se plig om die leerder te beskerm.

Net soos die kind veiligheid en sekuriteit moet beleef, moet die nodige klem ook geplaas word op die sportafrigter se eie sekuriteit: 'n klem wat uit 'n regsdoelwitpunt ook in ag geneem moet word. Hierdie sekuriteit behels die psigologiese sowel as fisiese sekuriteit en sluit in hierdie studie ook aan by die sekuriteit wat voldoende regskenning en die korrekte toepassing van regsbeginsels kan verseker. Die hofsak *MEC for Education, Western Cape Province v Strauss* (2006) beklemtoon die element van fisiese sekuriteit. 'n Jong atletiekaffrigter is aangestel as 'n buite-afrigter by die Hoër Meisieskool Paarl. Sy was verantwoordelik vir die afrigting van diskus by die skool en was nie 'n lid van die voltydse personeel van die skool nie. By 'n oefening is sy deur 'n diskus getref, waarna sy 'n hofsak aanhangig gemaak het, gegrond op artikel 60 (1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, wat soos volg bepaal:

The state is liable for any damage or loss caused as a result of any act or omission in connection with any school activity conducted by a public school and for which such public school would have been liable but for the provisions of this section.

Die staat bly verantwoordelik vir enige skade wat tydens 'n skoolaktiwiteit mag plaasvind. Die skool moet egter besef dat hulle alle nodige maatreëls in plek moet hê om veiligheid te verseker. Die eis is ingestel omdat die klaer gevoel het dat die skool nie genoegsame veiligheidsmaatreëls vir die afrigting van so 'n gevaarlike sportsoort nie getref het. Daar behoort hoë drade gespan te word

rondom 'n diskussiering, wat nie die geval was nie. Die verweerder het egter verwys na artikel 20 (10) van die Skolewet (SA, 1996b) en dit was ook uitgesluit deur artikel 35 (1) van die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid 85 van 1993 (SA, 1993a) en die opvoeder het die hofsak verloor. Soos verder aangetoon sal word in die studie, moet die onderwyser nie net fisiese veiligheid beleef nie, maar ook die nodige psigiese en emosionele sekuriteit hê.

Die onderwyser-afrigter moet bemagtig en ingelig wees rondom wetgewing. Die belangrikste wetgewing sal in die volgende paragrafe bespreek word. Die wetgewing en regs-determinante wat vir die bespreking geselekteer is, is belangrik vir die skep van 'n veilige omgewing om sodoende die onderwyser-afrigter se eie sekuriteit en veiligheid te verseker. Die wetgewing en regs-determinante gaan ontleed word om aan te dui watter rol dit in opvoedersekuriteit speel.

2.2 Wetgewing

2.2.1 Grondwet

Die oppergesag van die Grondwet word bevestig in artikel 2 van die Grondwet van Suid-Afrika: “Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek; enige regsvoorskrif of optrede daarmee onbestaanbaar, is ongeldig, en die verpligting daardeur opgelê, moet nagekom word” (SA, 1996a). Indien na enige nalatigheid of sekuriteit in sportverband gekyk word, moet die Grondwet en sekere bepalings, soos hierna bespreek word, in ag geneem word. Bray (2008b:6) beaam dit deur duidelik te stel dat die Grondwet die hoogste reg is en die belangrikste wetgewing in Suid-Afrika is en wys daarop dat dit die norme en standarde vir ons land stel.

Die vraag kan ontstaan hoekom die Grondwet so 'n bepalende faktor in hierdie studie is. Singh (2001:75) beklemtoon dat goed gestruktureerde navorsing

rondom die Grondwet van Suid-Afrika duidelike reëls gee ten opsigte van veiligheid en sekuriteit en veral ook vir sportdeelname in Suid-Afrika.

Die Handves van Menseregte gee duidelike riglyne en ondersteun die onderwyser-afrigters ten opsigte van hulle sekuriteit met sport-afrigting. Rossouw (2006:15) beklemtoon die stelling wanneer hy sê dat die Handves van Menseregte die regte van almal in die land beskerm. Daardie bepalings in die Handves wat meer spesifiek van toepassing is op die veiligheid en sekuriteit van die opvoeder, en die mate waarin dit 'n direkte invloed daarop het, word vervolgens bespreek:

2.2.1.1 Artikel 9: Gelykheid

Artikel 9 (1) lui soos volg: *“Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg”* (SA, 1996a). Bray (2008a:45) stel dit duidelik dat artikel 9 een van die mees fundamentele regte is. Dat almal gelyk is, is 'n grondliggende waarde van die Grondwet. Currie en De Waal (2005:230) is van mening dat mense wat in dieselfde situasie is, op dieselfde wyse hanteer moet word. Wat in ag geneem moet word, is dat die historiese agtergrond van Suid-Afrika baie tot die vorming van hierdie artikel bygedra het. In die apartheidsera was almal nie gelyk nie en almal kon nie dieselfde voordele benut nie. Currie en De Waal (2005:231) stel dit duidelik deur die Grondwet te gebruik om aan te dui dat die apartheidstelsel sistematies gediskrimineer het teen swart mense op alle vlakke van die sosiale lewe.

Nieuwenhuis *et al.* (2007:211) haal die hofsak van *Prinsloo v Van der Linde* 1997 (6) BCLR 759 (CC) aan om presies aan te dui wat onbillike diskriminasie is: *“treating persons differently in a way which impairs their fundamental dignity as human beings who are inherently equal in dignity”*. Onbillike diskriminasie kom dus voor wanneer 'n persoon ander mense onbillik en onregverdig hanteer en sy optrede die persone se menswaardigheid aantast.

Om die gelykheidsartikel te verstaan, moet daar eers 'n onderskeid getref word tussen vormlike/formele gelykheid en substantiewe gelykheid. Vormlike of formele gelykheid beteken dat persone op dieselfde wyse hanteer moet word, ongeag hulle ras, geloof of geslag. Om egter substantiewe gelykheid te verseker, moet die omstandighede waarbinne die persone hulleself bevind in ag geneem word (Currie & De Waal, 2005:230), wat 'n groter mate van gelykheid verseker. Die onderwyser-afrigter moet dus hiervolgens alle omstandighede en verskillende agtergronde in ag neem rakende die kinders wat hy of sy afrig.

'n Voorbeeld van onbillike diskriminasie het in die hofsaak van *Matukane and others v Laerskool Potgietersrus*.1996 (3) SA 223 (T) na vore gekom. Die betrokke skool se toelatingsbeleid het nie voorsiening gemaak vir die toelating van swart leerders tot die skool nie. In die hofgeding is bevind dat die skool se toelatingsbeleid ongrondwetlik is weens die feit dat daar onbillik gediskrimineer is op grond van ras en kleur. Die beginsels wat in die hofsaak uitgespreek is, is ook van toepassing op die onderwyser-afrigter, deurdat hy of sy te alle tye die leerders op dieselfde wyse moet hanteer om sodoende alle leerders die nodige veiligheid en sekuriteit binne hulle omgewing te gee.

Geen onderwyser-afrigter mag 'n leerder onbillik hanteer op grond van die taal, ras of agtergrond van die leerder nie (Rossouw, 2006:17.) Die onderwyser-afrigter moet regverdig optree en moet sodoende almal gelyke geleenthede gee om deel te neem en te ontwikkel. Die onderwyser-afrigter is verder ook in 'n ideale posisie om hierdie beginsels sigbaar toe te pas en moet die leerders aanmoedig om die beginsel te respekteer in hulle optrede teenoor diegene wat saam met hulle deelneem deur die regte voorbeeld te stel.

2.2.1.2 Artikel 10: Menswaardigheid

Die mens is 'n unieke wese en moet ook op so 'n wyse hanteer word. Die Handves van Menseregte lê ook klem op die waardigheid van mense en hoe 'n

persoon hanteer moet word, vanuit 'n regspektief beskou. Artikel 10 beskryf dit soos volg: “*Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word*” (SA, 1996a).

Regter Chaskalson maak die stelling in die hofsak *S v Makwanyane and M Mchunu* 1995 (3) SA 391 (CC) rondom menswaardigheid deur dit te stel dat menswaardigheid een van die belangrikste waardes van die Grondwet van Suid-Afrika is. Die regter stel dit verder dat menswaardigheid inherent is en dat dit gerespekteer en beskerm moet word.

In vergelyking met lande soos Amerika, Indië en Kanada, waar daar nie 'n spesifieke artikel is waarvolgens die mens se menswaardigheid beskerm word nie, kom die besef dat die kwessie van menswaardigheid wat vervat word in die Grondwet baie waarde het vir die ontwikkeling van ons samelewing (Singh, 2002:67).

Dit is een van die belangrikste pligte van die onderwyser-afrigter om die menswaardigheidsbeginsel deurlopend toe te pas. Elke speler is uniek en elkeen het sy eie waardigheid wat gerespekteer moet word. Pelser (2009) verwys in 'n koerantberig na 'n onderwyser by Laerskool J.J. van der Merwe wat 'n leerder by 'n rugbyoefening oor sy skouer getel het en al die seuns beveel het om die seun 'n “bakoond” te gee, waarna die onderwyser self die seun ook geslaan het. Die kind is onregmatig “gebakoond” omdat die onderwyser van mening was dat die kind 'n klip by die rugby-oefening gegooi het. Die kind was onskuldig, omdat 'n ander seun later erken het dat hy die klip gegooi het. Pelser (2009) berig verder dat die ouers nie teen die feit was dat die seun geslaan is nie, maar die wyse hoe dit hanteer is. Die waardigheid van die seun het skade gely onder die onderwyser-afrigter se swak diskresie. Rademeyer (2009) berig dat die Departement van Onderwys die betrokke onderwyser-afrigter 'n finale waarskuwing asook 'n R1000 boete gegee het. Mnr Jasper Zwane, onderwyswoordvoerder in Mpumalanga, spreek sy hoop uit dat die straf 'n

duidelike boodskap aan alle onderwysers sal wees dat die Departement geen vorm van lyfstraf sal verdra nie. Die vraag is egter of die straf streng genoeg is, aangesien die leerder se menswaardigheid nie alleen afgebreek is deur hierdie optrede nie, maar ook deur die Grondwet verbied word.

Oosthuizen *et al.* (2004:55) voel sterk daaroor dat die waarde van 'n mens en die reg nie so 'n eenvoudige saak is nie. Hy is verder van mening dat elke persoon sy eie diskresie vorm. Diskresie word gekoppel aan elke mens se eie waardes en norme. Onderwyser-afrigters wat onkundig is aangaande die reg loop die gevaar om hulle skuldig te maak aan die miskenning van die regte van die kind. Dit is elke onderwyser-afrigter se opvoedingsplig om die korrekte toepassing van hierdie waardes voor die leerders uit te leef. Deur aan die leerders respek te toon en hulle menswaardigheid te erken, leer die leerders ook om respek vir ander se menswaardigheid te ontwikkel. Die uiteinde van alles is dat menswaardigheid en gelykheid hand aan hand loop en die onderwyser-afrigter moet hierdie beginsels kan toepas en die waardes kan uitleef.

2.2.1.3 Artikel 12: Vryheid en sekerheid van die persoon

Artikel 12 is 'n kombinasie van die mens se reg op vryheid en sekuriteit en bepaal dat die mens ook die reg het om beskerm te word teen enige liggaamlike en fisieke aftakeling (Currie & De Waal, 2005:293). Die eerste deel van die artikel handel oor die reg op vryheid en sekerheid van 'n persoon. Die klem word veral geplaas op artikel 12(1)(c) “*om vry te wees van alle vorme van geweld van hetsy openbare, hetsy private oorsprong*” (SA, 1996a).

Die onderwyser-afrigter moet waak teen emosionele wyse van optrede wat die veiligheid en sekuriteit van die leerder in gedrang mag bring. 'n Voorbeeld van so 'n geval is die saak in die VSA van *Koffman v Garnett* 574 S.E. 2d 258 (Va.2003). waar die afrigter nalatig was. Andrew Koffman (15) het vir die eerste keer Amerikaanse voetbal begin speel. Die span het in 'n vorige wedstryd swak

verdedig en die afrigter wat die verdediging afrig, was ontevrede en emosioneel oor die span se verdediging. Hy het 'n verdedigingstegniek verduidelik en het Koffman gebruik vir sy demonstrasie. Koffman het slegs 70 kg geweeg en Garnett 120 kg. Garnett het Koffman onverwags op die grond gegooi, met die gevolg dat die seun sy arm gebreek het. Die afrigter het as verweer die gemeenregtelike beginsel van die aanvaarding van risiko - *volenti non fit iniuria* - aangebied, deur te beweer dat Koffman en sy ouers geweet het dis 'n kontaktsport wat die risiko van beserings inhou. Die hof in die eerste saak het hierdie verweer aanvaar, en bevind dat voetbal 'n kontaktsport is en dat beserings kan plaasvind. Die ouers het appèl aangeteken omdat, hoewel voetbal 'n kontaktsport is en wel gevaarlik is, dit nie regverdig is dat die afrigter die kind as 'n voorbeeld sonder waarskuwing en met geweld beseer het nie. Hulle het hierdie soort risiko, wat nie tipies van die spel is nie, aanvaar nie. Boonop was die afrigter emosioneel toe hy dit gedemonstreer het. Die hof het bevind dat Garnett nalatig was en dat hy die veiligheid en sekuriteit van die speler in gevaar gestel het tydens die insident.

Rossouw en Keet (2011:11) maak ook melding van *volenti non fit iniuria* deurdat hulle van mening is dat dit een van die vereistes is vir regsgeldige toestemming. Hulle wys daarop dat daar in skoolsport met minderjarige kinders gewerk word, wat mag sukkel om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is. Rossouw en Keet (2011:11) voeg by : “*Die vraag sal dus ontstaan ten opsigte van in watter mate 'n minderjarige hierdie onderskeid kan tref.*” Onderwyser-afrigters mag dus reken dat hulle leerders se toestemming het om risiko's te aanvaar terwyl leerders nog nie volwasse genoeg is om dit te kan doen nie.

In die Grondwet word daar teen onvanpaste optredes deur die onderwyser-afrigter gemaak. Artikel 12(1)(e) dui dit duidelik aan deur die volgende aanhaling: “*om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te*

word nie". (SA, 1996a). Die onderwyser-afrigter moet besef dat hy sy eie veiligheid en sekuriteit in gedrang bring as hy ongrondwetlik optree.

Nieuwenhuis *et al.* (2007:212) verwys na Malherbe en Beckmann (2003), waar verklaar word dat artikel 12 baie nou saam met menswaardigheid loop en dat enige skade aan die mens se liggaam, hetsy liggaamlik of psigologies, die mens se menswaardigheid afbreek en dat dit die veiligheid en sekerheid van die mens in gedrang kan bring.

Van Staden (2009) spreek haar verbasing uit oor wat gebeur het by 'n skool in Ermelo waar die onderwyser die kind tydens 'n bakoond geslaan het en sy maats gedwing het om die seun ook te slaan (vergelyk bespreking in paragraaf 4.3.1.2). Sy bepleit die feit dat die kind veilig moet wees by die skool en veral teen 'n onderwyser-afrigter wat 'n kind op 'n wrede wyse behandel. Sy sluit die berig af met die volgende: *"'n ware onderwyser het nie geweld nodig om enige iets met die kinders in hulle sorg uit te rig nie. Hulle doen dit gewoonlik met liefde."*

Joubert en Prinsloo (2009:162) ondersteun bostaande stelling deur dit duidelik te stel dat 'n onderwyser-afrigter 'n verpligting het teenoor die leerders om hulle teen enige gevaarlike aktiwiteite wat die leerders se lewe in gevaar kan stel te beskerm. Die skrywers noem voorbeelde soos om leerders te slaan.

2.2.1.4 Artikel 28: Kinders

Kinders is minderjarige burgers van Suid-Afrika, maar word in dieselfde mate as volwassenes deur die Grondwet beskerm, maar per definisie is hulle meer kwesbaar a.g.v. hulle jeugdige ouderdom en vlak van emosionele ontwikkeling. Hulle word in die Handves van Menseregte beskerm ingevolge veral artikel 28.

Vir hierdie studie is artikel 28 (1)(d) van spesifieke belang: "Elke kind het die reg om teen mishandeling, verwaarloos, misbruik of vernedering beskerm te word." In sekere samelewings word gevind dat die ouers en gemeenskap swaarkry as

gevolg van armoede, werkloosheid, verslawing aan drank en dwelms asook misdaad. Currie en De Waal (2005:614) dui juis daarop dat die kinders in baie gevalle in hierdie tipe samelewings die slagoffers van mishandeling deur hulle ouers is. Die onderwyser-afrigter moet daarteen waak dat hy nie ook betrokke raak by enige vorm van mishandeling nie.

In die hofsaak tussen *S v Williams and Others* 1995 (3) SA 632 (CC) kom die saak voor waar drie jeugdige gestraf is deurdat hulle elkeen vyf houe ontvang het. Die hof het bepaal dat die wyse van straf 'n vorm van mishandeling is. Om misdadigers te slaan, is volgens die Strafproseswet van 1977 strydig met die Grondwet. Die Strafproseswet is aangepas na die saak van *S v Williams and Others* 1995 (3) SA 632 (CC). Die uitspraak van die hofbevel het ook wyer gekring tot by die onderwys, deurdat onderwysers ingevolge art 10 van die SA Skolewet (SA, 1996b) nie meer leerders kan straf deur hulle lyfstraf te gee nie.

NAPCAN, die *National Association for Prevention of Child Abuse and Neglect in Australia* definieer kindermishandeling soos volg: “*anything which individuals or institutions do, or fail to do, that directly or indirectly harms children or damages their prospects of a safe and healthy development*” (ASC, 2000e:10).

Mishandeling kan gebaseer wees op geslag, ras of seksualiteit, maar by sport kan dit in baie gevalle gebaseer wees op misbruik van 'n onderwyser-afrigter se gesagsposisie. Rossouw (2006:115) verwys na die feit dat die onderwyser-afrigter in gereelde fisieke en emosionele verhoudings met die leerders kan wees en dat die afrigters deur die misbruik van hulle magposisie die leerders kan mishandel. Verder verwys Rossouw (2006: 115) na Simms wat daarop wys dat die onderwyser-afrigter die leerders fisies en emosioneel kan mishandel deur die leerders die verkeerde oefeninge te laat doen, die leerders te betas tydens afrigting, of algemene emosionele verwaarlosing, wat alles vorme van mishandeling is.

In die konteks van hierdie studie is dit van groot belang om artikel 28 (2) te verstaan: “ ’n kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak” (SA, 1996a). ’n Onderwyser-afrigter word normaalweg beskerm, maar sodra die veiligheid van die kind in gedrang kom en die onderwyser-afrigter ’n mate van risiko skep wat nie in die beste belang van die kind is nie, oortree die afrigter die Grondwet van Suid-Afrika. Smit (2008:80) beklemtoon bostaande stelling en benadruk verder dat die Grondwet gebaseer is op dieselfde siening as die grondwette van ander lande. Die kind moet te alle tye veilig wees. Nieuwenhuis *et al.* (2007:214) verwys na Malherbe en Beckmann (2003:47) deurdat hulle van mening is dat die onderwyser in elke besluit wat geneem word, die belange van die kind altyd eerste moet stel.

Rossouw (2007:212) het empiries gevind dat onderwyser se persepsies is dat hulle fundamentele regte dikwels geïgnoreer word. Hierdie persepsie word gebaseer op die oordrewe klem wat geplaas word op die regte van kinders. Rossouw (2007:12) maak verder die volgende stelling: “*As a result of this perception educators regularly report feelings of a lack of security, including both emotional and physical safety.*”

Leerders het die hulp van onderwyser-afrigters nodig om geborgenheid en veiligheid te beleef. Spengler *et al.* (2006:23) is van mening dat die gemeenskap hoë waardes stel aan die veiligheid en sekuriteit van deelnemers aan sport. Dit is die onderwyser-afrigter se etiese en professionele verantwoordelikheid om die leerders te beskerm.

Die ironie van die saak is dat die beste belang van die kind nie altyd bepaal kan word nie, omdat mense se sienings en menings verskil. Die *Organisation of African Unity* (OAU) se “*Convention on the Rights of the Child*” maak in artikel 3 melding van die beste belang van die kind. Die riglyne vir korrekte optrede lui soos volg, soos aangehaal deur Bray (2008a:72):

In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interest of the child shall be a primary consideration.

State Parties (i.e. South Africa) undertake to ensure the child such protection and care as is necessary for his or her well-being, taking into account the rights and duties of his or her parents, legal guardians, or other individuals legally responsible for him and her and, to this end, shall take all appropriate legislative and administrative measures.

State Parties shall ensure that the institutions, services and facilities responsible for the care and protection of children shall conform with the standards established by competent authorities, particularly in the areas of safety and health, and in the number and suitability of their staff, as well as competent supervision.

’n Ontleding van hierdie riglyne dui daarop dat die primêre doelwit van die handves is dat die kind se beste belang hoogste prioriteit sal geniet. Die onderwyser-afrigter moet dus te alle tye en na die beste van sy vermoë in die beste belang van die leerders optree. Dit is immers wat van alle onderwysers verwag word.

Die leerder moet beskerm word en die Grondwet asook ander gepaste wette moet in ag geneem word. Die onderwyser-afrigter moet ook die leerder se ouers of voogde se wyse van opvoeding in ag neem. Groepe verskil van mekaar volgens hulle geloof en kultuur.

Die betrokke partye asook die onderwyser-afrigter moet verseker dat die omgewing waarbinne die leerder deelneem altyd veilig is en dat daar genoegsame sekuriteit is. Die reëls van die sport moet ook te alle tye

gerespekteer word en moet aan die leerders verduidelik word, sodat hulle dit duidelik verstaan.

Die standaard van beskerming sal deur die betrokke rolspelers bepaal word. In kort moet die beste belang vir die leerder altyd gesoek word.

2.2.1.5 Artikel 29: Onderwys

Oosthuizen *et al.* (2004:60) verwys na Malherbe (1997), wat bevestig het dat artikel 29 die resultaat van baie ondersoek, intensiewe onderhandelings en noukeurige ontwerp was. Artikel 29 (1) lui soos volg: “elkeen het die reg op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes”.

Dit is ingevolge artikel 29 dus die Staat se verantwoordelikheid om aan almal basiese onderwys te verskaf. Die verantwoordelikheid word volgens Bray (2008a:83) uitgebrei deurdat die skole funksioneel moet wees en dat die opvoeders opgelei moet wees.

Oosthuizen *et al.* (2004:22) stel dit verder dat hierdie reg nie onbeperk is nie, maar dat dit beperk is tot basiese onderwys, wat verpligtend is vir die kind tot op die ouderdom van 15 jaar. Die volwassene word egter nie weerhou van die basiese onderwys wat hy of sy behoort te ontvang nie. Die kernpunte is dat elkeen in die land die reg het op:

- basiese onderwys vir kinders sowel as volwassenes;
- verdere onderwys in die mate wat dit voorsien kan word;
- onderwys in die taal van sy of haar keuse in die mate wat dit verskaf kan word;
- gelyke toegang tot onderwysinstellings.

In die konteks van hierdie studie kan basiese onderwys moontlik ook basiese sportafrigting insluit in die mate wat sport as 'n wesenlike onderdeel van onderwys en opvoeding beskou kan word. Die Staat het egter nie ingevolge die

Grondwet 'n plig in verband met ko-kurrikulêre aktiwiteite nie. Hierdie verpligting val onder die beheerliggaam van 'n skool en word vervat in artikel 21 (SA, 1996b) wat verder in par 2.2.2 bespreek sal word.

Singh (2005:83) ondersteun hierdie siening deurdat hy van mening is dat sport 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die leerder se potensiaal speel. Buitekurrikulêre aktiwiteite vorm saam met die onderwys 'n integrerende deel van die kind se vorming. Singh (2005:84) verwys na Schoon (1994) dat daar 'n direkte verband kan wees tussen leerders se prestasie op die sportveld en die prestasies wat hulle op akademiese gebied behaal.

Die kind moet verkieslik blootstelling kry aan verskillende sportsoorte. Die onderwyser-afrigter moet gekwalifiseerd wees om die kinders die beste afrigting te kan gee, wat veilige deelname insluit. Joubert en Prinsloo (2009:153) stel dit duidelik dat die onderwyser nie die verskoning kan gebruik van "*Ek het nie geweet nie*". Die onderwyser-afrigter het altyd 'n hoër mate van sorg. Joubert en Prinsloo maak verder melding van die Hooggeregshofsaak van *S v De Blom* 1977 (3) 1977 SA 513 A waarvolgens alle vorme van menslike aktiwiteite gekontroleer word deur wetgewing en reëls. Die implikasie van die hofsaak is dat die onderwyser-afrigters hulself vertrou moet maak met wetgewing om sodoende hulself teen aanspreeklikheid te beskerm hierdie saak het dus die gemeenregtelike fiksie dat elkeen die reg behoort te ken, omvergewerp. Die Grondwet kan vir die onderwyser-afrigter as riglyn dien, maar in die spesifieke beroep waarbinne onderwysers hulself bevind, sal daar ook gekyk moet word na die Suid-Afrikaanse Skolewet. Daar is aspekte in die Skolewet wat toepaslik is op die studie wat vervolgens bespreek sal word.

2.2.2 Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

Die Suid-Afrikaanse Skolewet is goedgekeur op 6 November 1996 en is in werking gestel op 1 Januarie 1997. Die doel van die Skolewet is om voorsiening

te maak vir 'n eenvormige stelsel vir die organisasie, bestuur en finansiering van skole.

Oosthuizen *et al.* (2008:83) is van mening dat die Skolewet 'n onderwysklimaat kan skep waar die leerder in 'n omgewing onderrig kan word wat gekenmerk word deur gelykheid en waar daar dus geen onbillike diskriminasie is nie .

Een van die eienskappe van die Skolewet is dat dit die funksies toeken aan die beheerliggame van skole, wat eerste bespreek sal word.

2.2.2.1 Die verantwoordelikheid en funksies van die beheerliggaam

Die bestuur en beheer van 'n skool is baie belangrik om genoemse sekuriteit en veiligheid te skep. Die beheer is die verantwoordelikheid van die beheerliggaam van 'n skool, wat voldoende maatreëls moet instel om te verseker dat die skool goed funksioneer en onder andere dat voldoende aandag aan veiligheid geskenk word. Die maatreëls sluit die volgende in:

- Daar moet 'n gedragskode by die skool wees.
- Daar moet vasgestelde tye bepaal word vir normale skooldae asook vir buitekurrikulêre aktiwiteite.
- Daar moet bestuur en beheer wees rondom die skool se geboue, terrein en sportvelde.
- Aanbevelings moet gemaak word oor die onderwysers se aanstellings by die skool.

(Smit, 2008:84)

Die skool kan met die ondersteuning van die beheerliggaam 'n gedragskode opstel vir die skool waaronder die buitemuurse aktiwiteite van die skool val. Die gedragskode moet duidelik wees en van toepassing wees op die onderwyser-afrigter, leerders en ouers. Die gedragskode moet duidelike riglyne gee oor die optredes van al die persone wat betrokke is by die skool. Verder moet die beheerliggaam die bestuur en beheer van die skool se geboue, terrein en

sportvelde beheer. Die pligte van die beheerliggaam is dan ook verder om beheer te neem oor die skool se finansies en om aanbevelings maak oor moontlike aanstellings by die skool.

Colditz (2007:1) noem dat die Skolewet presies uitspel wat onder die begrip “beheer” verstaan of wat alles daaronder ingesluit moet word. Hy is verder van mening dat beheer ’n universele begrip is en wat oral oor die wêreld bekend is en waarskynlik oral deur die wêreld eenders verstaan word. Die beheerliggaam het ’n groot taak om te verseker dat die skool se aktiwiteite suksesvol beheer en bestuur word.

Colditz (2007:6) verduidelik die verskil tussen beheer en bestuur. Beheer is die bepaling van die fokus, beleid en strategie, terwyl bestuur met die uitvoering daarvan te doen het.

Artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) sluit nou aan by artikel 20 (1)(c) waar een van die funksies van beheerliggame aangedui word as om die missiestelling van die skool te ontwikkel (SA, 1996b). Joubert (2008:27) is van mening dat ’n veilige en positiewe omgewing vir effektiewe onderwys deur ’n goed beplande gedragskode geskep kan word. Die *“Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners”* (SA, 1996a), wat ’n addendum van die Skolewet is, bepaal dat elke beheerliggaam ’n gedragskode moet opstel om aan die leerders die nodige riglyne te gee vir die wyse hoe hulle moet optree. Die riglyne bepaal dat leerders nie net regte het nie, maar ook verantwoordelikhede en dat hulle dit moet nakom.

Samuel en Colditz (2003:1) deel die funksies van die beheerliggaam op in twee kategorieë, naamlik algemene funksies en toegewese funksies. Hulle is verder van mening dat die belangrikste en mees bruikbare algemene funksie artikel 20 (1)(a) van die Skolewet is, naamlik die bevordering van die beste belange van

die skool en die voorsiening van onderwys van gehalte. Hierdie stelling hou ook implikasies in vir buitemuurse aktiwiteite.

Om die onderwyser-afrigter die geleentheid te gee om sport met oorgawe af te rig, moet daar genoegsame veiligheid en sekuriteit geskep word. Dit kan gedoen word deur die skepping van 'n ondersteuningsraamwerk vanaf die beheerliggaam. Die onderwyser-afrigter moet die beste belang van die skool dien en gehalte-onderrig en afrigting moet plaasvind. Die gedragskode, as prominente deel van sodanige ondersteuningsraamwerk, is nie net van toepassing op die klaskameraktiwiteite nie, maar dit is ook van toepassing op die buitemuurse aktiwiteite van 'n skool.

Burger en Goslin (2005:1) verwys ook daarna dat die bestuur van sport baie meer kompleks word en dat die beheerliggame, hetsy die skool of sportliggame, duidelike reëls en riglyne moet stel in die onderskeie gedragskodes. Die gedragskodes bring mee dat die onderwyser-afrigter asook die leerders veiligheid en sekuriteit binne hulle sportsoorte kan beleef. Indien dit ontbreek, verhoog die mate van risiko.

2.2.2.2 Aanspreeklikheid van die Staat

Artikel 60 van die Skolewet, wat staatsaanspreeklikheid vir skole daarstel en reguleer, lees soos volg:

Die Staat is aanspreeklik vir enige skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalings van hierdie artikel (SA, 1996b).

Hierdie artikel impliseer dat, indien 'n skool aanspreeklik gehou kan word vir skade weens die nalatige optrede van 'n onderwyser-afrigter, die Staat

aanspreeklikheid aanvaar. Die beginsel waarop hierdie bepaling berus, is die feit dat die Staat die primêre verantwoordelikheid vir die verskaffing van onderwys dra. 'n Sprekende voorbeeld van die toepassing van hierdie bepaling is die saak tussen *Louw and another v Lid van die Uitvoerende Raad, Vrystaat, Onderwys en Kultuur en ander* (2004) JOL 12856 (O) waar die ouers 'n saak gemaak het teen 'n personeellid op grond van nalatigheid, toe Armand Louw amper verdrink het en breinskade in die proses opgedoen het. Die opvoeder is deur die Beheerliggaam aangestel, wat as werkgewer deur die klaer verantwoordelik gehou is vir die skade. Die Vrystaatse Departement van Onderwys het artikel 20(10) van die Skolewet (SA, 1996b) voorgehou om aan te toon dat hulle nie aanspreeklik gehou kon word vir die skade nie. Die Hof het egter bevind dat die Vrystaatse Onderwysdepartement se verweer geen meriete gedra het nie en dat ingevolge artikel 60 (SA, 1996b) hulle wel aanspreeklikheid moet aanvaar. Die LUR se appèl het nie in die saak *MEC for Education & Culture, Free State v Louw* 2006 (1) SA 192 (SCA) geslaag nie. Die implikasie van genoemde uitsprake vir hierdie studie is dat staatsaanspreeklikheid ook geld in gevalle waar die opvoeder nie in diens van die staat is nie. Art. 60 is dus nie gebaseer op die beginsel van middellike aanspreeklikheid nie, maar op die feit dat dit die staat se verantwoordelikheid is om onderwys te voorsien.

'n Ander hofsaak wat die aanspreeklikheid van die Staat beklemtoon, is *Peter Wynkwart v Minister of Education and Another* 2002. Case 4168/199(C). Aan die einde van die skooldag het die Graad 3-klas verdaag en die opvoeder (me. Nelson) het die kinders vergesel na die hek waarvandaan hulle huis toe moes vertrek. Die skolierpatrolie sou die kinders dan oor 'n besige pad vergesel. Die leerders moet van een spesifieke hek gebruik maak.

Op die betrokke dag het Randall Wynkwart die skoolterrein verlaat deur gebruik te maak van 'n ander hek, wat gesluit is vir veiligheidsredes en waar geen toesig

was nie. Die leerder het toe oor die hek geklim, van die hek afgeval en sy kop gestamp waarna die leerder dadelik verlam was.

Randall het getuig dat niemand ooit aan hulle gesê het dat hulle nie die hek mag gebruik nie. Die verweerder se verweer was dat, tydens saalopening by die skool, dit aan al die leerders deurgegee is dat hulle nie die hek mag gebruik nie. Regter Ngwenyane het bevind dat dit die opvoeder se plig is om die leerders te vergesel en dat daar behoorlike toesig oor die leerders moes wees. Leerders van daardie ouderdom is impulsief, onvoorspelbaar en onverantwoordelik. Regter Ngwenyane wys daarop dat dit nie genoeg was om die reël net by een saalperiode deur te gee aan die leerders nie. Hy bevind dus dat die opvoeder nalatig was, wat gelei het dat Randall 'n permanente kwadrupleeg geword het.

In die Wynkwart-saak is die opvoeder dus nalatig bevind en is die Staat aanspreeklik gehou vir die skade. Die verweerdere, die Minister van Onderwys en Laerskool Highlands het 'n appèlsaak in die Hooggeregshof aanhangig gemaak. Die Hooggeregshof was ten gunste van die appellante. Die hoofrede vir die omgekeerde uitspraak was dat alle redelike stappe ter voorkoming van die voorval gedoen is. Die respondente kon nie voldoende bewys lewer dat daar versuim aan die kant van die appellante was rakende die doen van redelike stappe om te voorkom dat 'n leerder oor die hek sou klim nie. Die appèl het wel geslaag, maar die onderwyser-afrigters moet besef dat daar meer druk is op hulle sorgsame toesighoudingsplig. Die gerusstelling wat die onderwyser-afrigters kan hê is dat, indien alle nodige veiligheidsmaatreëls getref is, hulle beskerm word teen enige aanspreeklikheid op grond van die werking van artikel 60.

2.2.3 Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

Roos en Oosthuizen (2005:29) wys daarop dat die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) se vernaamste doelstellings die regulering van sake rakende die opvoeder as werknemer is. Hierdie doelstellings is die volgende:

- Die bepaling van diensvoorwaardes van opvoeders wat in diens van die Staat is;
- Die regulering ten opsigte van aanstellings, bevorderings en sekondering;
- Diensbeëindiging;
- Onbekwaamheid en wangedrag.

Hoofstuk 5 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) bepaal die standaard van opvoeders se optrede. Dit bepaal verder ook wat van opvoeders verwag word rondom die uitvoering van hul pligte. Artikel 16 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) is riglyne wat gebruik kan word indien opvoeders nie die vermoë het om hulle pligte uit te voer nie. Daar is ook riglyne wat deur die werkgewer, wat in hierdie geval die Onderwysdepartement is, gebruik kan word om die opvoeder te assesseer.

In hierdie studie is artikel 17 van Hoofstuk 5 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) baie belangrik, omdat wangedrag duidelik uiteengesit word. Artikel 17 (1) (a) - (f) bepaal wat ernstige wangedrag is. Hierdie ernstige wangedrag is die volgende:

- (a) diefstal, omkoperij, bedrog of 'n daad van korrupsie ten aansien van eksamens of bevorderingsverslae;
- (b) die pleeg van 'n daad van seksuele aanranding ten aansien van 'n leerder of ander werknemer;
- (c) die aanknoop van 'n seksuele verhouding met 'n leerder van die skool waar hy of sy in diens is;

- (d) ernstige aanranding, met die opset om ernstige liggaamlike leed aan te doen, van 'n leerder of ander werknemer;
- (e) die onwettige besit van 'n bedwelmende, onwettige of verdowende middel.
- (f) dat hy of sy die oorsaak daarvan is dat 'n leerder enige van die dade beoog in paragrawe (a) tot (e) pleeg.

Opvoeders wat hulle aan een of meer hiervan skuldig maak, stel hulself bloot aan onmiddellike ontslag. Artikel 17 is van toepassing op hierdie studie, aangesien die onderwyser-afrigter homself of haarself skuldig mag maak aan van hierdie vorme van ernstige wangedrag. Een voorbeeld van ernstige wangedrag in die konteks van sportafrigting is gevalle waar leerders fisies of selfs seksueel aangerand word. Hierdie oortredings word by die gemeenregtelike oortredings bespreek (vergelyk paragraaf 2.3).

Artikel 18 (1) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA 1998) verwys na wangedrag wat betrekking het op die ineenstorting van die diensverhouding tussen die opvoeder en sy werkgewer. Sekere vorme van wangedrag kan, soos hierna genoem, in die konteks van sportdeelname, by geleentheid van toepassing wees op onderwyser-afrigters.

18 (1) Wangedrag het betrekking op die ineenstorting van die diensverhouding en 'n opvoeder pleeg wangedrag indien hy of sy:

- (e) in die uitvoering van sy of haar plig, sy of haar eie lewe of lewens van andere in gevaar stel deur gestelde veiligheidsreëls of -regulasies te verontagsaam;
- (g) sy of haar posisie misbruik ten einde die belang van enige persoon te bevorder of te benadeel;
- (k) onbillik teen ander persone diskrimineer;

- (r) 'n ander werknemer of ander persoon aanrand, of poog of dreig om dit te doen.

Artikel 17 en 18 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) hou onderskeidelik met ernstige wangedrag en wangedrag van die onderwyser verband. Sommige hiervan is op die onderwyser in sy rol as sportafrigter van toepassing. Indien die onderwyser-afrigter oortree, kan hy sy pos in gevaar stel. Rossouw (2010:169) is van mening dat die onderwyser se wangedrag 'n direkte en negatiewe impak op die leerders waarmee hy of sy werk kan hê. Hul lewens en veiligheid kan selfs in die gedrang kom. Roos en Oosthuizen (2005:48) is van mening dat die onderwyser die wetgewing moet verstaan en homself of haarself gereeld moet evalueer.

2.2.4 Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000

Joubert en Prinsloo (2001:152) stel dit duidelik dat die doelwitte van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 (SA, 2000b) (hierna verwys as SARO) is om riglyne vir die onderwyser te gee. Die doelwitte word in artikel 2 soos volg gestel:

- om te bou aan die professionele status van die onderwyser deur die nodige maatreëls in te stel,
- die bevordering van professionele ontwikkeling van opvoeders en
- die stel, onderhou en beskerming van etiese en professionele standaarde vir opvoeders deur middel van die funksionering van die raad.

Die primêre doelwitte van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 (SA, 2000b), is dus om die beeld van die onderwyser op te bou en die professionaliteit van die onderwyser op alle gebiede te ontwikkel.

Volgens artikel 5 (b)(i) van hierdie Wet (SA, 2000b) moet SARO die professionele beeld van die onderwyser bevorder, ontwikkel en onderhou. Verder bepaal artikel 5 (c)(i) dat SARO 'n gedragskode moet opstel vir geregistreerde opvoeders en dit dan implementeer. Hierdie gedragskode is volgens die Wet opgestel wat bekend staan as die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se professionele etiese kode (SA, 2000b). Artikel 3 van hierdie gedragskode is van toepassing op hierdie studie deurdat dit die volgende bepalings het:

- die leerder se reg op menswaardigheid, privaatheid en vertroulikheid te respekteer;
- redelike stappe sal doen om die veiligheid van die leerders te beskerm; en
- nie nalatig of traag is in die uitvoering van sy professionele pligte nie.

Die onderwyser-afrigter moet bewus wees van die SARO-Wet (SA, 2000b) om sodoende hulself te beskerm as hulle by leerders betrokke is. Daar is voorstelle om gedragskodes op te stel. Hierdie gedragskodes is nie altyd spesifiek vir sport nie, maar moet so aangepas word om op sport toegepas te kan word. Rossouw (2008:28) ondersteun hierdie stelling deurdat hy van mening is dat die SARO-wet (SA, 2000b) juis opgestel is sodat die opvoeder weet wat van hom verwag word rondom sy gedrag teenoor leerders, ouers, die gemeenskap en kollegas. Die Wet is 'n standaard wat gebruik moet word.

Greenfield *et al.* (2011:95) verwys ook na die belangrike rol van die professionele etiese kode in hul bespreking van die veiligheid van junior sportdeelnemers. Hulle vergelyk die situasie in Engeland en Suid-Afrika, en maak die volgende stelling: *“Unfortunately, the sphere of sport coaching is internationally notorious regarding improper relationships, abuse and harassment, and South Africa is no exception.”* In die lig van hierdie waarneming is die navolging sowel as

implementering van die SARO-kode van besondere belang vir veilige deelname in Suid-Afrikaanse skolesport. Onetiese gedrag kan lei tot afdanking.

2.2.5 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993

Oosthuizen *et al.* (2004:25) is van mening dat, benewens die algemene onderwyswette en regulasies wat bespreek is, daar ook 'n aantal ander wette is wat 'n invloed op onderwys het. Hy is verder van mening dat die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 (SA, 1993a), 'n groot impak op die onderwys het.

Joubert en Prinsloo (2009:156) wys daarop dat die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 (SA, 1993a), voorsiening wil maak vir die gesondheid en veiligheid van mense in hulle werksplek. Die veiligheid en gesondheid van die persone moet ook beskerm word tydens al die verskillende aktiwiteite wat plaasvind. Daar is sekere verpligtinge op die skool wat voortspruit uit hierdie Wet. Die pligte van 'n skool is soos volg:

- Die skool moet 'n skriftelike veiligheidsbeleid opstel, wat beskikbaar is aan alle onderwysers;
- Alle hoofde en onderwysers moet poog om saam te werk om sodoende 'n veilige, risiko-vrye omgewing te skep waar onderwysers en leerders veilig is;
- Alle onderwysers moet die nodige verantwoordelikheid neem om die veiligheid van leerders te beskerm. Die leerders se veiligheid moet nie in gedrang kom a.g.v. sy optrede nie;
- Onveilige toestande moet dadelik geïdentifiseer word en so gou as moontlik veilig gemaak word;
- Alle onderwysers moet die nodige wetlike instruksies uitoefen om sodoende die nodige gesondheid en veiligheid van die leerders te beskerm;
- Indien daar meer as 20 personeellede by 'n skool is, moet die skoolhoof 'n veiligheidsvertegenwoordiger aanstel. Hierdie aanstelling moet skriftelik wees.

Die waarde van 'n veiligheidsbeleid by skole dra baie by tot die veiligheid en sekuriteit van onderwyser-opvoeders, omdat dit duidelike riglyne stel. Dit moet in ooreenstemming wees met die bestaande Departementele veiligheidsregulasies. Indien die onderwyser-afrigter in samewerking met die skoolhoofde werk om sodoende 'n veilige werksomgewing te skep, kan dit tot hulle eie veiligheid en sekuriteit bydra. Indien die opvoeder die veiligheidsbeleid verstaan en gereeld gebruik, kan daar dadelik agtergekom word indien die omgewing nie veilig is nie en dienoooreenkomstig die nodige maatreëls tref om die omgewing veilig te maak. Die grootste element van kommer is of die onderwyser-afrigters die nodige kennis het rondom alle toepaslike wetgewing om hulself te beskerm. Hierdie kwessie word in die empiriese studie aangespreek.

2.2.6 Samevatting

Die veiligheid en sekuriteit van die opvoeder is die sentrale tema van die studie. Volgens hierdie sentrale tema is wetgewing 'n baie belangrike aspek wat in ag geneem moet word. As wetgewing bestudeer word, moet daar eerstens na die Grondwet (SA, 1996a) gekyk word. Dit is die primêre wet in Suid-Afrika en is ook van belang vir opvoeders. Die volgende Wet wat bestudeer word, is die Skolewet (SA, 1996b). Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) loop hand aan hand met hierdie Wet en word ook bestudeer. Alle onderwysers moet geregistreer wees by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SA, 2000b) en hierdie Wet is ook bestudeer. Omdat die sentrale studie die veiligheid en sekuriteit van opvoeders is, is die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (SA, 1993a) ook bestudeer.

2.3 Gemene reg

Beckmann *et al.* (1995:3) sê van die Suid-Afrikaanse gemene reg dat dit *inter alia* van die ou Romeinse en Romeins-Hollandse skrywers afgelei word. Dit verwys ook na regspraak in hofbeslissings en die wyse waarop die howe die

betekenis van die ou geskifte geïnterpreteer en toegepas het. In 'n breër konteks kan die gemene reg gesien word as die wyse waarop hoër die gebruike van die samelewing in ag neem, interpreteer en toepas.

Rossouw (2006:20) is van mening dat die gemene reg gedefinieer kan word as die ongekodifiseerde wetlike tradisie wat van die Romeins-Hollandse reg en die Engelse wetgewing oorgeërf is. Oosthuizen *et al.* (2004:17) ondersteun bostaande stelling en voeg by dat die beginsel aangepas word by 'n eiesoortige samelewing en so ook volgens die samelewing ontwikkel word. Gemene reg is nie deur enige parlement uitgevaardig nie, maar vorm deel van 'n regsfeer.

Fischer *et al.* (1999:129) is van mening dat gemeenregtelike reëls oor 'n tydperk gevorm word en dit verander soos wat die situasie of omstandighede verander. Rossouw (2010:34) wys daarop dat artikel 33 van die Grondwet (SA, 1996a), sowel as die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 3 van 2000 (SA, 2000a) gesien kan word as gekodifiseerde beginsels vanuit die gemene reg. Die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996a) bevestig in artikel 39 dat die gemene reg in ag geneem moet word by die interpretasie van wetgewing. Verder stel dit ook dat die Handves van Regte die bestaan van gemene reg erken en ondersteun.

Bray (2008a:59) reken dat die gemene reg 'n belangrike aspek is in die onderwys, omdat daar heelwat reëls is wat in die onderwys toegepas kan word. Baie van die gemeenregtelike beginsels word vandag in wetgewing toegepas. Rossouw (2006:23) lys, soos in Tabel 2.1 aangedui is, enkele gemeenregtelike beginsels wat op die opvoeder van toepassing is.

Tabel 2.1: Gemeenregtelike beginsels

Gemeenregtelike beginsel	Beskrywing
<i>audi alteram partem</i>	Luister na die ander persoon se saak

	Luister na die ander kant van die storie
<i>in loco parentis</i>	In die plek van die ouer
<i>actio legis Aquiliae</i>	Deliktuele aksies wat kan lei tot verliese in besonderse aksies
<i>actio iniuriarum</i>	Deliktuele eise na beserings of reputasie of goeie naam
<i>volenti non fit iniuria</i>	Toestemming, vrywillige aanvaarding van risiko, met die onderneming om nie enige persoon te dagvaar nie.
<i>ultra vires</i>	Om op tree buite jou vermoëns of magte
<i>intra vires</i>	Om op tree binne jou magte
<i>boni mores</i>	Beleide wat gevorm word deur die gemeenskap se sienings

In hierdie studie gaan enkele van hierdie beginsels meer gedetailleerd bespreek word. Deliktuele aanspreeklikheid spruit ook voort uit die gemene reg. Die onderwyser-afrigter se veiligheid en sekuriteit word bepaal deur die vermyding van deliktuele aanspreeklikheid tydens sportafrigting. Om hierdie rede moet daar in detail na deliktuele aanspreeklikheid gekyk word.

2.3.1 Deliktuele aanspreeklikheid as regs-determinant

2.3.1.1 Inleiding

Die onderwyser-afrigter moet die nodige maatreëls in plek hê om die nodige veiligheid en sekuriteit te skep vir die leerders met wie daar gewerk word.

Rossouw (2006:31) ondersteun die mening deur dit duidelik te stel dat 'n skool te alle tye 'n veilige omgewing vir leerders moet skep. Indien die onderwyser-afrigter nalatig is, kan dit tot aanspreeklikheid lei. In hierdie konteks is deliktuele aanspreeklikheid van toepassing,

Die blote feit dat 'n persoon die oorsaak is van 'n ander se benadeling is natuurlik nie voldoende vir aanspreeklikheid nie. Ten einde aanspreeklikheid te vestig, moet aan verdere vereistes voldoen word (Neethling & Potgieter; 2010:3). Beckmann (1995:8) stel dat, indien 'n leerder by 'n skool beseer word, dit nie outomaties weens die skool of onderwyser-afrigter se nalatigheid is nie. Daar is sekere faktore wat in ag geneem moet word.

Neethling en Potgieter (2010:4) gee die volgende omskrywing vir 'n delik: *“n Delik is 'n handeling van 'n persoon wat op onregmatige en skuldige wyse nadeel aan 'n ander veroorsaak”*. Al vyf elemente, naamlik handeling, onregmatigheid, skuld, oorsaaklikheid en nadeel moet teenwoordig wees alvorens deliktuele aanspreeklikheid van die onderwyser-afrigter bewys kan word.

Die vyf fundamentele elemente van die delik word vervolgens bespreek om die beginsels daar te stel waarvolgens die aanspreeklikheid van die afrigter bepaal kan word.

2.3.1.2 Handeling

Neethling en Potgieter (2010:25) verwys na handeling as willekeurige menslike doen of late. Die reg bepaal of daar wel 'n handeling is. Geen persoon kan verantwoordelik gehou word as dit 'n "daad van God" is nie.

Mawdsley (2003) verwys in hoofstuk 7-35 dat 'n handeling gekarakteriseer kan word in die volgende wyses:

- *“malfeasence,”* waar iemand 'n handeling gedoen het wat nooit gedoen moes word nie,

- “*misfeasance*” waar ’n persoon ’n handeling gedoen het wat wetlik was, maar nie regmatig uitgevoer was nie,
- “*nonfeasance*” waar ’n persoon veronderstel was om iets te doen, maar nie het nie.

Oosthuizen en Rossouw (2008:113) is van mening dat ’n daad kan plaasvind indien dit ’n mens se eie willekeurige keuse is. ’n Daad bestaan uit ’n

- *doen* wat ’n positiewe optrede is; of
- *late* wat beteken dat daar geen aksie geneem is om te beskerm nie.

’n Late is ’n aksie wat gedoen moes word, maar nie deur die onderwyser gedoen is nie. ’n Onderwyser-afrigter het sekere wetlike verpligtinge wat hy in die onderwys moet nakom om sodoende die lewens van leerders te beskerm. Hierdie verpligtinge word deur die gemeenskap en deur die opleiding wat plaasvind bepaal.

Neethling en Potgieter (2006:32) stel dit duidelik dat ’n late slegs van toepassing is indien daar versuim is om hoegenaamd positiewe stappe te doen om gevaar af te weer. Verder is hy van mening dat daar ’n grens is tussen ’n regsplig om op te tree of nie op te tree nie.

Joubert en Prinsloo (2001:98) som dit op dat ’n onderwyser fisies betrokke moet wees by die handeling. Die handeling kan ’n positiewe optrede wees. Aan die ander kant kan daar geen optrede wees nie, wat as ’n late beskryf word. Hierdie late kan daartoe lei dat die opvoeder deliktueel aanspreeklik gehou word.

2.3.1.3 Onregmatigheid

Neethling en Potgieter (2010:35) is van mening dat die vraag ten opsigte van onregmatigheid deur ’n tweeledige ondersoek bepaal word. In die eerste plek moet vasgestel word of ’n persoon se belange aangetas is, dus of die handeling vir die persoon ’n nadelige gevolg gehad het. Indien daar ’n nadelige gevolg was,

moet daar in die tweede plek aan die hand van regsnorme vasgestel word of die inwerking op 'n regtens ongeoorloofde of onredelike wyse geskied het.

Rossouw (2004:52) verwys soos volg na onregmatigheid: as 'n leerder beseer word in 'n sport en dit geskied op 'n onregmatige wyse, kan dit tot deliktuele aanspreeklikheid lei. Die aard van die sport speel 'n rol, aangesien die mate van risiko wissel, wat onregmatigheid kan beïnvloed.

In die hofsaak van *Lubbe v Jacobs* 2002 High Court of South Africa: Transvaal het 'n pa 'n saak gemaak teen sy dogter se hokkie-afrigter. Nadia is beseer tydens 'n hokkiedag. Sy het, nadat sy haar wedstryd gespeel het, haar onderwyseres se baadjie in haar sak gaan bêre. Die onderwyseres was besig om 'n ander hokkiewedstryd as skeidsregter te hanteer. Die sakke was agter die doelhokke. Terwyl sy besig was om die baadjie te bêre, het 'n hokkiebal haar getref. Die ouer het gevoel dat die onderwyseres onregmatig teenoor die kind opgetree het en dat daar nie sorgsame toesig was nie. Die regter het bevind dat Nadia oud genoeg was om te weet wat die gevare was en dat die onderwyser-afrigter nie nalatig was nie.

Oosthuizen en Rossouw (2008:117) verduidelik dat, om onregmatig op te tree, die subjektiewe reg van die persoon geskend moes word. Daar word dus bepaal of daar 'n nienakoming van enige wetlike verpligting was, wat moontlik tot skade, besering of dood gelei het.

Die hofsaak van *Smoldon v Whitworth* 1997 ELR 249, CA. is 'n voorbeeld waar 'n persoon onregmatig kan optree en sodoende die wetlike verpligting verbreek. Die skeidsregter het 'n o.19-wedstryd in Engeland hanteer. Die skeidsregter het nie die destydse "*crouch-pause-engage*"-metode by die skrums reg hanteer nie. Hy het ook ander foute gemaak deur nie beslis op te tree wanneer die skrums gereeld inmekaar gesak het nie. Die spelers het gereeld gekla en die grensregters het hom gereeld gewaarsku dat die spelers gaan seerkry. Die hof

het bevind dat die skeidsregter nie beheer oor die wedstryd gehad nie en dat 'n speler is a.g.v. sy onregmatige optrede beseer. Hy is vir die speler se ernstige spinale besering aanspreeklik gehou.

Rossouw (2004:52) stel dit dat daar wel 'n ander kriterium gebruik kan word om onregmatigheid te bepaal. Deur gebruik te maak van die *boni mores*-toets, word die gemeenskap se standarde en oortuigings rakende regs aanspreeklikheid gebruik. Die belangrike aspek is dat die gemeenskap waarbinne dit plaasvind, die bepalende faktor gaan wees met hierdie toets. Onregmatigheid moet binne die reëls van elke sportsoort bepaal word. Die beginsel waarbinne die sportsoort afgerig word, sal bepaal of die onderwyser-afrigter onregmatig optree of nie.

As voorbeelde van onregmatighede in sport kan 'n onderwyser-afrigter homself/haarself aan teistering en lyfstraf skuldig maak. Hierdie handeling word vervolgens bespreek.

- *Lyfstraf in sport*

Badenhorst *et al.* (2007:305) is van mening dat lyfstraf se afskaffing in 1996 'n toename in gedragsprobleme by leerders veroorsaak het. Om dit egter as argument te gebruik om lyfstraf terug te bring, is nie 'n kitsoplossing vir die leerder se wangedrag nie. Dit is verder kommerwekkend dat die onderwysers die onvermoë het om leerdergedrag te bestuur. Hierdie vorm van dissiplinering kan ook in sportafrigtingsverband genoem word, waar oormatige blootstelling aan harde, fisieke oefening ook as lyfstraf gereken kan word, spesifiek wanneer die oefening as straf bedoel word..

Nieuwenhuis (2007:220) verwys na die "*Education 2000 plus project*" waar 'n studie by 27 skole gedoen is rakende lyfstraf. Die skole wat betrek is by die studie verteenwoordig die hele spektrum van die onderwys. Die studie se bevindings is soos volg in Tabel 2.2 uiteengesit:

Tabel 2.2: Skole wat lyfstraf toepas

<i>Gebruik die skool lyfstraf as straf?</i>	<i>Ja</i>	<i>Nee</i>
Leerders	81,5%	18,5%
Onderwysers	74%	26%
Skoolhoofde	74%	26%

Hoewel die syfers nie die frekwensie, intensiteit of mate van aggressie aandui nie, is die hoë persentasies van die respondente wat bevestigend geantwoord het 'n aanduiding dat onderwysers hulle soms aan ongrondwetlike optrede skuldig maak, sowel as aan gedrag wat in stryd is met artikel 10 in die SA Skolewet (SA, 1996b).

Rossouw (2006:44) is van mening dat dit 'n vorm van lyfstraf is as 'n afrigter op 'n fisieke wyse oormatige druk op 'n leerder plaas om te presteer en veral as 'n onderwyser-afrigter aggressief is in sy optrede. Die onderwyser-afrigter moet waak teen enige van sulke optredes. Inlywingsrituele by sportsoorte deur leerders en afrigters is ook vorme van lyfstraf en word deur wetgewing verbied.

In die hofsaak *Hinson v Holt* 776 So.2d 804, is 'n Liggaamlike Opvoeding-onderwyser skuldig bevind op aanklagte dat hy 'n leerder lyfstraf toegedien het. Dit is heeltemal in stryd met die skool se beleid. Die onderwyser is dadelik uit sy pos verwyder. In die hedendaagse samelewing is lyfstraf 'n onaanvaarbare manier van dissiplinering, en die onderwyser-afrigter tree dus onregmatig op as hy dit op leerders tydens sportafrigting toepas.

- *Seksuele teistering*

Engel (2005:1) is van mening dat 'n kind wat emosionele ontwikkeling, liefde en ondersteuning ontnem word, grootword met ernstige emosionele en fisieke

agterstande. 'n Kind wat verbaal en fisies mishandel is, is soms aggressief en het 'n lae selfbeeld, terwyl 'n kind wat seksueel mishandel is ernstige psigologiese skade opdoen wat die kind vir die res van sy of haar lewe volg. Lewis (1994:84) is van mening dat wanneer 'n kind seksueel mishandel of verkrag word, dit 'n uitdrukking van mag aan die kant van die oortreder is. Die kind word nie gekies op uiterlike voorkoms nie, maar eerder hoe weerloos en kwesbaar die kind is. Lewis (1994:109) is van mening dat seksuele teistering wel soms by skole plaasvind en dat onderwysers hierby betrokke kan wees.

Rossouw (2006:117) stel dit duidelik dat enige vorme van seksuele teistering en mishandeling onwettig is. Dit sluit ook in waar 'n onderwyser-afrigter seksuele praatjies aanknoop, seksuele grappies maak, seksuele suggestiewe gebare maak, pornografiese materiaal aan leerders wys en die onderwyser-afrigter homself dus skuldig maak aan sulke oortredings. In die hofsak *Forte v Mills* 672 N.Y.S. 2d 497, waar 'n New Yorkse onderwyser in Liggaamlike Opvoeding se pos beëindig is omdat hy die bra van 'n dogter se bandjies gebreek het. Dit mag heel onskuldig skyn, maar dit is 'n baie ernstige oortreding en sonder meer onregmatig.

Rossouw (2006:117) is van mening dat leerders by sport meer aan mishandeling en teistering as by ander skoolaktiwiteite blootgestel kan word. Die rede hiervoor is omdat daar meer fisieke kontak is as by ander aktiwiteite. In sport word, ideaal gesproke, die geleentheid vir 'n positiewe gesindheid asook 'n gesonde omgewing geskep. Daar heers tussen die leerder en die onderwyser-afrigter 'n persoonlike band. Hierdie feit maak dat onderwyser-afrigters meer geleenthede kry om die situasie uit te buut.

- *Die sorgsame toesighoudingsplig van die onderwyser-afrigter*

Een belangrike aspek van onregmatigheid raak die sorgsame toesighoudingsplig, wat 'n regsplig vir elke opvoeder is. In die huidige situasie in

die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het die onderwyser-afrigter die verpligting om die leerders se veiligheid en sekuriteit te beskerm. Hierdie regsplig lê in die beginsel van *in loco parentis* opgesluit. Hierdie beginsel plaas die onderwyser-afrigter onder groot druk om die veiligheid en sekuriteit van die leerders te beskerm (Beckmann & Russo, 2005:6). Onderwyser-afrigters kan egter hierdie beginsel gebruik om hulself te beskerm, indien hulle dit duidelik verstaan en toepas.

Die beginsel *in loco parentis* beteken dat die onderwyser-afrigter in die plek van die ouers optree (Oosthuizen *et al.*; 2004:66). Die ouers los die leerders in die onderwyser-afrigter se sorg en toesig. Singh (2005:93) analiseer die beginsel wanneer hy daarop wys dat die onderwyser-afrigter te alle tye gesag of dissipline oor die leerders moet hê. Sodoende beskerm die onderwysers ook hulself, aangesien die waarskynlikheid om regs aanspreeklik gehou te word vir beserings, deur goeie beheer verlaag. Die onderwyser-afrigter moet omsien na die leerder se emosionele en fisieke welstand, maar ook die sportgronde en sporttoerusting, waar veiligheid uiteraard ter sprake kom.

'n Sprekende voorbeeld van die rol van die onderwyser is die hofsaak van *Knouwds v Administrator, Cape* (1981) waar 'n agtjarige dogter 'n besering met 'n grassnyer op die skoolterrein opgedoen het. Sy en haar vriendin het mekaar oor die gras waar die opsigter besig was om gras te sny, gejaag. Die ander dogter wat saam met haar gehardloop het, het haar gestamp. Die agtjarige dogter het haar balans verloor en wou haarself beskerm, maar het haar hand in die grassnyer se lemme gedruk. Die hof het bevind dat die onderwyser en die opsigter nalatigheid was, aangesien hulle moes voorsien het wat kon gebeur het. Die onderwyser-afrigter moet weet dat leerders op daardie ouderdom impulsief en onverantwoordelik is.

'n Ander hofsaak waar die regsplig van opvoeders, wat die basis vorm van onregmatigheid, voorkom, is die saak *Van Oppen v Clerk to the Bedford Charity*

Trustees 1989 1 All ER 273 waar 'n speler beseer is toe hy in 'n duikslag teen 'n ander speler tydens 'n inter-koshuisrugbywedstryd vasgeduik het. Daar is 'n saak gemaak teen die skool se trustees, deurdat beweer is dat die skool nalatig was. Die bewering was dat die onderwyser-afrigter nie die seun die nodige tegnieke aangeleer het om hierdie duikslag uit te voer nie. 'n Verdere bewering is dat die skool nie die nodige voorsorgmaatreëls toegepas het om die seun se ouers rondom die gevare van rugby in te lig nie. Die skool moes volgens die klagtes meer voorkomend opgetree het teen sulke beserings. Die hof het bevind dat die skool nie onregmatig opgetree het nie. Die onderwyser-afrigter het wel die nodige voorsorgmaatreëls getref en die regte tegniek is aangeleer. Die onderwyser-afrigter het nie 'n groter verantwoordelikheid as die ouers nie.

Oosthuizen en Rossouw (2008:107) wys daarop dat die ouers moet beseef dat hulle nie deur die onderwysers vervang word nie. Die ouers word nog steeds gesien as die primêre opvoeders van die leerder. Hy stel dit verder duidelik dat die gesin ingestel is deur God en dat dit die mees intieme en primêre sosiale struktuur is. Die realiteit is dat die opvoeding van die leerder nie net by die ouers bly nie, omdat die ouers nie die nodige kennis en gespesialiseerde vaardighede het om die kinders te onderrig nie. Dit is waar die onderwysers en die skool 'n baie groot rol speel.

Indien onregmatigheid, gegrond op een van die genoemde toetse, aangetoon is, word die ander fundamentele elemente ook beoordeel. In die volgende deel word die element van skade bespreek.

2.3.1.4 Skade

Neethling en Potgieter (2010:224) stel dit duidelik dat skade wyer strek as die nadeel waarvoor skadevergoeding verhaal kan word. Skade sluit in vermoëns- en persoonlikheidsbelange. Oosthuizen *et al.* (2004:71) verduidelik die twee vorme soos volg:

Vermoënskade kan byvoorbeeld bestaan uit saakskade en mediese skade. Saakskade is byvoorbeeld aan 'n leerder se skoolklere, fiets, skooltas, en so voorts. Mediese skade hou verband met uitgawes wat aangegaan word in gevalle van beserings of siekte, wat normaalweg van toepassing is in sportverwante deliktuele eise.

Persoonlikheidskade het te make met die skending van die liggaam, inbreuk op 'n persoon se goeie naam, afbreek van sy of haar eergevoel en ander verwante tipes skade (Rossouw, 2006:46). Die emosionele skade wat hierby ingesluit is, word soms in sportafrigting veroorsaak deur afbrekende opmerkings deur afrigters, of teistering en beledigings wat die deelnemers se menswaardigheid aantast.

Neethling en Potgieter (2010:227) is van mening dat vermoënskade finansiële meer presies bepaal kan word as wat persoonlikheidskade gemeet kan word. Daar moet in ag geneem word dat die veiligheid en sekuriteit van die opvoeder by sportafrigting belangrik is en die onderwyser-afrigter kan eie persoonlikheidskade verhoed deur nie onregmatig of nalatig op te tree nie. Die skade wat hy of sy in so 'n geval aanrig, kan veroorsaak dat klagtes van aanspreeklikheid aanhangig gemaak word, met die gepaardgaande persoonlikheidskade vir die afrigter.

Die onderwyser-afrigter kan dus sy eie veiligheid en sekuriteit in gevaar stel indien hy, volgens Oosthuizen *et al.* (2003:97), betrokke is by die moontlike besering van of skade aan leerders op die volgende wyses:

- *Waar die leerder fisieke pyn en lyding ondergaan.*
- *Waar 'n leerder liggaamlike skade opdoen weens 'n besering.*
- *Waar die leerder se algemene gesondheid skade ly of agteruitgaan.*
- *Waar die leerder se lewensverwagting verkort word.*

- *Emosionele skok of traumatiese gebeure wat tot skade aanleiding gee.*

Die navorser stem saam met Oosthuizen *et al.* (2003:97) dat die onderwyser-afrigter sy eie veiligheid en sekuriteit in gevaar kan stel indien hy betrokke is by enige moontlike beserings of skade wat die leerder kan opdoen. Dit sluit fisieke pyn en lyding, moontlike liggaamlike skade, skade aan algemene gesondheid, verkorte lewensverwagting en emosionele skok of trauma in.

2.3.1.5 Kousaliteit

Oosthuizen *et al.* (2004:71) asook Neethling en Potgieter (2010:185) stel dat daar 'n kousale verband moet bestaan tussen die onregmatige handeling en die nadeel of skade wat ingetree het. 'n Kousale verband is dus iets wat eenvoudig of feitlik bestaan, of nie bestaan nie. Feitelike kousaliteit en juridiese kousaliteit moet onderskei word. Feitelike kousaliteit word soos volg beskryf (Oosthuizen *et al.*, 2004:71):

Of 'n handeling as oorsaak aangemerkt moet word, berus op 'n korrekte gevolgtrekking uit die beskikbare feite of relevante waarskynlikhede.

Die feite of die relevante waarskynlikhede moet in ag geneem word om die korrekte gevolgtrekking te maak. Die vraag na juridiese kousaliteit word soos volg beskryf (Oosthuizen *et al.*, 2004:71):

Juridiese kousaliteit doen hom voor wanneer bepaal moet word vir welke van die skadelike gevolge wat feitlik deur 'n dader se onregmatige, skuldige handeling veroorsaak is, hy aanspreeklik gestel moet word, met ander woorde, welke gevolge hom toegereken moet word.

In 'n hofsak *Janukajtis v Fallon* 2001, 726 N.Y. 2d 451 was twee leerders tydens pouse by 'n bakleiery betrokke. Een seun het 'n stok opgetel, na die ander seun

gegooi, en sy oog in die proses beseer. Die ouers het 'n saak van nalatigheid gemaak, omdat hulle gevoel het daar was nie genoegsame toesig tydens pouses nie. Die hof het bevind dat die onderwyser wel op toesig was en dat die onderwyser nie nalatig was nie, omdat daar nie 'n kousale verband is tussen die besering wat opgedoen is en die onderwyser se beweerde gebrekkige toesig nie.

Onderwysers kan nie orals op die terrein wees tydens pouses nie en hulle kan ook nie alle beserings voorkom nie. Die implikasie van die hofsaak op hierdie studie is dat, indien leerders nalatig is of mekaar beseer en 'n onderwyser alles binne sy vermoë gedoen het om dit te voorkom, die veiligheid en sekuriteit van 'n onderwyser deur die hof beskerm sal word.

Rossouw (2006:46) is van mening dat feitelike kousaliteit bepaal kan word deur gebruik te maak van die “*but for*”-toets, waarna ook as die “*conditio sine qua non*-teorie” verwys word. Neethling en Potgieter (2010:187) verwys na Van der Merwe en Olivier wat dit soos volg verduidelik:

Hiervolgens is 'n handeling die oorsaak van 'n gevolg indien die handeling nie weggedink kan word sonder dat die gevolg tegelyk verdwyn nie. Die handeling moet die conditio sine qua non vir die gevolg wees.

Om hierdie element in verband met die veiligheid en sekuriteit van die opvoeder te bring, kan na die bespreking van Hamman (2003:12-13) rakende die swangerskap van netbalspelers verwys word. Sy maak die volgende stelling rondom 'n netbalspeler en haar swangerskap:

A plaintiff has to satisfy the onus of proving that there has been a causal link between a particular injury and the pregnant netballer's participation.

Hier word verwys na 'n geval waar 'n netbalspeelster se kind moontlik reeds voorgeboortelik 'n besering tydens deelname gedurende haar swangerskap opgedoen het. Die vraag is of die speelster aanspreeklikheid gehou kan word vir fisieke nadeel, byvoorbeeld breinskade, wat eers na die geboorte na vore tree. Soos sy aantoon, sal die klaer, die kind, moet kan aantoon dat daar 'n kousale verband is tussen die nadeel wat haar getref het en die netbaldeelname tydens die swangerskap. Weens talle ander faktore wat ook oor 'n lang tyd 'n rol mag speel, is kousaliteit in sulke gevalle moeilik om te bewys (Hamman, 2003:12-13), en sal so 'n saak nie maklik slaag nie.

Toegepas op sportafrigting, impliseer hierdie redenasie dat die skade wat 'n leerder tydens deelname opdoen en wat eers later na vore tree, soos fisieke skade weens ooreising van ligamente of gewrigte, nie maklik toegeskryf sal kan word aan 'n afrigter se foutiewe afrigtingsmetodes nie. Daar is talle ander faktore wat intussen 'n effek kon hê en die besering kon veroorsaak.

2.3.1.6 Skuld

Oosthuizen (2004:71) is van mening dat dit gewoonlik nie 'n groot probleem is om nadeel, handeling, onregmatigheid of oorsaaklikheid te bepaal nie. Die element wat gewoonlik die meeste probleme veroorsaak, is skuld. Skuld het twee vorme, naamlik opset en nalatigheid.

Spengler, Anderson, Connaughton en Baker (2009:14-15) identifiseer, volgens die Amerikaanse “*tort law*”, die ekwivalent van die Suid-Afrikaanse deliktereg, spesifieke elemente van nalatigheid:

With negligence, four key elements must be proved: Standard of care, breach of duty, causation and injury (damages)

Hierdie benadering tot nalatigheid word egter nie in die Suid-Afrikaanse deliktereg gebruik nie. Neethling en Potgieter (2010:133-134) stel dit dat, voordat vasgestel word of 'n dader nalatig opgetree het wat moontlik kan lei tot die bewys van skuld, daar eers bepaal moet word of die persoon toerekeningsvatbaar is. 'n Persoon is toerekeningsvatbaar as hy oor die geestesvermoë beskik om te kan oordeel tussen wat reg en verkeerd is. Om skuld ten volle te verstaan, moet daar eers 'n duidelike omskrywing wees van opset en nalatigheid.

- *Opset*

Oosthuizen *et al.* (2004:71) is van mening dat dit nie altyd maklik is om opset te bepaal of te bewys nie. Opset word volgens die HAT (1984:801) omskryf as "*plan of 'n voorneme met 'n voorbedagte optrede deur 'n persoon om skade aan te rig*". Neethling en Potgieter (2010:136) beskryf opset soos volg: "n Toerekeningsvatbare persoon tree opsetlik op indien hy onregmatig optree, terwyl hy bewus is van die onregmatigheid van sy optrede".

Die voorkoms van opset, met die bewuste doel om te beseer of te benadeel, kom veel minder in afrigtingsverband voor as nalatigheid. Die toedien van lyfstraf, al is dit met 'n fluitjiekoord of die hand, kan egter wel as 'n vorm van opset gereken word. Hierdie tipe optrede is reeds onder onregmatigheid bespreek (vergelyk paragraaf 2.3.1.3).

- *Nalatigheid*

Die basis om nalatigheid te toets, word gedoen volgens die "redelike persoon-toets". Beckmann en Russo (2005:8) omskryf dit as 'n toets om te bepaal of 'n redelike persoon in dieselfde omstandighede die moontlike skade kon voorsien en dit kon voorkom het. Oosthuizen *et al.* (2003:92) is van mening dat die redelike persoon-toets in die hof toegepas word deur die volgende vraag te stel: Hoe sou die redelike persoon opgetree het om die persoon wat beseer is, se beserings te voorkom? Uit hierdie vraag ontstaan daar dan nog twee vrae,

naamlik of die redelike persoon die besering kon voorsien het en of die redelike persoon die besering kon voorkom.

Hierdie toets vir nalatigheid het reeds in 1966 sy beslag gekry in die hofsaak *Kruger v Coetzee* 1966 (2) SA 428 (A), waarin bepaal is dat nalatigheid bewys word indien:

(a) *a diligens paterfamilias in the position of the defendant –*

(i) would foresee the reasonable possibility of his conduct injuring another in his person or property and causing him patrimonial loss; and

(ii) would take reasonable steps to guard against such occurrence; and

(b) the defendant failed to take such steps.

Hierin is dit duidelik dat die twee prominente vrae elke keer in verband staan met voorsienbaarheid en voorkombaarheid, tesame met die vraag of die verweerder versuim het om die regte stappe te doen. In hierdie studie moet daar gekyk word na die optrede van die onderwyser-afrigter wanneer die redelike persoon-toets gebruik word. Oosthuizen *et al.* (2004:71) beveel aan dat die redelike persoon-toets verander moet word na die redelike opvoeder-toets. As daar met kinders gewerk word, moet daar 'n hoër graad van sorgsaamheid van die opgeleide opvoeder verwag word as van 'n gewone redelike persoon: die sogenaamde “man op straat”. Daar kan dus in afrigtingsverband gepraat word van die redelike onderwyser-afrigter, wat impliseer dat so 'n persoon 'n hoër mate van opleiding en kennis het rakende die sportsoort wat afgerig word. 'n Hoër standaard van sorg word dus verwag.

In die hofsaak *Broom and another v The Administrator, Natal* 1966 SA 505 (D) is 'n onderwyser-afrigter gedagvaar vir nalatigheid. Die leerders was besig om sagtebal te speel gedurende skooltyd waar die onderwyser in Liggaamlike

Opvoeding die toesig behartig het. 'n Krieketpaaltjie is gebruik om mee te kolf en 'n sestienjarige seun is beseer toe die krieketpaaltjie hom agter die oor getref het. Die paaltjie het uit 'n ander seun se hand wat gekolf het, gegly. Die hof het beslis dat die onderwyser-afrigter genoeg ondervinding gehad het en dat hy alle moontlike stappe gedoen het om die ongeluk te voorkom, aangesien die wagtende kolwers, waaronder die beseerde, in opdrag van die opvoeder sowat sewe meter weg gestaan het tydens die insident.

Nog 'n voorbeeld van nalatigheid kom in die hofsaak van *Mogabgab v Orleans Parish School Board* 239 So 2d 2d 456 na vore. 'n Amerikaanse voetbalafrigter het nie betyds mediese hulp ingeroep toe Robert Mogabgab, 'n speler van die span, flou geval het weens hitte-uitputting tydens 'n oefening nie. Die seun het om 17:20 die eerste tekens van siekte getoon en was teen 17:25 heeltemal bewusteloos. Die afrigter het egter eers om 18:45 Robert se ma in kennis gestel van die situasie. 'n Dokter, ontbied deur die ma, het eers om 19:15 by die seun uitgekom. Die seun is teen 02:30 die volgende oggend oorlede. Die afrigter is nalatig bevind, omdat hy nie betyds vir die leerder die korrekte mediese hulp ontbied het nie.

Indien die redelike afrigter-toets hier toegepas word, sou die hof redeneer dat die skade (selfs die dood) wel vir die redelike, opgeleide afrigter voorsienbaar was. Die redelike afrigter sou dit ook kon voorkom het deur vroeër mediese hulp in te roep. Nalatigheid sou dus bewys kon word. (Pittman, Spengler & Young, 2008:320).

2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk word die onderwysregtelike determinante bespreek wat op die onderwyser-afrigter se veiligheid en sekuriteit 'n invloed het.

Die hoofstuk is in drie afdelings, naamlik, wetgewing, die gemene reg en regspraak opgedeel. Wetgewing en die gemene reg is afsonderlik bestudeer en bespreek. Hofsake is, waar van toepassing, in hierdie twee afdelings ingewerk.

Daar is eerstens 'n oorsig gegee van wetgewing wat in die onderwyser-afrigter se veiligheid en sekuriteit 'n rol kan speel. Die volgende wette is bestudeer: Die Grondwet van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Skolewet, die Wet op Indiensneming van Opvoeders, die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders en die Wet op Beroepsveiligheid en -Sekuriteit.

Tweedens is die gemene reg bestudeer. Die klem val hier veral op deliktuele aanspreeklikheid en hoe die deliktereg op onderwyser-afrigters se veiligheid en sekuriteit tydens die betrokkenheid by sport in skole 'n invloed kan hê.

Die ontleding van genoemde drie hoofbronne van die reg, naamlik wetgewing, die gemene reg en hofsake, vorm saam die onderbou van die studie. Hierdeur is die eerste doel van die studie, soos gestel in paragraaf 1.4, bereik, naamlik om vas te stel watter regs determinante 'n invloed op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, veral ten opsigte van regs aanspreeklikheid het.

Hierdie literatuuroorsig vorm dan die basis vir die empiriese studie wat in hoofstuk drie volg, waarin, volgens die gestelde doelstellings, bepaal moet word watter bydrae die bestaande afrigtersopleiding tot die parate regskennis van die onderwyser-afrigter lewer.

Die mate van sekuriteit wat hulle ervaar en wat onderwyser-afrigters se persepsies is ten opsigte van regsaspekte wat die optrede van die verskillende rolspelers soos die onderwyser-afrigter, wedstrydbeampte en organiseerder beïnvloed.

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP

3.1 Inleiding

Creswell (2003:35) definieer 'n kwalitatiewe studie soos volg:

Interactive qualitative inquiry is an in-depth study using face-to-face techniques to collect data from people in their natural settings. The researcher interprets phenomena in terms of the meanings people bring to them.

Die navorser kan deur kwalitatiewe navorsing 'n indringende studie doen van die studieveld en die belangrikste inligting word verkry deur onderhoude te voer met persone wat betrokke is in die studieveld. Die menings van die deelnemers vorm die inligting wat gebruik moet word. Die navorser moet die inligting wat tot sy beskikking gestel word, ten volle ontgin om sy doelwitte met die navorsing te bereik.

In paragraaf 1.4 is daar spesifieke doelstellings vir hierdie studie geformuleer:

- *om vas te stel watter regs-determinante 'n invloed het op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, veral ten opsigte van regs-aanspreeklikheid.*
- *om te bepaal watter bydrae die afrigtersopleiding lewer tot die parate regskennis van die onderwyser-afrigter en die mate van sekuriteit wat hulle ervaar.*
- *om aan te toon wat onderwyser-afrigters se persepsies is ten opsigte van regs-aspekte wat die optrede van die verskillende rolspelers soos die onderwyser-afrigter, wedstryd-beampte en organiseerder beïnvloed.*
-

Deur gebruik te maak van 'n kwalitatiewe studie moet die navorser probeer om die gestelde doelstellings te bereik. Daar moet in hierdie studie dus bepaal word wat die afrigter se parate regs kennis is as dit kom by sportafrigting, maar ook rondom die reg in die algemeen. Die persepsies van onderwyser-afrigters moet ook getoets word om te bepaal wat hulle gevoel van veiligheid en sekuriteit rondom regs aanspreeklikheid is as dit kom by sportafrigting.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens na die navorsingsontwerp, -paradigma en -metodologie wat daarmee saamloop, gekyk word.

3.2 Navorsingsontwerp

Die hoofdoel van die studie is om te bepaal in watter mate 'n opvoeder wat as 'n sportafrigter optree, veiligheid en sekuriteit, veral ten opsigte van regs aanspreeklikheid beleef. Die navorsingsontwerp moet dus pas by die hooftema en alle prosesse insluit wat nodig is om die gestelde doelwitte te bereik.

Merriam (2002:5) is van mening dat die navorser die primêre instrument is wat data moet insamel en verwerk. Hierdie insameling van inligting kan op 'n nie-verbale, verbale of observerende wyse plaasvind. McMillan en Schumacher (2001:30) beskryf die navorsingsontwerp as *“the procedure for conducting the study, including when, from whom and under what conditions the data will be obtained”*.

Die doel van die navorsing moet in gedagte gehou word en dit is belangrik om op grond daarvan die regte navorsingsontwerp en wyse van data-insameling te kies. Die keuse sal bydra tot die waarde van die studie en die korrektheid van die inligting.

In die geval van 'n studie waar die kwantitatiewe benadering gebruik word, stel Creswell (2003:18) dit dat die navorser primêr ook van 'n post-positivistiese benadering gebruik moet maak waar data en kennis gekry kan word deur vooropgestelde instrumente. Hierdie instrumente kan vraelyste, onderhoude, dokumente en observasies insluit.

In hierdie studie sal daar van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak word en daarom sal hierdie benadering vervolgens kortliks uiteengesit word.

3.2.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerpe

In die proses om kwalitatiewe navorsing te doen, is daar verskillende ontwerpe of strategieë wat gebruik kan word om die navorser te help. Albertse (2007:27) wys daarop dat daar verskillende wyses is oor hoe die studie gedoen kan word, naamlik: gevallestudies, etnografiese studies, fenomenologiese studies, historiese navorsing en gegronde teorie-studie. Die navorser het al die moontlike wyses oorweeg om die studie te voltooi. Die ontwerp wat wel aan al die behoeftes van die huidige studie voldoen is die fenomenologiese studie, wat vervolgens bespreek sal word.

3.2.2 Die navorsingsontwerp vir hierdie studie

Die beste navorsingsontwerp vir hierdie studie is, soos gesê, die fenomenologiese studie. Die doelwitte van die studie sluit hierby aan deurdat daar 'n indringende studie gemaak moet word van die persone se spesifieke omstandighede waarbinne hulle werk en afrig. Die wyse waarop die inligting verkry kan word, is deur onderhoude met die persone wat betrokke is by die studie.

Die data-analise volgens Creswell (2003) is om sekere ooreenkomste uit onderhoude en observasies te verstaan. Die irrelevante inligting moet geskei

word van die relevante inligting en sodoende moet die toepaslike gedeeltes geïnterpreteer word en dan so deur die navorser deurgegee word.

Die paradigma van die studie sal in die volgende paragraaf bespreek word om aan te sluit by die strategieë om die navorsing uit te voer.

3.2.3 Paradigma

'n Paradigma *"is a set of assumptions or beliefs about fundamental aspects of reality which gives rise to a particular world view"* (Nieuwenhuis, 2007:47). Hy verduidelik voorts dat daar drie kategorieë is wat uit 'n paradigma voortspruit, naamlik:

Ontologie, wat beskryf word deur die skrywer as *"it addresses fundamental assumptions taken on faith, such as beliefs about the nature of reality"*.

Tweedens is dit epistemologie wat beskryf word as *"the relationship between knower and known"*.

Derdens word dit beskryf as *"assumptions about methodologies"*.

Al drie handel oor die oortuigings van realiteite, die verhouding tussen die kenner en die kennis en die aannames oor verskillende metodologieë.

Merriam (1998:4) verwys na Carr en Kemmis volgens wie daar verder tussen drie verskillende oriëntasies, naamlik: positivistiese, interpretivistiese en kritiese navorsings onderskei word.

- Positivistiese navorsing handel oor die doel of 'n spesifieke verskynsel wat handel oor die studie. Kennis word gekry deur wetenskaplike en

eksperimentele navorsing. Realiteite is die perspektief waarvandaan gewerk word.

- Interpretivistiese navorsing word gesien as 'n proses en skool is ondervinding wat uitgeleef moet word. Kennis word hier verkry deur induktiewe analise, hipotese en teorie.
- Kritiese navorsing word gesien as 'n sosiale instelling wat ontwerp is vir sosiale en kulturele ontwikkeling.

Hierdie drie verskillende wyses waarop 'n navorser te werk sal gaan, is 'n belangrike konsep in die kwalitatiewe studie. Elkeen hou nou verband met die navorsingsprojek. In hierdie studie gaan die navorser gebruik maak van 'n interpretivistiese benadering om die navorsing te voltooi.

3.3 Navorser as instrument

Merriam (2002:25) is van mening dat die navorser die primêre instrument is tydens die navorsingsprojek. Die navorser moet gebruik maak van alle moontlike maniere om die data akkuraat te kry. Die navorser moet al die data analiseer en dit dan interpreteer.

Nieuwenhuis (2007:79) is verder van mening dat die navorser die alledaagse siening van die persone wat betrokke is by die navorsing in 'n sistematiese, goed georganiseerde konteks moet weergee. Die navorser moet ingestel wees op enige verandering wat kan plaasvind tydens die navorsing wat 'n invloed kan hê op die moontlike uitslag en moet aanpasbaar wees.

Die navorser moet die onderwerp vanuit die deelnemers se perspektief sien. Dit is waar ek as navorser 'n belangrike rol kan speel, omdat ek in die onderwys is en aktief betrokke is by sportadministrasie en die afrigting van sport; sodoende

ken ek die onsekerhede en vrese wat die onderwysers moontlik het as dit by hulle eie veiligheid en sekuriteit kom.

Fontana en Frey (2005:696) verwys na Scheurich (1995), wat die volgende aandui rakende die navorser:

the interviewer is a person, historically and contextually located, carrying unavoidable conscious and unconscious motives, desires, feelings and biases - hardly a neutral tool.

3.4 Identifisering van deelnemers

Die deelnemers beleef die situasie vanuit hulle leewêreld en perspektief. Die ondervindings en ervarings wat hulle het, bepaal hulle sienings. Die deelnemers se emosies speel ook 'n groot rol by die navorsing. Die navorser moet die deelnemers korrek kies om die gewenste resultaat te vind.

Best en Kahn (1993:199) is van mening dat die deelnemers betrokke moet wees in die veld van die navorsing. Die deelnemers moet die nodige perspektiewe en sienings hê om die studie te verstaan.

Die deelnemers wat gekies is, is betrokke by skole in die Fezile Dabi-distrik in die Vrystaat. Die skole is geleë in Kroonstad en kan soos volg getipeer word:

- Afrikaans-medium Laerskool
- Afrikaans-medium Hoërskool
- Dubbelmedium Hoërskool
- Spesiale Skool wat ook Dubbelmedium is.

Die navorser moet die breër spektrum van die onderwys betrek om die studie betroubaar te maak. Die vlakke van sportafrigting verskil van laerskool tot hoërskool. Daar vind ook sportafrigting plaas by spesiale skole. Die skole betrokke by die studie is skole wat uitstekende prestasies het in die verskillende vlakke van deelname.

Tabel 3.1: Deelnemers aan die navorsing volgens verskillende kategorieë

<i>Deelnemers</i>	<i>1</i>	<i>2</i>	<i>3</i>	<i>4</i>	<i>5</i>	<i>6</i>	<i>7</i>	<i>8</i>	<i>9</i>	<i>10</i>	<i>11</i>	<i>12</i>	<i>13</i>	<i>14</i>	<i>15</i>	<i>Totaal</i>
Manlik	X	X		X	X	X		X	X		X	X	X		X	11
Vroulik			X				X			X				X		4
Laerskool	X	X	X	X												4
Hoërskool					X	X	X	X					X	X	X	7
Spesiale skool									X	X	X	X				4
Rig seuns af	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X		X	14
Rig dogters af			X	X			X			X	X		X	X		7
Sportorganis.	X	X			X	X	X		X	X	X		X	X	X	11
Skeidsregter	X	X	X				X	X					X	X		7
Skoolhoof				X				X				X				3

Tabel 3.2: Sportsoorte afgerig deur deelnemers

Deelnemers	Atletiek	Swem	Rugby	Netbal	Hokkie	Krieket
Deelnemer 1	X		X			X

Deelnemer 2	X		X		X	X
Deelnemer 3	X			X		
Deelnemer 4	X	X	X			X
Deelnemer 5			X			
Deelnemer 6	X		X			X
Deelnemer 7					X	X
Deelnemer 8			X			X
Deelnemer 9			X			X
Deelnemer 10	X			X		
Deelnemer 11	X		X			X
Deelnemer 12			X			
Deelnemer 13	X		X			X
Deelnemer 14	X			X		
Deelnemer 15			X			

Dit is baie belangrik om al die rolspelers wat 'n belang by die studie het te gebruik. Dit beteken dat beide geslagte in berekening gebring moet word omdat die skole gemengde skole is waar seuns en dogters geakkommodeer word. In die distrik is daar hoërskole asook laerskole wat meebring dat beide die tipe skole in die studie betrek moet word om die navorsing geldig te maak. Verder is daar ook 'n spesiale skool waar spesiale onderwys aan leerders met spesiale

onderwysbehoefte onderig word. Hierdie skool moet ook by die navorsing betrek word. In die skole word daar verskillende sportsoorte afgerig en die deelnemers wat gebruik word om die sportsoorte af te rig moet ook betrek word.

3.5 Navorsingsmetodologie

Die metodologie behels die metodes waarop data ingesamel kan word asook die wyse waarop die data geanaliseer gaan word. Volgens Merriam (2002:12) is daar hoofsaaklik drie wyses hoe data by 'n kwalitatiewe studie ingesamel kan word, naamlik deur onderhoude, observasies en dokumente. Tydens die huidige studie gaan daar van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak word.

3.5.1 Prosedures vir toestemming

Die navorser het vooraf toestemming (vergelyk Addendum G) van die Vrystaatse Departement van Onderwys gekry om die onderhoude in die Fezile Dabi-distrik te voer. Die navorser moes ook toestemming verkry van die etiekkomitee van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit rakende die etiese kwessies in die studie. Die navorser het, nadat toestemming van die Departement en die NWU gekry is, 'n brief aan die onderskeie skoolhoofde gestuur waar toestemming gevra is om onderhoude te doen by die betrokke skole (sien Addendum C). Nadat die skoolhoofde toestemming gegee het, is die betrokke deelnemers geskakel en 'n afspraak is vir die onderhoude gemaak. Die deelnemers het 'n ingeligte toestemmingsbrief voltooi (sien Addendum D).

3.5.2 Onderhoude

Fontana en Frey (2005:698) is van mening dat onderhoude meer as net 'n wyse is om data in te samel. Hulle stel dit soos volg:

Increasingly qualitative researchers are realizing that interviews are not neutral tools of data gathering but rather active interactions between two (or more) people leading to negotiated, contextually based result.

Hierdie mening beklemtoon die feit dat die inligting wat van die onderhoude verkry kan word, dus soms op onderhandeling neerkom. Hiertydens kom die navorser agter watter persepsies en menings vir die deelnemer in 'n spesifieke konteks van belang is.

Nieuwenhuis (2007:87) verwys na drie wyses hoe onderhoude kan plaasvind, naamlik ongestruktureerde, semi-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude. Tydens hierdie studie gaan daar op semi-gestruktureerde onderhoude, wat normaalweg nie lang onderhoude is nie (Nieuwenhuis, 2007:87), klem gelê word.

Leedy en Ormrod (2005:147) is van mening dat semi-gestruktureerde onderhoude meer buigsaam is, wat tot voordeel kan wees, omdat die navorser meer oor die tema kan uitvind. Navorsers kan die deelnemers meer uitvra indien hulle meer wil weet. Hulle voel wel dat die navorser nie 'n vergelyking tussen die verskillende onderhoude moet tref nie, omdat daar verskillende informasie deurgegee word.

Patton (2002:340) is van mening dat die navorser deur die onderhoude meer kan uitvind oor wat die deelnemers pla en wat in hulle gedagtes is. Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om uit te vind wat die deelnemers se gevoel is, hetsy positief of negatief.

In paragraaf 1.4 word die doelstellings van hierdie studie gestel. Die doel van die navorsing is om deur die semi-gestruktureerde onderhoude vas te stel of die

deelnemers se veiligheid en sekuriteit tydens die afrigting van verskillende sportsoorte in gedrang is.

Die onderhoude is met die onderwysers wat vir die navorsing geïdentifiseer is, soos in paragraaf. 3.5.2 uiteengesit is, gevoer.

3.5.2.1 Onderhoude met deelnemers

Die onderhoude het op 'n een-tot-een-basis plaasgevind. Daar is vooraf 12 vrae (vergelyk Addendum A) opgestel wat aan die deelnemers gevra is. Die deelnemers is gelei om die vrae te beantwoord en hulle kon ook uitbrei op van die vrae. Die onderhoude is met 'n klankopnemer opgeneem en die navorser het ook addisionele aantekeninge gemaak.

3.5.2.2 Prosedures vir onderhoude

Tydens die individuele onderhoude het die navorser die volgende prosedures wat in Creswell (2003:190) geformuleer is, gevolg:

- Die navorser stel homself aan die deelnemer voor en verduidelik aan die deelnemer waarom die studie gaan.
- Die navorser beklemtoon dat die deelnemer se identiteit, asook enige inligting of data wat gegee word, te alle tye vertroulik hanteer sal word.
- Die navorser verduidelik aan die deelnemer dat daar 'n digitale klankopname gemaak gaan word en vra dan toestemming van die deelnemer om die opname te maak.
- Daar word aan die deelnemer deurgegee hoe lank die onderhoud moontlik kan duur, dat hy of sy gemaklik moet wees en dat hy of sy op die vrae kan uitbrei. Daar is nie 'n regte of 'n verkeerde antwoord nie. Die deelnemer moet te alle tye eerlik wees, omdat die data vertroulik hanteer sal word.

- Die navorser begin met die onderhoud deur van die onderhoudskedule wat vooraf opgestel is, gebruik te maak.
- Aan die einde bedank die navorser die deelnemer vir sy of haar bereidwilligheid om aan die navorsing deel te neem.

3.6 Data-analise

Babbie en Mouton (2007:490) stel dit dat data-analise die proses is om die data wat tydens 'n kwalitatiewe studie gekry is, te analiseer sodat al die inligting wat belangrik is verstaan en geïnterpreteer kan word.

Berg (2007:47) is van mening dat daar drie wyses is waarop data hanteer moet word:

- Die data moet minder gemaak word.
- Die data moet weergegee word.
- Die data moet vir korrektheid geverifieer word.

Dit is belangrik dat die belangrikste data uitgehaal moet word om die geheelprent te kan sien wat rondom die navorsingsontwerp wentel. Daar moet wel daarteen gewaak word dat daar nie belangrike inligting in die proses verlore gaan nie. Die navorser moet seker maak dat die data wat gekry is deur die navorsing korrek deurgegee word en saam met hierdie proses moet die belangrikste inligting ook as korrek geverifieer word om die betroubaarheid van die studie soos in paragraaf 3.7 bespreek word, te verseker.


Merriam (1998:151) ondersteun die prosesse, maar sy is ook van mening dat die verkryging van data en die analise van data hand aan hand loop. Die analise van die data begin by die eerste onderhoud.

Die navorsing volg 'n interpretivistiese benadering en die data is volgens 'n induktiewe analiseproses voltooi. Die navorser het sekere temas uit die literatuurstudie en doelwitte van die studie geneem en rondom dit 'n onderhoudskedule opgestel vir die onderhoude (Nieuwenhuis, 2007:99). Die navorser besef dat daar wel sekere verdere temas uit die onderhoude kan voortspruit en moet daarom in ag neem dat daar konstante groei in die studie rondom die temas kan plaasvind. Die temas is dus nie rigied nie, kan verander of nuwe temas kan bygesit word ten einde die studie meer geldig te maak. Die kodering van die transkripsies is belangrik. Figuur 3.1 hieronder illustreer die proses oor hoe die navorser die inligting gekodeer het. Daar is deur middel van kleure tussen die verskillende temas onderskei.

Dit is belangrik dat die navorser al die moontlike kategorieë in die studie moet bepaal. Uit die kategorieë sal die temas ontstaan waarop die navorser moet uitbrei. Die temas en kategorieë moet 'n moontlike patroon vorm en die navorser moet baie gesteld daarop wees om dit te sien en te gebruik. McMillan en Schumacher (2001:476) is van mening dat die navorser sekere vermoedens rondom die studie en die verhouding met die probleemstelling moet hê. Die navorser het sekere doelstellings opgestel en het dit gebruik in die vorming van sy empiriese studie. Die navorsing moet verder gebaseer word op die doelstellings om sodoende die verhouding te kry tussen die empiriese navorsing en die onderhoude. McMillan en Schumacher (2001:477) het 'n figuur saamgestel wat deur Rossouw (2011:115) aangepas is om die moontlike vasstelling van patrone te illustreer. Die navorser het die figuur gebruik en vir die betrokke studie aangepas (vergelyk Figuur 3.1). Die sentrale fokus van die studie is as beginpunt gebruik, waarna twee groepe geïdentifiseer is. Aan die hand van die twee groepe is die verskillende kategorieë saamgestel. Die temas vloei uit die verskillende kategorieë.

Die proses om patrone te identifiseer, is so gebruik om moontlike verbande en verskille te bepaal. Die onderwyser-afrigter se veiligheid en sekuriteit tydens sportafrigting is van belang vir die doel van die studie. Hiermee saam is die verhouding tussen hierdie sekuriteit aan die een kant en die regs aanspreeklikheid aan die ander kant bepaal. Die onderwyser-afrigter kan deur nalatigheid aanspreeklik gehou word vir onregmatige optrede teenoor die leerders. Die navorser moet egter besef dat daar tussen realiteite en emosies van die deelnemers onderskei moet word.

Figuur 3.1: Strategieë vir die insameling van data



3.7 Betroubaarheid

Merriam (2002:18) is van mening dat, om 'n goeie kwaliteit- kwalitatiewe studie te doen, die navorser deeglike kennis moet hê van die studie waaroor navorsing gedoen moet word. Sy is verder van mening dat indien die navorser 'n goeie agtergrondkennis oor die studie het, die eindresultaat van die studie meer betroubaar en korrek sal wees.

Nieuwenhuis (2007:113) stel dit duidelik dat betroubaarheid van groot belang vir die studie is. Hy is verder van mening dat indien die prosedures vir die verkryging van kennis op dieselfde wyse deurlopend toegepas word, dit die studie se geldigheid asook betroubaarheid sal bevorder.

Daar bestaan verskillende maniere om verskillende studies te interpreteer, omdat elke mens se sienings verskil. In hierdie verband is dit belangrik om die doel van die studie te verstaan. Merriam (1998:199-200) stel die volgende oor geldigheid en betroubaarheid:

Thus regardless of the type of research, validity and reliability are concerns that can be approached through careful attention to a study's conceptualization and the way in which the data were collected, analyzed and interpreted and the way the findings are presented.

Die betroubaarheid en eerlikheid word gevorm rondom die doel van die studie en die navorser moet heeltemal eerlik met homself wees om dit te verseker. Die navorser het in hierdie studie eerstens van verskillende bronne gebruik gemaak wat meer inligting en feite oor die navorsing bied. Die proses het meegebring dat die navorser 'n breër kennis oor die veld van studie ontwikkel het wat daartoe bydra dat die studie oor 'n groter mate van betroubaarheid beskik.

Tweedens het die navorser van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak om deelnemers se menings en insigte te bepaal. Die navorser het die onderhoudskedule soos in Addendum A aangeheg is, gebruik. Die vrae is saam met die doelwitte en probleemstellings wat vooraf bepaal is, opgestel. Dit sluit ook by die bronne wat vooraf bestudeer is, aan.

Derdens is daar transkripsies van die data opgestel, wat gekodeer is om sodoende die inligting van die onderhoude te kry en te orden (sien Addendum E). Die navorser kan ooreenkomste asook verskille optel in die onderhoude. Weereens moet alles in verband gebring word met die literatuuroorsig van die studie en die navorsingsdoelwitte.

Merriam (2002:27) stel die volgende oor die betroubaarheid van die studie:

Reliability refers to the extent to which research findings can be replicated. In other words, if the study were repeated would it yield the same result? Reliability is problematic in the social sciences simply because human behavior is never static, nor is what many experience necessarily more reliable than what one person experiences.

In die lig van bogenoemde moet die navorser die menslike faktor in ag neem, omdat mense op verskillende maniere sekere omstandighede ervaar. Die ondervinding van die persone in die studie kan ook 'n bydraende faktor wees wat in ag geneem moet word.

Die navorser moet, soos vroeër bespreek, al die prosesse inmekaar weef om sodoende die betroubaarheid van die studie te bevorder.

3.8 Etiek en anonimiteit

Merriam (2002:29) dui op die belangrikheid dat 'n goeie navorsingstudie op 'n etiese wyse voltooi moet word. Die betroubaarheid van die studie hang grotendeels af van die etiese wyse waarop die navorser optree.

Nieuwenhuis (2007:115) voel sterk daaroor dat die navorser die persone wat by die studie betrokke is, se naam of posisie te alle tye moet beskerm. Dit kan maklik gebeur dat 'n navorser die naam van 'n persoon beskerm, maar nogtans iets noem waaraan hy of sy gekoppel kan word en dus steeds geïdentifiseer kan word. Daar moet dus gepoog word om die beskrywing van 'n deelnemer vaag te hou deur in breër verband na hom of haar te verwys, bv. nie van Kroonstad nie, maar van Fezile Dabi. Aan die begin van die studie het die navorser in samewerking met die projekteier 'n standaard- etiese vorm ingevul wat ook as aansoek dien om deur die Noordwes-universiteit die studie te voltooi. Die navorser het ook 'n aansoekvorm voltooi en dit aan die Vrystaatse Departement van Onderwys gestuur om toestemming te verkry om die navorsing in die provinsie te voltooi. Saam met die aansoek is daar ook deur die navorser beklemtoon dat alle onderhoude op 'n eties korrekte wyse hanteer sal word en dat die deelnemers anoniem sal bly.

Tydens die onderhoude het die navorser die deelnemers in kennis gestel dat hulle anoniem sal bly. Die navorser het ook die deelnemers ingelig dat dit binne hulle reg is om nie antwoorde te verskaf waarmee hulle nie gemaklik voel nie.

Alle data wat met behulp van klankopnames en transkripsies (verwys na Addendum E) tydens die studie verkry is, is slegs vir die navorser en die projekteier beskikbaar. Een van die grootste aspekte wat moontlik 'n probleem kan skep, is dat die deelnemers uit dieselfde omgewing is en dat hulle in die

proses moontlik geïdentifiseer kan word. Dus moet die navorser daarop let om die deelnemers te alle tye tydens die data-analise te beskerm.

3.9 Samevatting

Die navorsing van hierdie studie is volgens die beginsels van kwalitatiewe navorsing voltooi. Aan die begin van hierdie hoofstuk is verskillende moontlike navorsingsontwerpe bespreek en daar is aangedui dat 'n fenomenologiese studie gekies is. Die navorsing val in die interpretivistiese siening. Die navorser as instrument, asook die samestelling van die deelnemers is vervolgens bespreek. Die metodologie vir die studie is uiteengesit en die navorser het van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik gemaak. Die onderhoude is daarop gemik om die deelnemers se opinies en persepsies te bepaal in 'n poging om die onderwysers deeglik te verstaan. Daar is 'n onderhoudskedule opgestel, wat in al die onderhoude gebruik is. Die data-analise is op 'n induktiewe wyse benader. Die essensie van betroubaarheid en etiek is ook bespreek. Merriam (2002:19) stel dit duidelik dat 'n kwalitatiewe navorser nie belangstel in die mense se oppervlakkige menings nie, maar wel hoe mense hulle daaglikse taak voltooi. Die navorser moet die hoogtepunte asook die vrese van die mense deeglik verstaan.

HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE

4.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is die volgende doelwitte vir die studie gestel:

- om vas te stel watter regs-determinante 'n invloed op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, veral ten opsigte van regs-aanspreeklikheid het.
- om te bepaal watter bydrae bestaande afrigtersopleiding tot die parate regskennis van die onderwyser-afrigter lewer en die mate van sekuriteit wat hulle ervaar.
- om aan te toon wat onderwyser-afrigters se persepsies is ten opsigte van reg-aspekte wat hulle optrede in hulle onderskeie rolle van afrigter, wedstrydbeampte en organiseerder beïnvloed.

Die doel met die data-analise is dus om, ter bereiking van bogenoemde doelwitte, vas te stel wat die menings en persepsies van die onderwysers is wat as afrigters en skeidsregters optree, veral rakende regs-aanspreeklikheid. Die doel was verder om te bepaal of die kennis van die verskillende onderwys-regtelike determinante 'n impak op die onderwyser-afrigter se sekuriteit en veiligheid het.

Ter inleiding, en oorkoepelend gesien, toon die analise dat verskeie van die opvoeders wat deelgeneem het, nie sekuriteit beleef nie, omdat hulle voel dat hulle nie die nodige kennis rakende veral regs-aanspreeklikheid het nie. Die veiligheid van die onderwyser-afrigter behels sekere verpligtinge, soos in paragraaf 2.2.5 bespreek is. Van die verpligtinge is om, in samewerking met die beheerliggaam van die skool, 'n veiligheidsbeleid of 'n sportbeleid op te stel. Die

onderwyser moet poog om te verseker dat die leerder in 'n veilige omgewing beweeg, maar uit die persepsies wat die deelnemers uitgespreek het, was daar onsekerheid oor hulle spesifieke rolle en verpligtinge. Vanuit hierdie waarneming deur die navorser is 'n sentrale tema geformuleer: die sekuriteit van die opvoeder.

Die meeste deelnemers aan die studie tree daaglik as afrigters en skeidsregters op. Een deelnemer beskou sy sportafrigting as 'n passie. Hy druk sy mening soos volg uit: *“as sportafrigting nie vir 'n onderwyser 'n passie is nie, is jy as onderwyser in die verkeerde beroep”*. Om met passie af te rig, verseker egter nie die onderwyser-afrigter se sekuriteit ten opsigte van regs aanspreeklikheid nie. In paragraaf 2.1 word daarvan melding gemaak dat, as 'n onderwyser kennis van sportafrigting het, dit die afrigter die nodige veiligheid kan bied. 'n Skoolhoof stem saam met die stelling deurdat hy van mening is dat kennis 'n onderwyser veiligheid gee, asook die onderwyser bemagtig: *“Kennis is die ondertoon (sic) vir enige suksesvolle afrigter”*.

4.2 Samestelling van kategorieë


Die sentrale tema van die studie, soos genoem, is die opvoeder se sekuriteit. Die samestelling van die kategorieë en temas word in figuur 4.1 voorgestel, soos aangepas is vanuit Rossouw (2011:122). Drie van die kategorieë het vanuit die literatuurstudie in hoofstuk 2 na vore gekom en is ingesluit by die empiriese navorsing. Hierdie kategorieë is die volgende:

- Die Grondwet
- Onderwyswetgewing
- Deliktuele aanspreeklikheid

Twee verdere kategorieë het tydens die analiseproses na vore gekom. Hierdie kategorieë is op 'n induktiewe wyse bepaal (vergelyk paragraaf 3.6) en is die volgende:

- Opleiding
- Kennis

Figuur 4.1 Die data-analiseproses



Soos in Figuur 4.1 hierbo aangedui word, het daar tydens die analise twee hoofgroepe data na vore gekom: daardie inligting wat met regs aanspreeklikheid te doen het, en daardie elemente van die opvoeder se sekuriteit wat sportspesifiek is. Na die bepaling van die vyf kategorieë het daar onder elke kategorie twee of meer temas na vore gekom, soos in Tabel 4.1 aangedui:

Tabel 4.1 Groepe, kategorieë en temas

Groepe	Kategorieë	Temas
Regsaanspreeklikheid	Grondwet	Veiligheid Menswaardigheid Impak van Kinderregte
	Onderwyswetgewing	Veiligheidsregulasies Gedragskode
	Deliktuele aanspreeklikheid	Handeling Onregmatigheid Skade Skuld
Sportspesifieke elemente	Opleiding	Kursusse Inisiële Opleiding
	Kennis	Sportvaardighede/tegnieke Ondervinding

Hierdie groepe, kategorieë en temas word nou verder een vir een bespreek en 'n oorsig word in die proses verskaf van die belangrikste persepsies en menings wat die deelnemers uitgespreek het.

4.3 Regsaanspreeklikheid

In paragraaf 2.2.1 word verwys na die Grondwet van Suid-Afrika as die hoogste reg van die Republiek, 'n feit waarvan die meeste deelnemers bewus was. Verskeie van die deelnemers voel dat hulle die verskillende reëls van die

sportkodes wat hulle afrig, baie goed ken, maar dat hulle die tersaaklike bepalings van die Grondwet en ook die ander wette wat hulle werkslewe reguleer nie ken nie. Hierdie tekortkoming veroorsaak dat hulle baie onsekerheid beleef rondom hulle eie veiligheid en sekuriteit.

4.3.1 Die Grondwet

'n Deelnemer se gevoel was dat onderwyser-afrigters meer sekuriteit sal ervaar indien hulle volgens haar die reg beter ken. Sy was verder van mening dat baie afrigters glo dat 'n onderwyser beskerm was indien die leerders se ouers 'n vrywaringsvorm ingevul het. Uit hierdie mening van die deelnemer kan afgelei word dat die onderwyser-afrigter nie baie goeie kennis van die Grondwet en ander determinante waarin regte en verpligtinge bepaal word, het nie.

Die volgende temas binne hierdie kategorie, wat al drie te doen het met die fundamentele regte van die onderskeie rolspelers, is geformuleer: Veiligheid, menswaardigheid en die impak van kinderregte.

4.3.1.1 Veiligheid

Volgens een deelnemer is die primêre doel van die opvoeders wat by sportafrigting betrokke is om die kinders se veiligheid tydens die afrig van sport te verseker. Indien die leerder se veiligheid in gedrang kom, kan dit direk op die onderwyser-afrigter reflekteer.

Die onderwyser-afrigter moet self ook beskerm word teen fisieke beserings of siektes, soos bespreek is in paragraaf 2.2.1.3 rakende die hofsaak van *MEC for Education, Western Cape Province v Strauss* (2006). In hierdie hofsaak is 'n afrigter getref deur 'n diskus tydens 'n diskusoefening by die skool. Die afrigter se eie veiligheid was in gevaar gestel deurdat sy 'n gevaarlike sportsoort afgerig het.

Daar word ook 'n ander voorbeeld van die bedreiging van die veiligheid van die onderwyser-afrigter genoem, soortgelyk aan bostaande hofsaak. Hierdie deelnemer moes tydens 'n sportaktiwiteit wat op 'n ander dorp was, toesig hou op die bus wat die leerders vervoer het. 'n Leerder het op die bus 'n blikkie pepersproei uitgespuit. Die onderwyser het 'n allergiese reaksie getoon deurdat haar bors toegetrek het. Hulle was ver van enige dorp af. Sy voel dat die leerder haar veiligheid en sekuriteit aangetas het deur sy optrede.

Tydens wedstryde, noem 'n deelnemer wat optree as 'n rugbyskeidsregter, word sy eie veiligheid en sekuriteit aangetas deurdat hy as skeidsregter sekere tegniese aspekte in skrum en lakwerk verkeerd mag hanteer. As die skeidsregter nie voorkomend optree by skrum nie, plaas hy as skeidsregter sy eie sekuriteit ten opsigte van aanspreeklikheid in gevaar. Nog 'n deelnemer verwys na 'n wedstryd waar hy as assistent-skeidsregter opgetree het. Die skrum het inmekaargesak en 'n speler het 'n ernstige besering opgedoen. Die speler het later aan die besering beswyk. Hierdie besering verwys na 'n soortgelyke hofsaak wat in paragraaf 2.3.1.3 bespreek is: *Smoldon v Whitworth* 1997 ELR 249, CA. 'n Skeidsregter het die skrumsituasie verkeerd hanteer waarna daar 'n besering plaasgevind het. Die skeidsregter is aanspreeklik gehou vir die ernstige nekbесerings van een speler.

Daar is baie ondersteuning op verskillende wyses van die Departement van Onderwys se kant af vir opvoeders, maar dit sou verwelkom word indien die Departement die onderwyser-afrigters kan bemagtig en dat hulle die geleentheid sal skep om sekuriteit te bevorder. Hierdie aspekte is in par 2.2.1.5 reeds bespreek.

Baie van die deelnemers is bevrees dat, indien daar enige klagtes van nalatigheid ter sprake sou kom, hulle in 'n (vir hulle) onbekende veld - dié van regsanspreeklikheid - sou wees. Sommige deelnemers is van mening dat

hierdie onsekerheid moontlik daartoe kan lei dat sekere afrigters waarskynlik sal ophou afrig indien die druk al hoe meer word.

4.3.1.2 *Menswaardigheid*

Artikel 10 in die Grondwet beskryf dit soos volg: “*Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word*” (SA, 1996a).

Verskeie deelnemers is van mening dat onderwysers en leerders as individue uniek is en dat leerders binne hulle verskillende persoonlikhede en agtergronde hanteer moet word. Hierdie stelling hou nou verband met paragraaf 2.2.1.2, waar daar ook melding gemaak word van die uniekheid van die hantering van leerders.

’n Deelnemer verwys in die onderhoud na die voorval wat in paragraaf 2.2.1.2 reeds bespreek is, waar ’n onderwyser en ’n rugbyspan ’n seun ’n bakoond gegee het na ’n oefening en sy menswaardigheid dus aangetas is. Hierdie vorm van lyfstraf is ook teenstrydig met artikel 10 van die Skolewet (SA, 1996b) en die afrigter het homself skuldig gemaak aan onregmatige optrede deur dit goed te keur en selfs deelgeneem het. Die deelnemer se mening was dat die onderwyser-afrigter sy eie waardigheid ook verloor het en sy professionele beeld as onderwyser afgebreek het met sy optrede.

Een is van mening dat die hantering van ’n leerder met menswaardigheid deel van die onderwysprofessie behoort te wees. Hy maak die volgende stelling:

’n Onderwyser se menswaardigheid begin by homself. Dit is ’n Godgegewe taak as onderwyser om almal met menswaardigheid te hanteer.

Onderwysers word nie meer met dieselfde waardigheid deur leerders, ouers en ander belanghebbendes hanteer nie, is die mening van 'n deelnemer wat al 30 jaar in die onderwys is. Hy maak verder die volgende stelling: *“Ek weet nie of onderwysers self bydra tot hierdie afbrekende faktore nie”*. Op die navorsers se versoek, het die deelnemer sy siening verder soos volg verduidelik: *“n Onderwyser kan baie onprofessioneel optree en sodoende sy eie beeld en waardigheid afbreek”*.

Een van die skoolhoofde voel dat kinders se optredes ook soms bydra tot die onsekerhede wat onderwyser-afrigters rakende menswaardigheid beleef. 'n Kind se optrede, byvoorbeeld om nalatig te wees, kan volgens hom lei tot aanspreeklikheid van die afrigter. Kinders is impulsief en dink nie altyd na oor hulle optredes nie, en dit kan lei tot beserings.

'n Deelnemer was betrokke by 'n rugbywedstryd waar 'n seun na hom geslaan het terwyl hy 'n skeidsregter was. Hy voel dat die kind nie regmatig opgetree het nie en dat sy menswaardigheid in die proses geskend is. Die rol van die kind in die afrigting van sport kan dus op verskeie maniere tot die onderwyser-afrigting se veiligheid en sekuriteit bydra.

4.3.1.3 Die impak van kinderregte

Kinders verstaan hulle regte en weet wat dit beteken, is een deelnemer se mening. Hy voel wel dat onderwysers self nie genoeg kennis dra van die kinders se regte nie en daardeur hul eie veiligheid en sekuriteit in gevaar stel. In paragraaf 2.2.1.4 word daar soos volg verwys na die beste belang van die kind: Elke kind het die reg, volgens artikel 28(1)(d) van die Grondwet om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word (SA, 1996a). Artikel 28(2) maak verder voorsiening vir die beste belang van die kind. Die kind word dus volgens die wet beskerm teen nadele en skade. Genoemde deelnemer het 'n voorbeeld gegee waar 'n leerder by 'n skool beseer was, 'n geval

wat ekstra problematies was omdat dit by 'n spesiale skool plaasgevind het. Die leerder het nie oor normale verstandelike vermoë beskik nie en het sonder toesig op gevaarlike terrein beweeg. Sulke insidente belemmer nie net die kind se veiligheid nie, maar ook die onderwyser se veiligheid.

Oordrewe klem in die samelewing op kinderregte het 'n negatiewe invloed op leerderdissipline, en sommige onderwysers is dus onseker oor die manier wat hulle kinders mag dissiplineer. 'n Sportorganiseerder wys daarop dat kinders se wangedrag sy veiligheid as afrigter in gevaar kan stel. Hy vertel van 'n situasie waar hy op toer was met kinders toe een van die spelers 'n voorwerp uit die bus na 'n aankomende voertuig gegooi het. Die vragmotor se voorruit is in die proses gebreek en hy as onderwyser moes verantwoordelikheid aanvaar vir die kinders se gedrag. Hy was te dankbaar dat die bestuurder insiklik was en die saak op 'n rustige manier afgehandel is.

'n Ander deelnemer was beslis daaroor dat 'n onderwyser nie 'n kind sommer doelbewus sal benadeel nie. Die gevaar bestaan wel wanneer 'n afrigter sy selfbeheersing verloor as kinders ongehoorsaam is en die onderwyser-afrigter dan 'n leerder kan straf. Hierdie deelnemer waarsku dat die onderwyser-afrigter die leerder dan onregmatig kan straf deur lyfstraf te gee, wat teen die wet is, ingevolge artikel 10 van die Skolewet.

Die media rapporteer soms oor die veiligheid van leerders wat in busongelukke beland, terwyl 'n deelnemer daarop wys dat, hy as busbestuurder se eie lewe ook in gevaar kan wees. Sy gevoel is dat die onderwyser se regte ook in aanmerking geneem moet word. Die onderwyser-afrigter word soms as die skuldige gesien, maar daar is eksterne faktore soos ander bestuurders op die pad, asook die toestande van die paaie wat kan bydra tot ongelukke.

Verskeie van die deelnemers maak melding daarvan dat leerders dikwels op toere geneem word. Hierdie kinders se ouers is met reg bekommerd oor hul

veiligheid, maar die vraag wat deur die afrigters gevra word is: wat van ons eie veiligheid? Hierdie gevoel word ook deur van die ander afrigters gedeel, omdat daar onkunde is oor regte en wetgewing.

4.3.2 Onderwyswetgewing

In die groep van regs aanspreeklikheid, was die tweede kategorie wat na vore gekom het, dié van onderwyswetgewing. In die onderhoude het hierdie kategorie dus spesifieke aandag gekry. Een deelnemer stel dit dat, indien iemand vir haar iets oor die wet vra, sy haar “gewoonlik morsdood skrik en toeslaan”. Sy is van mening dat wette glad nie by sport hoort nie. Wat wel kommerwekkend is, is dat hierdie deelnemer by hoërskoolkinders betrokke is, waar die verpligtinge en gevare soms meer as by ander skole is.

Die onderwyser-afrigter se eie veiligheid en sekuriteit hang in 'n groot mate van die suksesvolle implementering van onderwyswetgewing af. Volgens hierdie kategorie het veiligheidsregulasies en gedragskodes as temas na vore gekom en word dit verder bespreek.

4.3.2.1 *Veiligheidsregulasies*

'n Skoolhoof is van mening dat indien 'n onderwyser onregmatig optree teenoor 'n kind dit deels sy verantwoordelikheid ook word. Die skoolhoof besef dat, indien die skool aanspreeklik gehou kan word, dit indirek beteken dat hy aanspreeklik kan wees. Hierdie mening sluit aan by paragraaf 2.2.2.2, waar daarop gewys is dat die Staat aanspreeklik is indien 'n onderwyser nalatig was. Die skoolhoof is die Staat se verteenwoordiger by die skool.

Die meeste van die deelnemers sal dit verwelkom as die skole en selfs die Departement van Onderwys gereelde werkswinkels kan aanbied om hulle te bemagtig. Die feit dat hulle dan meer regskennis sal hê, sal bydra tot hulle eie

veiligheid en sekuriteit as hulle sport moet afrig. 'n Deelnemer is van mening dat daar 'n groot leemte is op hierdie gebied en dat dit in die behoefte sal voorsien om hom na nog 'n hoër vlak as afrigter te neem.

4.3.2.2 Gedragskode

'n Deelnemer wat deur die beheerliggaam by die betrokke skool aangestel is, is van mening dat die beheerliggaam aan die hoof staan van die skool se buitemuurse program. Hierdie stelling is in ooreenstemming met paragraaf 2.2.2.1 waar dit gestel is dat dit die beheerliggaam se verantwoordelikheid is om die buitemuurse rooster op te stel. Die deelnemer glo ook verder dat die beheerliggaam sy werkgever is en dat hulle hom sal ondersteun as hy binne sy magte en pligte optree. Dit is die beheerliggaam se verantwoordelikheid om ook 'n gedragskode op te stel vir die onderwysers waarvolgens hulle moet optree en handel.

Daar is aan die deelnemers in die onderhoude gevra of hulle bewus is van die "*in loco parentis*"-beginsel. Uit al die deelnemers was daar slegs een wat weet wat dit is en 'n ander een wat 'n halwe idee het wat dit beteken. Die navorser lei hiervan af dat daar onder verskeie onderwyser-afrigters 'n tekort is aan selfs basiese kennis van die reg. Kommer ontstaan oor die hoeveelheid kennis waaroor onderwyser-afrigters beskik rakende die verskillende wette. Sommige van die deelnemers is van mening dat hulle gedrag as opvoeders hulle veiligheid bepaal en dat daar 'n groot verantwoordelikheid op hulle rus vir die veiligheid van die kinders.

4.3.3 Deliktuele aanspreeklikheid

Die meeste van die deelnemers besef dat, as enige leerder 'n besering opdoen, hulle nalatig mag wees en daarvoor aanspreeklik gehou kan word. Die onsekerheid bestaan wel oor watter elemente almal teenwoordig moet wees

voordat 'n onderwyser aanspreeklik is. Die vier verskillende fundamentele elemente van 'n delik wat bespreek gaan word, is 'n handeling, onregmatigheid, skade en skuld. Kousale verband word vir die doel van hierdie bespreking ter syde gestel, aangesien die bespreking van die ander elemente wel indirek daarna verwys.

4.3.3.1 Handeling

In lyn met wat bespreek is in paragraaf 2.3.1.3, voel al die deelnemers sterk daaroor dat lyfstraf glad nie toegedien mag word tydens die afrigting van sportaktiwiteite nie. 'n Deelnemer noem 'n voorbeeld in Gauteng waar 'n afrigter gedagvaar is omdat hy 'n seun by 'n rugby-oefening geslaan het.

Sommige deelnemers ondervind dat lyfstraf nog tydens afrigting van sportspanne plaasvind. Hulle voel ook dat 'n afrigter in so 'n geval sy eie veiligheid in gevaar stel, omdat die wet bepaal dat geen lyfstraf toegedien mag word nie.

In paragraaf 2.3.1.2 word daar verwys na 'n seun wat “bakoond” ontvang het by 'n rugby-oefening. Dit is ook 'n vorm van lyfstraf. Die afrigter bring hier ook sy eie veiligheid in gedrang, omdat hy regs aanspreeklik gehou kan word vir sy optrede. 'n Deelnemer se siening was “dat sulke gedrag deur opvoeders tot hofsake lei en die afrigters in 'n swak lig stel”. Die onderwyser-afrigter se handeling kan daartoe bydra dat sy eie sekuriteit in gevaar gestel kan word.

4.3.3.2 Onregmatigheid

Soos bespreek in paragraaf 1.2.2 en 2.3.1.3 word onregmatigheid gevestig deur die versuim van 'n regsplig om 'n persoon onder jou beheer te beskerm teen gevaar of besering. Volgens deelnemers is dit wel moontlik om hierdie beskerming te bied, maar dit hou verband met genoeg ondervinding as afrigter. 'n Skoolhoof is van mening dat 'n onderwyser-afrigter se ondervinding tot sy kennis van die praktyk van afrigting bydra. Hy maak die volgende stelling:

Kinders kan ernstige beserings opdoen en dit kan selfs in 'n hofsaak ontaard, dit sal help as die afrigters beter kennis het. Kennis word bekom deur ondervindings.

Hy voel verder dat onregmatige optrede later in soortgelyke situasies voorkom kan word as onderwyser-afrigters reeds ondervinding het. Die afleiding wat na die verskillende onderhoude gemaak kan word, is dat ondervinding 'n baie belangrike aspek by die versekering van die onderwyser-afrigter se sekuriteit is.

'n Deelnemer wat 'n skeidsregter is, noem 'n situasie waar hy as skeidsregter tydens 'n rugbywedstryd by 'n hoërskool opgetree het. 'n Seun was nie tevrede oor 'n beslissing wat hy gemaak het nie en het hom tydens die wedstryd geslaan. Die skool het later 'n saak teen die skeidsregter gemaak, omdat hulle gevoel het dat die skeidsregter rassisties was. Die skeidsregter voel dat die seun onregmatig teenoor hom opgetree het. Die skool waarby die seun betrokke is, het later die saak teruggetrek. Die skeidsregter voel egter dat, aangesien alles net so gelos was, en veral omdat hy onskuldig was, daar onregverdig teenoor hom as 'n skeidsregter opgetree was. Verder kan afgelei word dat dit voorkom asof die spelers meer regte as 'n skeidsregter soos in hierdie geval het. Dit het frustrasie by onderwyser-afrigters en wedstrydbeamptes tot gevolg. Sommige van die deelnemers voel dat hierdie frustrasies veroorsaak dat die betrokke persone nie meer betrokke wil raak by sport nie, en van hulle wil glad nie meer as skeidsregters of as afrigters optree nie.

4.3.3.3 Skade

Soos bespreek in paragraaf 1.2.3, is skade in sportafrigting dikwels die besering van 'n deelnemer of toeskouer, of emosionele skade weens onoordeelkundige of onopvoedkundige benaderings deur afrigters. Een deelnemer wys daarop dat 'n kind baie vertroue in 'n afrigter plaas, en baie afrigters werk lang tye met kinders en verwag baie van hulle. Dit kan gebeur dat 'n afrigter weens nalatigheid 'n

leerder se lewe in gevaar stel. In hierdie geval verwys die deelnemer na 'n insident waartydens die afrigter 'n speler wat vroeër harsingskudding opgedoen het, laat deelneem het. Aangesien die kind enigiets sal doen wat die afrigter van hom vra, stel die afrigter homself bloot indien die kind verder beseer word.

'n Ander deelnemer wat ook as 'n skeidsregter opgetree het se mening sluit aan by bostaande siening. Hy is van mening dat as 'n skeidsregter van enigiets bewus is wat daarop dui dat 'n leerder beseer is of harsingskudding opgedoen het, dit sy plig is om op te tree. Hy voel voorts dat, indien hy nie optree nie, hy homself blootstel aan beskuldigings van nalatigheid wat sy eie veiligheid en integriteit as skeidsregter in die gedrang kan bring.

4.3.3.4 *Skuld*

Die siening van die deelnemers sluit aan by die bespreking in paragraaf 2.3.1.6, waar daar die verskillende elemente van skuld aangedui is, naamlik opset en nalatigheid. Die meeste van die deelnemers is van mening dat 'n afrigter se ondeurdagte optrede tot nalatigheid kan bydra. Wat afgelei kan word uit die menings van die verskillende deelnemers, is dat hulle nie altyd seker is op watter maniere hulle nalatig bevind kan word nie.

Die meeste van die deelnemers se gevoel is dat hulle as redelike opvoeders of afrigters moet optree. Hoewel hulle besef dat, indien hulle alles binne hulle vermoë doen, hulle nie nalatig kan wees nie, is hulle tog bekommerd oor hoe ver hul plig as redelike opvoeder strek. Hierdie beginsels stem ooreen met paragraaf 2.3.1.6 waar die redelike persoon-toets bespreek is.

'n Volgende deelnemer se mening is soos volg: " 'n Afrigter maak homself skuldig aan onregverdige optrede indien hy iets van kinders verwag wat bokant hulle vermoë is." Die deelnemer stel dit verder dat daar nie van kinders verwag kan word om tydens sportoefeninge sonder toesig buite die skoolterrein te hardloop nie. Die deelnemer voel dat sodanige afrigter dan buite sy magte optree en dit

kan lei tot klagtes van nalatigheid indien een van die leerders seerkry. Hierdie deelnemer het 'n duidelike insig in die twee elemente wat deel vorm van die redelike persoon-toets, naamlik voorsienbaarheid en voorkombaarheid, en hoe dit 'n rol speel by die afrigter se veiligheid. Hy voorsien die moontlikheid van beserings, en weet dat dit deur goeie toesig voorkom kan word.

Baie van die deelnemers is van mening dat 'n afrigter te alle tye moet weet wat om te doen. Die deelnemer is van mening dat *“ek as afrigter moet altyd voorbereid wees vir die ergste. Ek moet altyd 'n plan B, C hê.”* Die afrigter glo dat indien hy die leerders waarmee hy werk veilig hou, dit 'n bydrae kan lewer tot sy eie veiligheid. 'n Skoolhoof is van mening dat hoewel die onderwyser nooit die ouer kan vervang nie, hy so moet optree dat hy die kind sal beskerm soos wat die ouer sou. 'n Ander deelnemer wys daarop dat ouers deesdae van afrigters verwag om heeltemal hulle plek in te neem. Hy besef dat as die kind onder sy toesig is, hy die kind moet beskerm om sodoende die nodige veiligheid te bied.

'n Ander deelnemer is van mening dat, hoewel 'n afrigter alles binne sy of haar vermoë doen om die kind te beskerm, sommige ouers partykeer verkeerde inligting rakende die kind deurgee wat risiko's kan veroorsaak. Net soos wat die afrigter alles binne sy vermoë moet doen om die kind te beskerm, moet die ouer dit ook doen en nie nalatig optree nie.

By 'n spesiale skool noem 'n deelnemer dat hulle met leerders met spesiale behoeftes werk. Hierdie feit maak dat hulle baie meer voorkomend moet optree. Sy mening rakende die element van voorsienbaarheid is die volgende: *“Ons moet altyd vooruitsien wat volgende moontlik kan gebeur, veral as ons wegwedstryde of byeenkomste het”*. Hy bedoel hiermee dat hulle te alle tye voorkomend moet optree en voel ook dat een van hulle grootste frustrasies is dat die ouers nie altyd in die hande gekry kan word nie. Die gevolg is dat hulle in die plek van die ouer moet optree en sulke situasies veroorsaak dat hulle hul eie

veiligheid en sekuriteit as afrigters gereeld in gevaar stel, veral as daar 'n besering plaasvind.

Hiermee word die bespreking van die data wat 'n groep vorm onder die term *regsaanspreeklikheid* afgesluit. Soos aangedui in paragraaf 4.2, het dit hoofsaaklik gefokus op daardie elemente van die Grondwet, onderwyswetgewing en deliktuele aanspreeklikheid wat 'n invloed het op opvoeder-afrigters se sekuriteit. Vervolgens word die klem verskuif na die tweede groep wat uit die data na vore gekom het, naamlik *sportspesifieke elemente*.

4.4 Sportspesifieke elemente

In paragraaf 3.6 is daar verwys na twee kategorieë wat in hierdie groep tydens die analiseproses na vore gekom het, naamlik opleiding en kennis. Hierdie twee kategorieë sal vervolgens bespreek word, met verwysing na die temas wat onder elkeen na vore gekom het.

4.4.1 Opleiding

Die meeste van die deelnemers verwys elke keer na die opleiding wat hulle ontvang het met betrekking tot sportafrigting. Hier word tussen kursusse en inisiële opleiding onderskei.

4.4.1.1 Kursusse

'n Skoolhoof is van mening dat dit deel van die beheerliggaam se verantwoordelikheid is om onderwysers te bemagtig om sport af te rig. Volgens hom behels hierdie bemagtiging om hulle vir die nodige opleiding en afrigtingskursusse te stuur. Hy is verder van mening dat die beheerliggaam saam met die skool in 'n vennootskap is en dat hulle te alle tye moet saamwerk.

'n Ander deelnemer lê eerder klem op die rol van die skoolhoof, en wys daarop dat die skoolhoof die bestuurder van die skool is en dat die skoolhoof se kennis

en vaardighede van groot belang is vir die vordering van die skool se sport. Die ontwikkeling van die personeel is volgens hom die skoolhoof se verantwoordelikheid en die onderwysers moet bemagtig word om enige gevare in hulle optredes teenoor die kinders te kan hanteer.

Daar is van die deelnemers wat daarvan oortuig is dat die skoolhoof die rigtinggewende faktor in die skool is, en maak die opmerking dat, as die skoolhoof iets van hulle verwag, hulle dit sal doen. In die konteks van hierdie studie beteken dit dat as die skoolhoof verwag dat hulle kursusse moet bywoon, hulle dit sal doen. Die skoolhoof se verantwoordelikheid is om die personeel in die skool te lei om hulself beter te kwalifiseer.

Die lede van die beheerliggaam besef nie altyd watter belangrike rol hulle speel ten opsigte van sportafrigting by skole nie. Hoewel hulle nie noodwendig fisies sport afrig nie, moet hulle saam met die bestuur van die skole hulp verleen aan die afrigters om genoegsame kursusse by te woon wat hulle kan bemagtig. Heelwat van die deelnemers het genoem dat hulle baie van die kursusse op eie onkoste moet bywoon. Die beheerliggaam kan hiervoor in die begroting van die skool voorsiening maak.

Die Departement van Onderwys kan volgens een onderwyser belê in sinvolle afrigtingskursusse vir die opleiding van onderwysers. Tydens hierdie kursusse moet die regsaspekte ook aangespreek word. Hierdie siening word ook bespreek in paragraaf 4.3.1.1. 'n Ander deelnemer wonder egter of daar wel kundiges is om sulke kursusse aan te bied. Die deelnemers se vrese is dat hulle moontlik nie die nodige opleiding kan ontvang nie, wat hulle veiligheid en sekuriteit in gevaar kan stel. Die afleiding wat gemaak kan word uit die menings van die deelnemers is dat hulle voel dat daar nie genoegsame kundige mense is wat die nodige opleiding kan gee nie.

'n Deelnemer stel dat hy baie rondry om afrigterskursusse by te woon. Hy is van mening dat daar vandag uitstekende kursusse is wat help om sportvaardighede en -tegnieke af te rig. Hierdie kursusse bied wêreldgehalte opleiding aan hom as 'n sportafrigter. Daar word egter by hierdie kursusse glad nie aandag gegee aan die beskerming en veiligheid van 'n afrigter vanuit 'n regspektief nie.

'n Deelnemer wat rugby afrig, het gesê dat daar wel 'n rugbykursus is wat 'n afrigter teen regspraaklikheid beskerm. Daar word in hierdie kursus wel aandag aan rugbybeserings en nie-regsaanspreeklikhede gegee. Die idee word geskep dat onderwyser-afrigters deur die kursus vir aanspreeklikhede bemagtig word. Alle afrigters moet die kursus doen alvorens hulle mag afrig, maar die klem van die kursus val net op sportbeserings en die hantering daarvan.

Daar is sportsoorte wat baie aandag aan opleiding gee en ander sportsoorte wat geen opleiding gee nie. Verder ontstaan die vraag van 'n deelnemer of die persone wat die afrigtingskursusse aanbied, bevoeg genoeg is om dit aan te bied. Die vrees bestaan dat die opleiding hulle as afrigters nie werklik bemagtig nie.

Uit die reaksie van die verskillende deelnemers kan afgelei word dat daar in sportsoorte soos krieket en rugby wel afrigterskursusse aangebied word. In rugby vind daar ook 'n *Boksmart*-kursus plaas wat verpligtend is vir alle rugbysafrigters. 'n Kommerwekkende aspek wat wel in gedagte gehou moet word is dat in al die ander sportsoorte daar geen kursusse in hulle skooldistrik plaasgevind het nie. Hierdie sportsoorte sluit atletiek, hokkie en netbal in.

4.4.1.2 Inisiële opleiding

'n Skoolhoof maak die volgende stelling: *“Ek dink die woord bemagtig is reg. Om te weet wat word van jou verwag en wanneer is jy aanspreeklik vir sekere goed”.*

Die skoolhoof voel dat bemagtiging van kardinale belang in die opleiding van 'n afrigter is. Hy maak verder ook die volgende voorstel:

Dit kan baie help as dit 'n module kan word by die Universiteite. As dit deel kan word van die kurrikulum van die toekomstige onderwysers. Dit kan help met die afrigting van sport- en selfs kultuuraktiwiteite. Dit sal help om die nodige regs kennis te hê.

'n Ervare onderwyser is van mening dat die opleiding wat hy ontvang het toe hy studeer het, nie meer van toepassing is op die sport wat hy vandag moet afrig nie. Hy voel dat sport baie gespesialiseerd geword het en dat hy gespesialiseerde opleiding benodig. 'n Ander deelnemer noem dat hy sy onderwysgraad deur die Universiteit van Suid-Afrika voltooi het en dat daar geen opleiding gegee is vir die afrigting van sport nie. Dit skep vir hom 'n probleem, omdat hy by die skool sport moet afrig. Hy moet dus staat maak op dit wat hy deur ervaring en by ander tydens sportafrigting geleer het. So 'n proses skep uiteraard sekere risiko's.

"In die onderwys moet daar gestreef word na konstante opleiding; so verseker ons groei", is die mening van 'n deelnemer. Daar was sommige deelnemers wat saam met hierdie siening gestem het. Ten einde as 'n onderwyser te groei, moet daar konstante opleiding plaasvind.

4.4.2 Kennis

'n Deelnemer maak die volgende stelling dat *"kennis nie gekoop kan word nie"*. Hy is verder van mening dat daar in die onderwys en veral by sport baie plekke is waar ander kennis en vaardighede in ag geneem moet word as wat die normale mens buite die onderwys moontlik besef. Kennis word hier verdeel in sportvaardighede en -tegnieke asook ondervinding.

4.4.2.1 *Sportvaardighede / tegnieke*

Dit is 'n alombekende feit dat sport nie in skole sou plaasvind as dit nie vir kinders was nie. Die rol van die kinders is dus baie belangrik en dit is die rede hoekom onderwysers so baie tyd aan afrigting spandeer. 'n Deelnemer is van mening dat skolesport en kinders die ruggraat van die land se sport is. 'n Skoolhoof ondersteun hierdie siening deur sy mening dat indien sport by skole gestop word, ons land se sport nie meer sal funksioneer soos wat dit tans funksioneer nie. Sommige van die deelnemers se gevoel was dat kinders nie meer die waarde van sportafrigting by skole besef nie. Een van die deelnemers voel dat die ouers ook in hierdie verband 'n groot rol speel. Ouers skaar hulle maklik aan die kant van die kind en gee dan in sommige omstandighede toestemming aan hom of haar om sportoefening te staak. Die verkeerde waardes word op hierdie manier aan die kinders oorgedra wat 'n kommerwekkende aspek is en wat 'n al hoe groter probleem in ons skole word.

'n Deelnemer wat hokkie by 'n hoërskool afrig, noem dat sy elke jaar hokkiekursusse bywoon. Sy is van mening dat die aanbieders absolute kenners is met die afrigting van hokkie, maar dat dit ongelukkig net by hokkietegnieke en die aanleer van vaardighede bly. Haar bekommernis is dat hokkie juis 'n sportaktiwiteit is waar 'n afrigter sy/haar eie veiligheid in gevaar stel, omdat dit volgens haar 'n hoë risikosport is. Die risiko is egter vir die kinders groter as vir die afrigter.

'n Groot uitdaging vir die onderwyser wat as afrigter of skeidsregter moet optree, is om saam met die veranderings in elke sportkode te verander. Afrigtingstegnieke en vaardigheidsoefeninge raak baie gespesialiseerd en as 'n onderwyser wil ontwikkel van 'n gewone afrigter tot 'n uitstekende afrigter, moet die afrigter gereelde en doeltreffende opleiding ontvang, is die mening van een deelnemer.

Baie van die deelnemers het tydens die onderhoude genoem dat daar baie meer na opleiding om hulle as afrigters te beskerm gekyk moet word. Hierdie behoefte het veral te doen met hulle gebrekkige regs kennis. 'n Onderwyseres reken dat die reg en sport geskei moet word. Sy maak die stelling dat *"die reg hoort by prokureurs en nie by afrigters nie. Dit maak my bang as ek hoor en lees in die media en ek besef ek skiet ver tekort in die regsafdeling"*.

'n Deelnemer is van mening dat daar baie opleiding ten opsigte van rugby- en krieketvaardighede gegee word. Daar kom gereeld afrigtingskursusse van die moederunies af. Die bekommernisse wat die deelnemer het, is dat daar by baie ander sportaktiwiteite geen kursusse aangebied word nie. 'n Deelnemer wat netbal afrig, is baie gefrustreerd omdat daar geen kursusse in haar skooldistrik aangebied word vir netbalafrigters nie, en sy moet na naburige sentrums ry om haar kennis op datum te hou. Sy is van mening dat die moederliggame van sekere sportsoorte meer aandag aan opleiding gee as ander.

4.4.2.2 Ondervinding

'n Kommerwekkende aspek is dat ondervinding oor jare opgedoen word en dat die huidige tendens is dat ouer, ervare personeel vinniger uit die onderwysstelsel beweeg as vantevore. Die onderwys as beroep is minder aantreklik en ervare onderwysers tree vroeër af, of word opgeneem in die privaatsektor. Die vrese is dus dat daar nie meer genoegsame geleenthede by skole geskep kan word vir jonger onderwyser-afrigters om op die ondervinding van mentorafrigters staat te maak nie.

'n Ander skoolhoof sluit aan by die gedagte van ondervinding teenoor kennis as hy noem dat, as 'n afrigter take aan spelers gee, hy verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy optrede. Hy maak die volgende stelling om te verduidelik: *" 'n Onderwyser kan nie verwag van 'n Graad 1-leerder om teen 'n 6 meter-tou op te klim nie. Indien die kind 'n besering opdoen, kan hy in groot moeilikheid beland."*

Hierdie siening sluit aan by paragraaf 2.3.1.3 waarin onregmatigheid bespreek is, en waarvolgens die nienakoming van 'n regsplig kan lei tot aanspreeklikheid. Die regspraak wat in hierdie konteks gevra kan word, is of die redelike onderwyser 'n besering sou kon voorsien.

'n Ander deelnemer noem dat die enigste opleiding wat sy ontvang het, was deur informeel tydens afrigting na ander mense te luister en te doen wat hulle doen. Sy besef egter dat sy geen amptelike opleiding ontvang het nie, wat vir haar 'n risiko as afrigter inhou.

4.5 Samevatting

Gedurende die analise van die kwalitatiewe data het twee datagroepe na vore gekom: daardie data wat te doen het met regs aanspreeklikheid, en sportspesifieke elemente. In hierdie twee groepe het sekere kategorieë na vore gekom, wat weer op hulle beurt spesifieke temas ingesluit het.

Die Grondwet as kategorie is eerste bespreek, en veiligheid, menswaardigheid en die impak van kinderregte was die temas. Om 'n gesonde onderwysklimaat te vestig, moet onderwyswetgewing bestudeer word, wat as tweede kategorie bespreek is. Regs aanspreeklikheid van onderwyser-afrigters wentel grootliks rondom die deliktereg, wat in die kategorie van gemene reg aandag gekry het. In die datagroep van sportspesifieke elemente is die kennis en opleiding van die onderwyser-afrigter onderskeidelik ontleed.

Daar is in die empiriese studie gevind dat die meeste van die deelnemers baie positief is om hulleself te bemagtig en gretig is om meer te leer oor daardie regsaspekte wat hulle kan beskerm teen aanspreeklikheid.

'n Opvoeder wat moet optree as 'n afrigter is baie blootgestel aan die verandering van afrigtingstegnieke en -vaardighede, maar kan wel aanspreeklik gehou word indien daar skade aan die kind gedoen word. Die onderwyser-afrigter se

veiligheid en sekuriteit is dus in gedrang. Die meeste van die deelnemers wat deelgeneem het aan die navorsing is baie onseker oor regs aanspreeklikheid en op watter wyse hulle nalatig bevind kan word as hulle sport afrig.

Die enkele belangrikste bevinding tydens die empiriese studie was dus dat onderwyser-afrigters nie genoegsaam kennis dra van die onderliggende regs beginsels wat 'n rol in afrigting speel nie. Hierdie leemte en ander bevindings word vervolgens in hoofstuk 5 bespreek.

HOOFSTUK 5: BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Die doelstellings van die studie is in hoofstuk 1 uiteengesit, waarvolgens die sentrale doel was om te bepaal hoe die onderwyser-afrigter veiligheid en sekuriteit beleef tydens die afrigting van sport. Die hele spektrum van die studie hou verband met die regs aanspreeklikheid en die gepaardgaande gevolge vir opvoeders.

Dit is belangrik om weer terugskouend na die doelstellings te verwys wat in hoofstuk 1 uiteengesit is. Hierdie doelstellings is die volgende:

- om vas te stel watter regs determinante 'n invloed het op die sekuriteit van die onderwyser-afrigter, veral ten opsigte van regs aanspreeklikheid.
- om te bepaal watter bydrae bestaande afrigtersopleiding lewer tot die parate regs kennis van die onderwyser-afrigter en die mate van sekuriteit wat hulle ervaar.
- om aan te toon wat onderwyser-afrigters se persepsies is ten opsigte van regs aspekte wat hulle optrede in hulle onderskeie rolle van afrigter, wedstrydbeampte en organiseerder beïnvloed.

Die eerste doelwit is in hoofstuk 2 bereik waar die literatuuroorsig rakende die toepaslike regs determinante gedoen is. Die tweede doelwit is in hoofstuk 2 asook in hoofstuk 4 bereik. Die doel was om te bepaal watter bydrae afrigtersopleiding lewer en dit is deur die analise van die empiriese studie gedoen.

In hoofstuk 4 is die empiriese studie voltooi, ter bereiking van die derde doelwit, waar die analise gedoen is van die onderwyser-afrigters se persepsies, sienings en menings ten opsigte van tersaaklike regs aspekte.

Voordat daar oorgegaan word na die bespreking van die bevindings, word die belangrikste elemente van elk van die hoofstukke verder kortliks bespreek.

5.2 Hoofstukverdeling en doelwitte

In hoofstuk 1 is die probleemstelling, doelwitte en navorsingsontwerp bespreek. Op grond van die doelstellings en doelwitte is die literatuuroorsig in hoofstuk 2 gedoen ter bereiking van veral die eerste doelwit. Die hoofstuk is verdeel in verskillende aspekte waaronder wetgewing (vergelyk paragraaf 2.2), soos eerstens vervat in die Grondwet (vergelyk paragraaf 2.2.1). Die impak van die Skolewet (vergelyk paragraaf 2.2.2) is daarna bespreek omdat dit 'n groot invloed het op die veiligheid en sekuriteit van die onderwyser-afrigter. Die Wet op Indiensneming van Opvoeders (vergelyk paragraaf 2.2.3) is belangrik vir die studie omdat dit die indiensneming en moontlike vorme van wangedrag waarby 'n afrigter betrokke kan wees, bepaal. Rossouw (2010:169) maak ook melding daarvan, soos bespreek is in paragraaf 2.2.3, dat opvoederwangedrag 'n direkte impak op die kind kan hê. Dit sluit ook aan by die sentrale tema van die studie, wat handel oor die veiligheid en sekuriteit van die opvoeder. Daarmee saam is die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (vergelyk paragraaf 2.2.4) wat ook 'n rigtinggewende bron is vir opvoeders se gedrag. Die sentrale tema van die studie is die veiligheid van die opvoeder en in die lig hiervan is die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (bespreek in paragraaf 2.2.5) van belang.

Na afloop van die bestudering van wetgewing het die uiteensetting van die gemene reg gevolg (vergelyk paragraaf 2.3). Die gemene reg, en spesifiek die deliktereg, staan sentraal tot die studie omdat baie van die reëls en beginsels vervat in die gemene reg van toepassing is op die onderwyser-afrigter. Hierdie siening word deur Bray (2008a:59) ondersteun. Rossouw (2006:21) staaf dit verder deurdat hy van mening is dat die gemene reg sekere beginsels beskryf

wat van toepassing is op die opvoeder se regs aanspreeklikheid tydens sportafrigting.

Deliktuele aanspreeklikheid (vergelyk paragraaf 2.3.1) vorm deel van die Suid-Afrikaanse gemene reg. Die basis van hierdie studie word gegrond op die vyf fundamentele elemente van die delik en al vyf moet teenwoordig wees alvorens 'n opvoeder aanspreeklik gehou kan word. Die vyf elemente is handeling (vergelyk paragraaf 2.3.1.2), onregmatigheid (vergelyk paragraaf 2.3.1.3), skade (vergelyk paragraaf 2.3.1.4), kousaliteit (vergelyk paragraaf 2.3.1.5) en skuld (vergelyk paragraaf 2.3.1.6).

In hoofstuk 3 is die belangrikste aspekte rondom 'n kwalitatiewe studie bespreek. Die navorser ontleed tydens 'n literatuuroorsig die teoretiese elemente van kwalitatiewe navorsing. Die navorsingsontwerp wat geskik is vir hierdie studie is 'n fenomenologiese studie waarvolgens die navorser onderhoude gevoer het met geïdentifiseerde deelnemers. Die navorser het verder 'n interpretivistiese benadering gevolg waardeur kennis verkry is deur induktiewe analise, hipotese en teorie (Merriam, 1998:4).

In hoofstuk 4 is 'n analise van die data wat ingesamel is deur die onderhoude gedoen. Die analise is gevorm rondom vyf kategorieë wat voortgespruit het uit die sentrale tema. Hierdie vyf kategorieë is die Grondwet, onderwyswetgewing, deliktuele aanspreeklikheid, opleiding en kennis. Tydens die bespreking van hierdie kategorieë het die sentrale tema van opvoedersekuriteit telkens na vore gekom.

In hierdie hoofstuk word die finale bevindings vervolgens geformuleer aan die hand van die literatuuroorsig sowel as die empiriese ondersoek. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n aantal aanbevelings gemaak word.

5.3 Bevindings

Die finale bevindings wat volg, word weer gebaseer op die vyf kategorieë wat in hoofstuk 4 bespreek is: die Grondwet, onderwyswetgewing, deliktuele aanspreeklikheid, opleiding en kennis. Die sentrale tema, naamlik opvoedersekuriteit word bespreek waar toepaslik onder genoemde kategorieë.

5.3.1 Die Grondwet

Baie van die deelnemers wat betrokke was by die navorsing is baie onseker oor die rol van die Grondwet en ook algemene wetgewing en hoe dit hulle kan beskerm. Sommige van die deelnemers glo dat, as hulle die leerders vrywaringsvorme laat invul, dit hulle sal beskerm. Daar is verskeie van die deelnemers wat nie 'n goeie idee het wat die Grondwet behels en hoe dit deel vorm van die breër prentjie van die reg nie. Die volgende temas, wat almal met spesifieke fundamentele regte te doen het, het binne hierdie kategorie na vore gekom: veiligheid, menswaardigheid en die impak van kinderegte.

5.3.1.1 Veiligheid

In die literatuurstudie is daar onder meer gefokus op die fisiese veiligheid van die onderwyser-afrigter. Daar is veral verwys na die hofsak *MEC for Education, Western Cape Province v Strauss* (2006) (2) SA 366 (SCA) waar 'n diskusafrigter met 'n diskus getref is. Daar kon in die empiriese studie afgelei word by van die deelnemers dat hulle besef dat hulle eie lewens in baie situasies in gevaar kan kom as hulle met kinders werk. Kinders se optredes kan die onderwyser se eie veiligheid in gevaar stel. Sommige deelnemers is van mening dat die risiko's groter raak en dat die kinders daartoe in staat is om gevare te skep wat die afrigters se sekuriteit nadelig kan beïnvloed.

'n Skeidsregter wat deel gevorm het van die empiriese studie voel dat hy vroeër jare net die reëls van rugby hoef te geken het. Nou voel dit asof kinders nie meer respek vir hom as 'n skeidsregter het nie. Die kinders se veiligheid word baie beklemtoon, terwyl sy eie veiligheid in gevaar gestel word. Kinders en ouers kan maak en sê net wat hulle wil vir die skeidsregter, maar indien die skeidsregter te ver gaan, word hy onder streng tugmaatreëls gestel.

Daar ontstaan 'n sekerheid by die meeste van die deelnemers dat, indien hulle veiligheid in gedrang kom, hulle nie meer deel wil wees van sportafrigting nie. Daar word sterk klem in die skole geplaas rondom aanspreeklikheid en hierdie klem plaas baie druk op die onderwyser-afrigter deurdat hulle nie genoegsame kennis het om hulle eie veiligheid en sekuriteit te verseker nie.

5.3.1.2 Menswaardigheid

In paragraaf 2.2.1.2 stel regter Chaskalson dit in die hofsaak *S v Makwanyane and M Mchunu* 1995(3) SA 391 (CC) dat menswaardigheid een van die belangrikste waardes van die Grondwet van Suid-Afrika is. Hy voeg by dat menswaardigheid inherent is aan elke mens en dat dit gerespekteer en beskerm moet word. Baie van die deelnemers voel dat die manier hoe hulle leerders hanteer 'n refleksie is op hulle eie professionele beeld as onderwysers. Die meeste van die deelnemers voel sterk dat die leerders met die grootste menswaardigheid hanteer moet word. Indien hulle dit nie doen nie, is hulle dit eens dat hulle hul loopbaan in gevaar stel.

Daar is wel 'n ander kant aan hierdie saak en dit is dat die onderwyser-afrigters dit ervaar dat hulle nie altyd menswaardig hanteer word nie. Die ouers speel 'n belangrike rol in hierdie verband en dra dit ook oor op hul kinders. Onderwysers voel dat ouers nie dieselfde respek vir hulle het as in die verlede nie. Daar is 'n deelnemer wat verwys na die geval van die bakoond van die rugbyspeler wat in

paragraaf 2.2.1.2 genoem is. Hy besef dat dit nie menswaardig was om so teenoor die kind op te tree nie. Die een bekommernis wat hieruit voortspruit, is dat leerders die onderwyser-afrigter in baie gevalle kan dryf tot optrede wat hulle normaalweg nie sou oorweeg nie.

Ouers se inmenging by afrigting raak ook 'n groot kwelpunt en dit dra ook baie daartoe by dat die verhouding tussen die onderwyser-afrigter en die leerders afgebreek word. Die leerders volg die voorbeeld wat hulle sien en indien die ouers en die onderwyser-afrigter mekaar nie menswaardig hanteer nie, kan dit bydra tot die verbokkeling van die verhouding tussen leerder en onderwyser.

'n Deelnemer wat as 'n skeidsregter by 'n hoërskoolwedstryd opgetree het (vergelyk paragraaf 4.3.1.2), is deur 'n hoërskoolseun in die wedstryd geslaan. Die saak het voor 'n dissiplinêre komitee gekom en die seun is nie gestraf nie, omdat die komitee betrokke by die organisasie van die ligas nie 'n te groot bohaai wou maak oor die insident nie. Die skeidsregter wat ook 'n onderwyser-afrigter is, voel dat sy menswaardigheid aangetas is en wonder wat sou gebeur het en waar die saak sou gedraai het, indien hy die kind sou geslaan het.

Uit hierdie gedeelte spruit juis die volgende bespreking waar daarop gewys word hoe die impak van oordrewe kinderregte 'n groot probleem veroorsaak.

5.3.1.3 Die impak van kinderregte

Verskeie van die deelnemers voel dat kinders hulle regte ken en dat onderwysers hulle regte as kinders moet erken. Wat wel 'n bekommernis by van die deelnemers is, is dat hulle nie hul eie regte as onderwysers ken nie. Sommige is selfs van mening dat hulle nie regte het nie. In die konteks van hierdie studie is dit van groot belang om artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996a) te verstaan: die kind se beste belang is van kardinale belang. 'n

Onderwyser-afrigter word beskerm, maar sodra die veiligheid van die kind in gedrang kom en die onderwyser-afrigter 'n mate van risiko skep teenoor die kind, oortree die afrigter die Grondwet van Suid-Afrika. Smit. (2008:80) beklemtoon bostaande stelling en benadruk verder dat die Grondwet gebaseer is op dieselfde siening en internasionale standaarde. Die kind moet te alle tye veilig wees (vergelyk paragraaf 2.2.1.4).

Die onderwyser-afrigter se plig is om toesig te hou oor die kind. Daar is egter wel leerders wat ongehoorsaam is en nie die reëls nakom nie. Indien so 'n leerder beseer sou word, sal die kind se regte van toepassing word. Die onderwyser voel dat sy eie regte eintlik in gevaar is as gevolg van 'n ongehoorsame kind wat nie die reëls wil nakom nie.

Daar kom ook baie gevalle voor waar leerders die onderwyser-afrigter op 'n uitdagende wyse tart en die onderwyser se regte, veral menswaardigheid, in die proses geskend word. Indien die onderwyser sou optree deur 'n leerder te slaan of terug te beledig, word die kind se regte geskend. Die oorsaak van die insident word dus nie altyd in ag geneem nie.

5.3.2 Onderwyswetgewing

Smit. (2008:83) is van mening dat onderwyswetgewing 'n rol moet speel om 'n gesonde onderwysklimaat in die skool te vestig. Die stelling is reeds bespreek in paragraaf 2.2.2. Uit hierdie siening spruit een van die temas wat bespreek word, naamlik veiligheidsregulasies. Verder word gedragskodes ook later bespreek.

5.3.2.1 *Veiligheidsregulasies*

In paragraaf 2.2.5 is Joubert en Prinsloo (2009:156) aangehaal, wat daarop wys dat die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 (SA, 1993a), is om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van mense in

hulle werksplek. Die veiligheid en gesondheid van primêr die werknemers, maar ook ander persone op die perseel, moet beskerm word tydens alle aktiwiteite wat plaasvind. Daar is sekere verpligtinge wat op die skoolbestuur rus wat hieruit voortspruit, en wat indirek ook tot voordeel van die leerders is. Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid 85 van 1993 (SA, 1993a) bevat baie regulasies, maar alles is nie van toepassing op die onderwys nie. Dit is belangrik dat opvoeders slegs die regulasies gebruik wat op hulle van toepassing is.

Sommige deelnemers is van mening dat daar wel meer ondersteuning kan wees van die kant van die Departement van Onderwys. Hulle besef dat die Departement van Onderwys wel riglyne gee oor veiligheidsregulasies en dat daar kwartaalliks verslae ingestuur moet word rondom veiligheidsaspekte aan die Departement, maar daar is leemtes as dit kom by die afrigting van sport. Daar is 'n gevoel by van die deelnemers dat daar meer ondersteuning en duidelike riglyne gegee kan word as dit kom by ko-kurrikulêre aktiwiteite.

5.3.2.2 Gedragskode

In paragraaf 2.2.4 is die primêre doelwitte van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 (SA, 2000b), bespreek. Volgens artikel 5(b)(i) van hierdie Wet (SA, 2000b) moet SARO die professionele beeld van die onderwyser bevorder, ontwikkel en onderhou. Verder bepaal artikel 5(c)(i) (SA, 2000b) dat SARO 'n gedragskode moet opstel vir geregistreerde opvoeders en dit dan implementeer. Hierdie gedragskode is volgens die Wet opgestel wat bekend staan as die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders se gedragskode (SA, 2000b). In artikel 3 van hierdie gedragskode is daar sekere bepalings geformuleer wat van toepassing is op hierdie studie.

Die kennis van die opvoeders rondom die wette is soms 'n bekommernis by van die deelnemers. Daar is sekere gedragskodes wat van toepassing is op die

opvoeders. Volgens paragraaf 4.3.2.2 word hierdie kommer bevestig deurdat die deelnemers baie onseker is oor die kwessie.

5.3.3 Deliktuele aanspreeklikheid

Al die deelnemers besef dat, indien 'n leerder 'n besering opdoen, hulle aanspreeklik gehou kan word vir nalatigheid. Wat wel kommerwekkend is, is die onsekerhede wat bestaan by die onderwyser-afrigter rondom al die verskillende elemente wat in ag geneem moet word.

5.3.3.1 *Handeling*

Baie van die deelnemers besef nie dat hulle handeling of lates kan bydra tot aanspreeklikheid nie. Hulle het slegs die persepsie dat lyfstraf die grootste handeling kan wees wat kan bydra tot aanspreeklikheid.

Oosthuizen en Rossouw (2008:113) wys daarop dat daar 'n onderskeid is tussen 'n handeling en 'n late. 'n Late is 'n aksie wat geneem moes word, maar nie deur die opvoeder geneem is nie (vergelyk paragraaf 2.3.1.2). Indien 'n onderwyser-afrigter nie 'n kind beskerm teen benadeling nie, kan hy aanspreeklik gehou word vir so 'n late. 'n Deelnemer is van mening dat sy handeling, as dit ook onregmatig is, 'n negatiewe effek kan hê op hom as 'n onderwyser en dat dit sy professionele beeld as 'n onderwyser-afrigter afbreek.

5.3.3.2 *Onregmatigheid*

Rossouw (2004:52) (vergelyk paragraaf 2.3.1.3) verwys na onregmatigheid in die volgende sin: as 'n leerder beseer word tydens die beoefening van 'n sport en dit geskied op 'n onregmatige wyse, kan dit lei tot deliktuele aanspreeklikheid. Die kernvraag is of daar 'n regsplig bestaan, en of daar 'n verbreking van hierdie plig is. Die aard van die sport speel 'n rol om die aard van die regsplig te bepaal, aangesien die mate van risiko van sportsoorte verskil. Dit beteken dat 'n persoon

wat gimnastiek afrig en 'n persoon wat naellope by atletiek afrig verskillende vaardigheidsvlakke in ag moet neem. Beide sportsoorte hou gevare in vir die leerder, maar gimnastiek se verwagte vaardigheidsvlakke is baie hoër as in naellope, omdat die risiko hoër is.

'n Skoolhoof se mening sluit by hierdie punt aan, soos bespreek is in paragraaf 4.3.3.2, waar hy 'n stelling maak dat beserings wat kinders kan opdoen, kan lei tot hofsake. Afrigters moet oor genoegsame kennis van die reg beskik.

Naas die aard van die sportsoort, speel die ondervinding van die onderwyser-afrigter 'n baie groot rol in sportafrigting. Indien die handeling van die opvoeder nie korrek is tydens sportafrigting nie, kan dit 'n impak hê op sy aanspreeklikheid. Dit moet volgens 'n regsnorm bepaal word en die opvoeder moet besef dat hy 'n sekere regsplig het teenoor die leerders. In baie van die onderhoude was die deelnemers van mening dat die ondervinding van 'n onderwyser-afrigter van kardinale belang is as dit kom by hulle eie en die deelnemers se veiligheid en sekuriteit.

Daar is deelnemers wat hulle bekommernis uitspreek dat sommige onderwysers nie meer wil optree as skeidsregters nie (vergelyk paragraaf 4.3.3.2) omdat daar baie eksterne druk op hulle is. Hierdie druk verwys na die druk van die reëls van die sport en die druk van die ouers. Indien 'n onderwyser-afrigter 'n verkeerde besluit neem, kan dit lei tot 'n hoë mate van druk op sy of haar eie veiligheid en sekuriteit.

5.3.3.3 Skade

Afrigters het 'n baie groot verantwoordelikheid, omdat die kinders dikwels die afrigter blindelings glo, wat in sekere situasies die moontlikheid van skade verhoog. Daar is 'n verskeidenheid gevare wat daartoe kan bydra dat die kind skade kan ly en wat volgens Oosthuizen (2003:97) (vergelyk paragraaf 2.3.1.4)

die onderwyser-afrigter se eie veiligheid en sekuriteit in gevaar kan stel en die leerder se algemene gesondheid moontlik kan laat skade ly of laat agteruitgaan.

Onderwysers kan deur hul onoordeelkundige optrede bydra tot kinders se fisieke beserings, maar ook in 'n groot mate tot hulle emosionele skade. Baie van die deelnemers in die empiriese studie glo dat die kind enigiets vir hulle sal doen indien hulle net in die onderwyser-afrigter kan glo. Die vraag is of die afrigter die nodige kennis en vaardigheid het om die kinders te lei sonder dat daar enige skade aan die kind berokken word.

5.3.3.4 Skuld

In paragraaf 2.3.1.6 is Oosthuizen (2004:71) aangehaal, wat van mening is dat die element wat gewoonlik die meeste probleme veroorsaak, skuld is. Skuld het twee vorme, naamlik opset en nalatigheid. Die meeste van die deelnemers verstaan dit dat 'n onderwyser-afrigter se nalatige optrede kan lei tot aanspreeklikheid. 'n Onderwyser-afrigter moet weet wat sy magte is en daarbinne optree.

Neethling en Potgieter (2010:136) beskryf opset soos volg: “n Toerekeningsvatbare persoon tree opsetlik op indien hy onregmatig optree, terwyl hy bewus is van die onregmatigheid van sy optrede” (vergelyk paragraaf 2.3.1.6). Die meeste onderwysers weet dat lyfstraf onaanvaarbaar is en dat hulle dit nie mag toepas nie. Die kwessie ontstaan egter dat hulle die persepsie het dat dit slegs lyfstraf is waarmee hulle onregmatig kan optree.

Die basis waarop nalatigheid getoets moet word, is die “redelike persoon-toets”. Beckmann en Russo (2005:8) (vergelyk paragraaf 2.3.1.6) verwys daarna as die vraag of die redelike persoon in dieselfde omstandighede die moontlike skade sou kon voorsien het en dit voorkom het. Die meeste van die deelnemers is van

mening dat hulle nie leerders met opset sal seermaak nie. Hulle besef verder dat hulle alles in belang van die kind moet doen en dit is waar die “redelike persoon-toets” van toepassing sal wees.

Die gevolgtrekkings van die tweede datagroep, *sportspesifieke elemente* (soos uiteengesit in paragraaf 4.2), word hierna aan die hand van die twee kategorieë wat daaronder val, opleiding en kennis, bespreek.

5.3.4 Opleiding

Twee temas, naamlik kursusse en inisiële opleiding, het na vore gekom in hierdie kategorie. In paragraaf 2.2.2.1 is daarop gewys dat Samuel en Colditz (2003:1) van mening is dat die funksies van die beheerliggaam in twee kategorieë opgedeel moet word, naamlik algemene funksies en toegewese funksies. Hulle is verder van mening dat die belangrikste en mees bruikbare algemene funksie artikel 20(1)(a) van die Skolewet is, naamlik die bevordering van die beste belang van die skool en die voorsiening van onderwys van gehalte. Hierdie stelling sluit ook buitemuurse aktiwiteite in.

Verskeie van die deelnemers is van mening dat die skoolhoof 'n rigtinggewende faktor in die skool is en dat die beheerliggaam die toestemming moet gee dat daar genoeg fondse beskikbaar gestel moet word vir die opleiding van afrigters. Afrigters moet die geleentheid gegee word om op kursusse te gaan. Baie van die deelnemers voel verder dat daar goeie afrigtingskursusse is wat veral klem lê op vaardigheidsontwikkeling, maar dat daar 'n leemte is ten opsigte van die beskerming van afrigters, gesien uit die oogpunt van regs aanspreeklikheid.

Sommige van die deelnemers wat betrokke was by die studie is van mening dat hulle hul opleiding voltooi het aan uitstekende onderwyskolleges en universiteite. By hierdie instansies is daar baie aandag gegee aan hulle basiese opleiding as opvoeders. Daar is wel 'n mate van kommer rakende hulle inisiële opleiding

omdat dit glad nie klem gelê het op die ontwikkeling van die onderwyser ten opsigte van regs aanspreeklikheid nie.

'n Skoolhoof is van mening, soos bespreek in paragraaf 4.4.1.2, dat universiteite as deel van hulle opleiding moontlik 'n gedeelte kan inbou rondom die bemagtiging van onderwyser-afrigters ten opsigte van die reg en wat daarmee gepaardgaan.

5.3.5 Kennis

'n Deelnemer maak die opmerking in paragraaf 4.4.2 dat kennis nie gekoop kan word nie. 'n Onderskeid kan gemaak word tussen die vermoë om sportvaardighede of -tegnieke oor te dra aan leerders en die ondervinding as afrigter wat die opvoeder rakende die sportsoorte het. Opsommend beteken dit dat die opvoeder, ter verbetering van sy eie sekuriteit, die nodige ondervinding moet opdoen om dan die nodige vaardighede en tegnieke oor te dra aan die leerder.

'n Skoolhoof wat ook 'n afrigter is, maak die stelling in paragraaf 4.4.2.1 dat skolesport die ruggraat vorm vir die verdere ontwikkeling van sportsoorte in Suid-Afrika. Sy bedoeling daarmee is dat, indien sport by skole sou verval, die land se sport ook 'n knou sal kry. Daar is van die deelnemers wat van mening is dat daar baie opvoeders is wat ongelooflik baie kennis besit as dit by sportafrigting kom. Uit die onderhoude het die navorser by van die deelnemers die gevoel gekry dat sportafrigting vir hulle 'n passie in die lewe is. Daar moet gewaak word dat hierdie passie wat hulle wil oordra aan die leerders nie hulle eie professionele beeld laat skade ly nie. In hierdie verband kan verwys word na die Koffman-hofsaak in paragraaf 2.2.1.3 waar die voetbalafrigter in Amerika 'n seun beseer het toe hy iets wou oordra rondom verdedigingstegnieke. Die afrigter wou graag die kennis wat hy gehad het aan die seun verduidelik, maar in daardie stadium was hy emosioneel nie reg om dit te doen nie omdat hy kwaad was.

Ondervinding by opvoeders wat as afrigters optree, is van kardinale belang. Sommige van die deelnemers is bekommerd dat die jonger onderwysers nie meer altyd die geleentheid gegee word om ondervinding op te doen nie. 'n Deelnemer is van mening in paragraaf 4.4.2.2 dat die ondervinding wat hy opgedoen het was om na ander mense te luister en te kyk.

Daar is wel sommige afrigters wat wel ongrondwetlik optree deurdat hulle die kinders emosioneel en fisies afbreek. Dit staan in verband met paragraaf 2.2.1.3 waar daar in die bespreking van die Grondwet gemaak word teen wrede optredes deur die onderwyser-afrigter. Artikel 12(1)(e) dui dit duidelik aan deur die volgende aanhaling: “om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie” (SA, 1996a). Die onderwyser-afrigter moet beseef dat hy sy eie veiligheid en sekerheid in die gedrang bring as hy in stryd met grondwetlike beginsels optree.

Die gevolgtrekkings waartoe gekom is, word hiermee afgesluit. Dit vorm die basis van die aanbevelings wat hierna aangebied word.

5.4 Aanbevelings

Die aanbevelings word weer eens gemaak aan die hand van die vyf kategorieë wat in hoofstuk 4 geformuleer is. Hierdie kategorieë is die Grondwet, onderwyswetgewing, deliktuele aanspreeklikheid, opleiding en kennis. Aanbevelings rakende die deurlopende tema, naamlik die opvoeder se sekuriteit word laastens gedoen.

5.4.1 Die Grondwet

Die onkunde wat by opvoeders bestaan rondom wetgewing is een van die grootste struikelblokke wat die opvoeders het as hulle eie veiligheid en sekuriteit, en dié van leerders, ter sprake is. Die volgende aanbevelings word gemaak op grond van die bevindings in hierdie studie:

- Daar moet gefokus word op kursusse waar die belangrikste wetgewing en regsbeginsels aan die opvoeders verduidelik kan word. Hierdie kursusse moet fokus op daardie aspekte in die wet wat op hulle as sportafrigters van toepassing is. Die uitdaging lê daarin om die teorie op die praktyk van toepassing te maak.
- Dit is belangrik dat onderwyser-afrigters deurentyd menswaardig behandel moet word, aangesien dit hulle sekuriteit beïnvloed. Die aanbeveling is dat die ouers beter ingelig moet word van die skool se kant af. Die ouers moet weet wat hulle posisie is en waar hulle plek is as dit by sportafrigting kom. Die skoolhoof en selfs die sportorganiseerder kan aan die begin van die jaar of kwartaalliks 'n vergadering met die ouers hou en die belangrikste aspekte met hulle bespreek en die relevante inligting rakende die verhouding tussen ouers en afrigters aan hulle deurgee.
- Kinders moet opleidingskursusse bywoon wat handel oor die reëls van die sportsoort. Verder moet daar ook klem gelê word op die korrekte, gedissiplineerde optrede van die leerders tydens sportaktiwiteite. Die leerders moet besef dat hulle ook 'n verantwoordelikheid het wat hulle teenoor die afrigters moet nakom.

5.4.2 Onderwyswetgewing

Onderwyswetgewing is daar om 'n gesonde klimaat in die skool te vestig. Die volgende aanbevelings kan gemaak word rakende die regsbeginsels wat in hierdie wetgewing vervat is:

- Die skoolhoof is die sleutelpersoon in die skool as dit by die toepassing van onderwyswetgewing kom. Die skoolhoof behoort op 'n gereelde basis die nodige opleiding te ontvang rakende die Skolewet en Wet op Indiensneming van Opvoeders. Daar kan veral klem gelê word op

opvoederwangedrag, leerderdisipline, en die funksies van beheerliggame en skoolbesture.

- Die skoolhoof moet ook op 'n gereelde basis die nodige indiensopleidingsessies met die personeel doen. Die klem moet by geleentheid geplaas word op die sportafrigter en die regsbeginsels wat onderliggend is aan regs aanspreeklikheid. Kundiges op hierdie gebied kan betrek word.
- Die Departement van Onderwys moet ook meer gereelde werksinkels belê met sportafrigters en beamptes waartydens hulle die nodige en relevante inligting rakende aanspreeklikheid kan oordra. Ook hier kan regs kundiges betrek word.
- Die skool se beheerliggaam kan 'n gedragskode spesifiek vir sportdeelname opstel vir die leerders, afrigters en ouers. In hierdie gedragskode kan al die reëls van die skool vervat word en sodoende word al die betrokke rolspelers beskerm. Addendum F kan bestudeer word vir so 'n opgestelde gedragskode.

5.4.3 Deliktuele aanspreeklikheid

Die fisiese omgewing waarbinne die sportafrigter die sport afrig, is 'n prominente element wat tot aanspreeklikheid kan bydra. Daar is talle risiko's wat in ag geneem moet word en dit is dikwels voor die hand liggend, maar die onderwyser-afrigter voorsien nie die moontlike skade of beserings nie. Die moeilikheidsvlak van die sportsoort en die apparaat wat gebruik word, kan ook 'n bydraende faktor wees.

'n Ander element wat 'n rol kan speel, is swak kommunikasie. Dit behels kommunikasie tussen die afrigters onderling, tussen die afrigters en die leerders en tussen die skool en die ouers of ondersteuners. Indien hierdie persone nie

voldoende ingelig is nie, kan dit 'n element wees wat kan bydra tot aanspreeklikheid.

Hierdie studie het bevind dat onkunde een van die mees prominente elemente is wat kan bydra tot aanspreeklikheid. Verskeie van die skoolhoofde, afrigters en wedstrydbeamptes het nie 'n idee waarom die term “deliktuele aanspreeklikheid” of die faktore wat daartoe bydra, gaan nie. Aan die hand daarvan word die volgende aanbevelings gemaak:

- Daar moet deur die beheerliggaam en die betrokke organiseerders gepoog word om by alle geriewe waar sport afgerig word, die nodige veiligheidsmaatreëls te tref. As daar byvoorbeeld by 'n skool diskus afgerig word, moet die nodige hokke daarvoor opgerig word en as daar hokkiewedstryde is, moet die gebied agter die doelhokke toegespan word. Daar kan verder gepoog word om die nodige riglyne aan skole deur te gee oor die minimum vereistes waaraan 'n sportterrein met verskillende sportaktiwiteite moet voldoen. Die terreinpersoneel asook die afrigters kan hierdie riglyne as 'n basis gebruik om van te werk.
- Relevante inligting moet gereeld deurgegee word, hetsy mondeling of skriftelik. Afrigters moet dit 'n standaardpraktyk maak om deelnemers op die moontlike risiko's te wys. Daar kan van kennisgewingborde gebruik gemaak word om aan te dui dat 'n gevaarlike sportsoort afgerig word en dat die deelnemers en ondersteuners moet waak teen moontlike gevare wat kan lei tot beserings. Hierdie is veral van toepassing op die swembadarea en daardie dele van die atletiekbaan waar gevaarlike implemente soos spiese en diskusse gebruik word.
- Vir die skoolhoofde en sportorganiseerders behoort gereelde werkswinkels aangebied te word rondom deliktuele aanspreeklikheid en die toepassing van die onderskeie elemente soos skuld en

onregmatigheid. Die onderliggende beginsels, soos dié van die redelike persoon, kan bespreek word en die betrokke persone kan dan self indiensopleiding by hulle skole gaan doen.

5.4.4 Opleiding

Gebrekkige opleiding rakende sowel veilige sportafrigting en -deelname as die onderliggende regsbeginsele is een van die belangrikste aspekte wat uit die studie na vore gekom het. Dit is 'n studieveld wat nog redelik onontwikkel is by sekere van die universiteite in Suid-Afrika waar inisiële onderwysersopleiding plaasvind. Hierdie bevinding is kommerwekkend, aangesien dit onderwyser-afrigters se sekuriteit negatief beïnvloed, en dit is belangrik dat daar wel geskikte mense geïdentifiseer of opgelei moet word om hulle kundigheid te kan oordra aan die persone wat betrokke is by sportafrigting. Die volgende aanbevelings word gemaak:

- Daar moet binne die Departement van Onderwys persone geïdentifiseer word wat oor kennis beskik rakende die veiligheidsaspekte van die sportsoorte. Hierdie persone moet dan genoegsame opleiding verskaf aan die sportafrigters en wedstrydbeamptes.
- Die moederliggame van die verskillende sportsoorte kan meer aandag gee aan regskwessies in hulle afrigtingsklinieke. Kwessies rakende regs aanspreeklikheid kan aangespreek word en die afrigters en beamptes kan gewys word op al die moontlike gevare wat daar kan wees.
- Universiteite regoor Suid-Afrika, en spesifiek Opvoedkundefakulteite, behoort Onderwysreg 'n verpligte module maak in hulle voorgraadse kursusse. Daar kan baie klem gelê word op Sportreg.

5.4.5 Kennis

